
NGKA, 17


# Vrye Weekblad

5 Oktober 1990
Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

## Craven: die legende leef voort

Die groen lig vir 'n rugby-toer?

Jani Allan wys haar ware kleure - en dit bly kakie

Indoktrineer skole nog ons kinders?

Bruinmense lou oor die ANC

# SAP en Inkatha: die getuienis hoop op

OORWELDIGENDE en verdoemende getuienis oor die regstreekse betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse en Kwazulu polisiemagte ter ondersteuning van Inkatha in die gevegte in Natal is drie weke gelede deur 'n ANC-afvaardiging aan Staatspresident FW de Klerk voorgelê. Die dossier van 50 bladsye bestaan nie slegs uit algemene propagandistiese beskuldigings nie, maar bevat ook inligting oor plek, en name van elke bewering.

Die besonderhede van die verslag verskyn in dié nuutste uitgawe van Work in Progress, wat vandag verskyn.

Die polisie word beskuldig dat hulle versuim om township-inwoners tydens aanvalle te beskerm, dat hulle bevooroordeeld is, versuim om sake te ondersoek en mense te vervolg.

Onrusbarend, volgens die verslag, is dat dit nie slegs 'n paar polisiemanne is wat krimineel optree nie, want die beskuldigings behels eenhede en persone wat herhaaldelik teen gemeenskappe wat as simpatiek teenoor die ANC en sy bondgenote gesien word, optree.

* So was daar in Maart 1989 'n spesiale seksie van 'n onruseenheid in die Pietermaritzburg-gebied opgerig om die speurders met in hegtenisnames te help. Kort daarna is verskeie beskuldigings teen lede van dié nuwe eenheid gemaak dat hulle jeugdiges in die Imbali-township aangerand het.

Een jeugdige, Bonginkosi Zondi, het daarin geslaag om 'n tussentydse interdik teen die polisie te kry omdat hy en van sy vriende verskeie male deur die polisie aangerand is.

* In Desember 1989 het ene Willem de Wet, 'n lid van dié eenheid, na bewering 'n jong vrou, Lydia Mazibuko, aangerand. De Wet was ook 'n respondent in die Zondi-saak.

Mazibuko het onmiddellik 'n klag gelê en De Wet 'n week later by 'n uitkenningsparade uitgewys. Tot op datum is De Wet nòg in hegtenis geneem nòg aangekla.

* Op 27 Februarie vanjaar het vlugtelinge van die Tafelberg-gebied na hul huise teruggekom met die verstandhouding dat die Suid-Afrikaanse Weermag 24 uur beskerming aan hulle sou gee. Dit is nie gedoen nie, en die vlugtelinge is weer in Maart aangeval.

* Gedurende Julie is inwoners van Enseleni herhaaldelik deur kriminele elemente, onder aanvoering van die plaaslike warlords, aangeval. Die enigste optrede van die polisie voor die grootste aanval op 8 Julie, was om die huise van die slagoffers vir gevaarlike wapens te deursoek.

Die polisie het dié ondersoeke gedoen op versoek van die warlords wat die gevegte gelei het. Na die aanval het die polisie 'n vergadering van die aanvallers toegespreek, en na bewering hul veiligheid gewaarborg.

* In KwaMashu het die plaaslike warlord, George Vilakazi, na bewering op 6 Junie vanjaar op 'n groep mense gevuur. Een persoon is dood en verskeie ander gewond.

Toe die ouers van die oorledene na die polisie gaan om die voorval aan te meld, het hulle gesien hoe Vilakazi deur lede van die KwaZulu-polisie, (ZP), gelukgewens word. Die polisie het geweier om die aanklag te ontvang.

Regsverteenwoordigers het 'n gedetailleerde verslag aan die hoof van die SAP oorhandig. Dié het die saak weer aan die ZP oorhandig. Niemand is in hegtenis geneem nie en van die polisie is nog niks weer gehoor nie.

* In Maart vanjaar is die huis van Thandi Hlatshwayo deur vigilantes aangeval en haar man is vermoor. Die saak is aan ZP gerapporteer, maar na 40 dae is nog geen verklaring van Hlatshwayo afgeneem nie.

In 'n verklaring is Simpiwe Shozi, die seun van 'n vooraanstaande warlord in Umlazi, as die leier van die aanvallers geïdentifiseer. Regsverteenwoordigers het die saak aan die SAP oorhandig, maar niemand is nog in hegtenis geneem nie.

* In Desember 1988 is 'n Inkatha-vergadering in die Mphophomeni-gemeenskapsaal gehou. Inkatha-ondersteuners is met busse aangery. Gedurende die vergadering het vigilantes die voorsitter van die National Union of Metalworkers of South Africa, voorheen Metal and Allied Workers Union, en twee ander persone ontvoer. Die drie is koelbloedig vermoor. 'n Landdros het bevind dat sekere Inkathalede vir hul dood verantwoordelik was. Niemand is nog in hegtenis geneem nie.

* In Februarie 1989 het 'n landdros bevind dat David Ntombela, 'n lid van die sentrale komitee van Inkatha, verantwoordelik is vir die dood van Angelica Mkhize en haar jong dogter. Ntombela is nog nie aangekla of in hegtenis geneem nie.

* In November 1989 het 'n landdros bevind dat sekere polisiemanne, insluitende 'n stasiebevelvoeder van Nieu Hanover, "moontlik medepligtig" aan die dood van elf inwoners van Trustfeed was. Niemand is nog in hegtenis geneem nie.

* Wat betref bevooroordeeldheid is daar sedert Mei 1989 'n betekenisvolle toename in die aantal aanklagte teen lede van die SAW oor die lastig val van ANC-ondersteuners.

Die beskuldigings sluit in die aanrandings van mense wat daarvan verdink word dat hulle ANC-ondersteuners is, die vernietiging van persoonlike besittings tydens die deursoek van huise, aggressiewe en onbeskofte optrede tydens die deursoek van huise, en die gebruik om Inkatha-ondersteuners toe te laat om gevaarlike wapens te dra.

Terwyl daar in 1989 slegs 10 aanklagte teen lede van die weermag was oor optredes in die townships, is daar in 1990 reeds 50 aanklagte gelê. Tot op datum het die SAW nie daarop gereageer nie.

Dan is dit insiggewend dat van die 1 859 mense wat tussen 1986 en 1989 in die Natalse Middellande in hegtenis geneem is, slegs ongeveer 30 Inkatha-lede of -ondersteuners was.

**- HENNIE SERFONTEIN**

# 'n Sosatie in Vlok se Ystervuis

NA 'n groot bord sosaties en pap en wors het die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, Woensdagaand die aandklokreël in Soweto "verbreek" om te sien hoe dit met die "manne in blou" gaan.

Vlok, saam met 'n groepie joernaliste, 'n paar brigadiers, kolonels en ander rangdraers, wou self gaan sien "hoe dit in Soweto gaan, die poliesmanne sterkte toewens en sien of Operasie Ystervuis geslaagd is". Saam met sy vrou en onder beskerming van Phillip Breytenbach, sy lyfwag, en ongeveer 10 ander gewapendes het ons by padblokkades en later by twee afgekampte hostelle aangedoen.

By 'n padblokkade kort duskant die Jabulani-woonstelle het Vlok uit die Nonquai geklim en met sy North Star-tekkies vir David, Lorraine en Yvonne, inwoners van Soweto, gegroet. Hulle het half-verskrik uit hul huis gekom om te sien wat aangaan.

'n Polisieman het deur die heining voor die huis vir die gesin gevra of hulle vir Vlok ken.

"Nee," het die man geantwoord.

"Dis die minister. Adriaan Vlok," het hy gesê.

"Oo," het die man gesê en die hek oopgemaak.

"Dit is goed om julle mense te ontmoet," het Vlok gesê. "Is die aandklokreël baie ongerieflik?"

"Nee," antwoord Yvonne.

"Is dit darem nou kalm?"

"Ja," antwoord Yvonne.

Op die perskonferensie daarna het Vlok gesê dit is duidelik dat die aandklokreël net 'n tydelike maatreël is en dat hy "aangenaam verras is deur die samewerking van die inwoners van Soweto - kyk nou maar vir David en sy familie met wie ek vanaand gesels het".

Hoewel Vlok herhaaldelik gesê het dat die aandklokreël net 'n tydelike maatreël is, het hy in 'n persverklaring gesê hy voorsien "ernstige probleme in dié gemeenskappe wanneer die aandklokreël gelig word".

"Die aandklokreël was baie effektief as 'n poging om die geweld en ander kriminele dade te stop en hoewel dit nie 'n langtermynmaatreël is nie, voorsien ek groot probleme wanneer dit gelig word."

In sy persverklaring het Vlok ook gesê dat die aandklokreël net ongewild is onder diegene wat voordeel uit die onluste en geweld wil put.

Intussen is daar net honde, papiere en polisiemanne saans op straat in Soweto.

"Ja kêrels, julle oë blink en dit lyk asof die moraal nog hoog is onder julle. Dis baie lekker en goeie ondervinding. Lyk my julle hou hiervan," het Vlok aan 'n groep polisiemanne voor die Merafe-hostel gesê.

"Ek wil julle net bedank vir die opoffering en die goeie werk. En vir julle swart lede ook. Ek weet dit is nie maklik nie."

Nie ver van 'n "We are the future"-plakkaat nie, het 'n polisieman vir mevrou Vlok die lemmetjiesdraad rondom die Jabulani-hostel gewys en gesê dit is "gemaak van regte lemmetjies". Sy het daaraan gevat en gesê: "Ja, dis baie skerp. Niemand sal hier deur kan kom nie. Dit sal jou uitmekaar skeur."

Maar, intussen het die geweld opgehou, 'n spesiale ondersoek-eenheid is op die been gebring om onlusverwante voorvalle te ondersoek en Woensdag is geen voorvalle aangemeld nie.

**- PEARLIE JOUBERT**



**Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, sy vrou en 'n paar polisiemanne bekyk die lemmetjiesdraad van nader**

# Redakteur skuldig weens Matie-storie

DIE redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, is dié week skuldig bevind op twee aanklagte ingevolge die Wet op Beveiliging van Inligting.

Dié aanklagtes volg op 'n berig in Vrye Weekblad in Februarie vanjaar dat die Instituut vir Sowjet-Studies van die Universiteit van Stellenbosch (Issus) 'n front vir die Nasionale Intelligensiediens (NI) was. Die berig is gegrond op 'n dokument wat die hoof van Issus aan 'n senior amptenaar van NI gestuur het en wat aan Vrye Weekblad oorhandig is.

Du Preez word op 26 Oktober gevonnis. Die maksimum straf op elke aanklag is 10 jaar tronkstraf, R10 000 boete of albei.

Die hoof van NI, dr Niel Barnard, het self teen Du Preez getuig in die verhoor wat grotendeels agter geslote deure plaasgevind het.

Landdros Jack le Grange het in sy uitspraak, wat in 'n ope hof plaasgevind het, gesê Du Preez moes reeds by die ontvangs van die dokument geweet het die publisering van dié inligting is 'n wetsoortreding en dat dit tot nadeel van die veiligheid van die staat is.

Du Preez se advokaat, Eric Dane, het gesê dit is in die openbare belang om te weet of 'n akademikus of akademiese instelling vir NI of 'n ander veiligheidsagentskap werk. Hy het gesê dit is in studente se belang om te weet of hul dosent "onafhanklik en objektief is en of hy 'n spioen is".

Dane het aangevoer dat dit 'n koerant se plig is om korrupsie en wandade te ontbloot indien dit in openbare belang is. "Dit is 'n koerant se plig as waghond," het hy gesê.

Die staatsaanklaer, Arno van Wyk, het gesê Vrye Weekblad het die artikel uit "nydigheid" gepubliseer en het gesê dit het 'n "verpletterende uitwerking" op die werksaamhede van NI gehad omdat 'n agent van NI ontbloot is.

"Dit is moeilik om te sien dat Vrye Weekblad wonderlike en edele joernalistieke motiewe gehad het toe die berig gepubliseer is. Ek vra die hof om Du Preez swaar te vonnis," het Van Wyk gevra.


Ter versagting het die redakteur van Southern Africa Report en voormalige redakteur van die Rand Daily Mail, Raymond Louw, gesê Vrye Weekblad speel 'n belangrike rol in die ontbloting van "onsmaaklike" elemente in die Suid-Afrikaanse samelewing en in die verbreding van die vryheid van die pers.

Lucas Oosthuizen, 'n dosent in Kommunikasiekunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, het ook ter versagting getuig. Sy getuienis is in camera aangehoor.

Claire Wright van die firma Bell, Dewar en Hall is die opdraggewende prokureur.

**- PEARLIE JOUBERT**

# Dirk Coetzee getuig oor dit wat Harms nie wou hoor nie



Dirk Coetzee en sy seuns by die Victoria-waterval... In Zambië wil hulle nie meer bly nie.

LONDEN - Een van die grootste lastersake in Suid-Afrika se regsgeskiedenis begin volgende week hier in die Britse hoofstad wanneer kaptein Dirk Coetzee getuienis sal lewer oor twee insidente in 1981 toe hy glo gif by 'n polisiegeneraal gekry het om vermeende ANC-guerrillas mee te vermoor.

Na verwagting sal Coetzee ook getuienis lewer oor die binne- en buitelandse operasies van Vlakplaas in die jare wat die omstrede polisieman die bevelvoerder van 'n moordbende by dié eenheid was. In sy getuienis voor die Harms-kommissie vroeër vanjaar is Coetzee verbied om oor buitelandse operasies te getuig.

Luit-genl Lothar Neethling, assistent-kommissaris van die Suid-Afrikaanse polisie en hoof van die forensiese laboratorium het Vrye Weekblad en Weekly Mail vir altesame R1,5 miljoen gedagvaar nadat hulle Coetzee se moordbende-onthullings in November verlede jaar gepubliseer het.

Neethling sê Coetzee se bewerings is van alle waarheid ontbloot en het sy goeie reputasie onregmatig geskaad.

Vrye Weekblad sê Coetzee se bewerings is nie net waar nie, maar hy het 'n openbare verpligting gehad om die publiek beweerde moordbendes in die polisie in te lig.

Neethling het vroeër vanjaar 'n aansoek ingedien waarin hy gevra het dat sy lastereis reeds voor die einde van vanjaar aangehoor moet word. Na wat verneem word, beoog die generaal om vroeg volgende jaar 'n internasioanle konferensie by te woon en hoop hy om sy reputasie voor dan in ere te herstel.

'n Britse regsgeleerde is in London as kommissaris aangestel en sal as voorsitter tydens Coetzee se getuienis optree. Sy getuienis word in die Press-Centre digby Fleet Street aangehoor.

Coetzee het aan Vrye Weekblad en later aan regter Louis Harms gesê dat hy by twee geleenthede gif by Neethling gekry het waarmee hulle gevange "terroriste" moes verdoof en vermoor. Die mans se lyke is later verbrand.

Coetzee het getuig dat hy eenkeer by die generaal se huis was om van die gif te ontvang. Hy het in sy getuienis 'n beskrywing van die generaal se huis in Pretoria gegee. Neethling het in sy getuienis ontken dat Coetzee ooit in sy huis was.

Na 'n geslaagde hofaansoek, het Vrye Weekblad en sy regsspan verlede week besoek by Neethling se huis afgelê om vas te stel wie se weergawe van die huis korrek is, Coetzee of Neethling s'n.

Die uiteindelike koste van die hofsaak, wat op 12 November vanjaar in die Randse Hooggeregshof begin, kan ver oor R500 000 beloop. Indien Neethling die hofsaak wen, kan vergoeding aan hom een van die hoogste toekennings ooit vir laster wees.

Die twee verskillende regspanne het laat vandeesweek in Londen begin aankom. Vrye Weekblad word verteenwoordig deur adv Bobby Levin, SC, en Frans Rautenbach in opdrag van die firma Bell Dewar and Hall.

Neethling se regsverteenwoordigers is advokate Willy Oshry, SC, een van die strydosse in die regsberoep, wat die afgelope 62 jaar al as advokaat praktiseer en Manny Witz.

Coetzee en sy twee seuns, Dirk 14 en Callie 11, het Woensdag in London aangekom. Hy is vir sowat 'n uur op die lughawe Gatwick vertraag terwyl doane-beamptes sy besonderhede nagegaan het.

Toe hy in April in London getuig het, was hy met sy aankoms eers deur Scotland Yard ondervra. Coetzee bly die afgelope jaar in Livingstone en in Lusaka in Zambië. Sy twee seuns het in Julie vanjaar by hom aangesluit en besluit om by hom te bly.

Sy getuienis sal na verwagting sowat 'n week duur en hy gaan nie net oor vergiftigings in die polisie getuig nie, maar oor sy totale betrokkenheid by moordbendes.

Coetzee het vandeesweek gesê dat hy en sy kinders beslis nie weer na Zambië teruggaan nie. Planne word nou gemaak om hom in 'n Europese land te huisves tot tyd en wyl hy na Suid-Afrika kan terugkom. Hy sal binnekort ook Kuba besoek om 'n knie-operasie te ondergaan.

"Zambië sien my beslis nie weer nie. Dit is bykans onmoontlik om enigsins 'n ordentlike lewe daar te lei en met die gevaar van cholera en malaria is dit ook nie veilig vir die kinders nie," sê Coetzee.

"Jy kan nie iemand wat vir 45 jaar in die beskawing gebly het, verwag om in 'n land te bly waar mens nie eens behoorlik kos kan koop nie. Die korrupsie maak my lam. Sodra beamptes sien jy is 'n buitelander, dink hulle jy het geld en vra omkoopgeld.

"Ek het vir die ANC gesê: Ek kom definitief nie terug nie. Soek asseblief vir my en die kinders iewers anders blyplek, want hier gaan ons nie oorleef nie."

Coetzee, wat vandeesweek sy getuienis voor die Harms-kommissie deurgelees het, het gesê hy verwelkom die geleentheid om weer oor sy ervarings in 'n moordbende te getuig.

"Ek is bitterlik teleurgesteld dat daar na 'n jaar steeds mense is wat twyfel of ek die waarheid gepraat het. Ek het geen behoefte om enigiemand te beïndruk nie. Sou regter Harms my as leuenaar verklaar, sal dit my nie eens pla nie, want ek weet ek het my aandeel in moordbendes probeer regmaak en 'n berg van my gewete af gekry.

"Die een of ander tyd gaan meer polisiemanne wat by moordbendes betrokke was na vore kom en bieg oor hulle betrokkenheid. Net soos dit na die oorlog in Zimbabwe en na die oorlog in Viëtnam al meer en meer soldate na vore gekom het en skielik begin bieg het, sal dieselfde nog in Suid-Afrika gebeur. Dan sal Dirk Coetzee miskien nie meer so mal wees soos baie dink nie."

- JACQUES PAUW

# Rugby: Ver gevorder om deur vir toere oop te maak

'N INTERNASIONALE rugbytoer na Suid-Afrika volgende jaar kan as amper 'n voldonge feit beskou word. Maar dit sal slegs gebeur indien die Suid-Afrikaanse Rugby Raad (SARR) onder leiding van Danie Craven, en die Suid-Afrikaanse Rugby Unie (Saru) onder leiding van Ebrahim Patel saamsmelt om een verenigde, nie-rassige rugbyliggaam daar te stel.

Vereniging van dié twee liggame is 'n absolute voorvereiste vir die opheffing van internasionale boikotte van rugbytoere na Suid-Afrika.

Maar die goeie nuus uit rugby- en politieke kringe is dat die twee liggame reeds ver gevorder is met onderhandelinge en dat eenwording voor die einde van die jaar nou moontlik is.

Twee maande gelede het die twee liggame 'n gesamentlike vergadering gehou. Daar is toe 'n gesamentlike werkkomitee saamgestel wat die afgelope tyd druk agter die skerms aan die werk was.

Die werkkomitee het dié week in Kaapstad vergader en die proses is in 'n delikate stadium. Hoewel die gevoel in SARR-kringe is dat daar nog ernstige probleme voorlê, is ANC-bronne optimisties dat eenwording binnekort moontlik is.

Daar is oënskynlik groot verwarring oor die moontlikheid van 'n internasionale rugbytoer wat dié week in die pers uitgespreek is.

Eerstens word verkeerdelik die indruk geskep dat dit 'n toer van Craven se SARR sal wees. Tweedens is beweer dat die ANC sy onverbiddellike teenkanting teen rugbytoere volgende jaar sal ophef.

Craven sê hy is verseker deur 'n "derde persoon" dat die ANC nie volgende jaar 'n rugbytoer na Suid-Afrika sal teenstaan nie, mits die pas van politieke veranderings nie afneem nie.

Dit is egter heel duidelik dat 'n internasionale toer slegs kan plaasvind as twee stappe vooraf geneem word:

* die skepping van 'n enkele, nie-rassige rugby-liggaam;
* 'n gesamentlike besluit deur die ANC, politieke organisasies soos dié binne die Mass Democratic Movement en sportliggame soos die National Sports Congress, dat apartheid se dae in rugby getel is. Só 'n nie-rassige liggaam sal dan "beloon" word deur die opheffing van die rugby-boikot.

Steve Tshwete, 'n lid van die ANC se NEC, is bevrees dat die persbespiegelings die huidige delikate onderhandelings kan skaad.

In 'n onderhoud sê hy: "Die bewerings dat Suid-Afrikaanse rugby weer tot die internasionale kompetisie toegelaat word, is absoluut ongegrond.

"As só 'n toer plaasvind, wie se toer is dit dan? Dié van die SARR, of dié van Saru? Die ANC sê dat die eerste stap die skepping van 'n enkele, nie-rassige rugbyliggaam is. Die gesprekke hieroor is aan die gang, is ver gevorder en is op koers met 'n wedersydse begrip en die gemeenskaplike toewyding van albei liggame om te verenig.

"As dit eers plaasgevind het, sal die ANC en ander liggame oor internasionale boikotte besluit. Ons sal sekerlik nie vra dat 'n anti-apartheids-, nie-rassige liggaam langer geboikot moet word nie."

- HENNIE SERFONTEIN



Steve Tshwete en sy Matlesdas

# Grassroots-strukture seëvier in die

**HENNIE SERFONTEIN ontleed die verkiesing van die leierskap van die eerste uitvoerende komitee van die Wes-Kaapse streek van die ANC**

DIE uitslag van die leierskapverkiesing verlede naweek van die Wes-Kaapse streek van die ANC word gesien as 'n oorwinning vir die grassroots-strukture van die party en die ondersteuners van Allan Boesak.

Ook was dit 'n terugslag vir sekere leiers van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en lede van die ANC se tussentydse leierskomitee. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle Boesak uit die party gehou het.

En dit is baie betekenisvol dat die ANC-veteraan Christmas Tinto as die eerste president van die Wes-Kaapse streek verkies is.

In 'n onderhoud verlede week met Vrye Weekblad, het Tinto hom skerp uitgelaat teen die ANC-leiers Trevor Manuel en Johny Issel wat Boesak versoek het hom aan die politiek te onttrek. Manuel en Issel is na bewering lede van die SAKP.

Ook het hy in die onderhoud bevestig dat hy Cheryl Carolus - een van die 22 lede van die SAKP se nasionale leierskap - versoek het om te besluit of sy die ANC of die SAKP wil verteenwoordig. Sy kon nie leier van albei wees nie. Carolus - ook 'n Boesak-opponent - het haar toe van die ANC-leierskapverskiesings onttrek en gaan nou al haar aandag aan die SAKP in Wes-Kaapland wy.

Dit is betekenisvol dat Tinto dié week 'n onderhoud met Boesak gehad het. Daar is geen twyfel nie dat die oorwinnings van die Tinto-kamp die weg baan vir Boesak om later by die ANC aan te sluit.

Die verkiesing van die nuwe Wes-Kaapse bestuur laat die kollig op interessante ontwikkelinge en tendense binne die ANC val.

Tinto is al van September 1951 'n lid van die ANC, en het onder andere vir Reggie September verslaan wat vanjaar na dertig jaar van ballingskap na Suid-Afrika teruggekeer het. Hy was 'n aantal jare hoof van die belangrike Londense kantoor van die ANC en word beskou as 'n toegewyde lid van die SAKP. Hy is ook 'n lid van die nasionale uitvoerende bestuur (NEC). Al drie mense wat tot die ander poste verkies is, is nie as deel van die vorige leierskapskring beskou nie.

Hilda Ndude, die vise-president, het as streek-sekretaresse van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue sterk ondersteuning op grondvlak geniet. Daar was aanslae op haar lewe en haar man was 'n politieke gevangene.

Tog het sekere persoonlikhede in die ANC beswaar gemaak by 'n onlangse konferensie in Amsterdam dat sy as woordvoerder van die vroue optree.

Amos Lengisi, 'n gewese Robbeneilander, is die nuwe sekretaris, terwyl Bulelani Ngcuka die tesourier is. Hy is nog maar in sy vroeë jare dertig, maar het reeds 'n indrukwekkende loopbaan agter die rug: eers as leerlingklerk vir die vermoorde Griffiths Mxenge en later in 'n senior diplomatieke pos van die VVO in Genève, Switserland.

Trevor Manuel, na buite een van die belangrikste leiersfigure in die Kaapse UDF en ANC se tussentydse leierskap, is slegs in die vyfde plek op die rangorde. Hy beklee die belangrike pos van publisiteitsekretaris.

Die jong Neville van der Rheede is bekend vir sy gebalanseerde nugtere uitkyk. Hy is die politieke opvoedingsbeampte.

Reggie September, James Stuart, ook lid van die NEC, Johny Issel en Dullah Omar is



# Kaap

as addisionele lede verkies.

In ANC-kringe is daar verbasing dat Issel, bekend vir sy "grassroots"-werk, nie tot 'n hoër pos verkies is nie. Sy botsing met Carolus voor die verkiesing en sy rol in die veldtog teen Boesak, kon moontlik teen hom getel het.

Dit word beweer dat as September nie lid van die NEC was nie, hy nie tot die leierskap verkies sou gewees het nie. Sedert sy terugkeer het hy geen impak op die politieke toneel gemaak nie. Een van die grootste besware teen hom is dat hy nie meer kon of wou Afrikaans praat nie. Dit beteken dat hy geen politieke toegang tot die bruin bevolking, veral in die plattelandse gebiede, gehad het nie.

Basil Davidson, 'n onbekende, is die enigste blanke lid. Die ander verkose lede word ook as Boesak-ondersteuners beskou. Hulle is Reggie Oliphant, die vuurvreter redakteur van Saamstaan op Oudtshoorn; Chris Nissan, 'n oud-predikant en Williams van Atlantis.

# ANC verontrus oor gebrek aan geesdrif

'N KENMERK van die verkiesing is dat die eerste vier poste almal deur swartmense van die townships gevul is. Dit was teen alle verwagtinge in en het gesoute Kaapse waarnemers verbaas.

Die helfte van die land se bruin bevolking woon in die Kaapse Skiereiland-gebied, en 75 persent in Wes-Kaapland.

Maar die samestelling van die 18 000 ANC-lede in die Wes-Kaapse streek dui op 'n baie belangrike politieke ontwikkeling - iets wat die ANC-leierskap behoort te verontrus.

Want van die 14 841 lede in die Kaapse stedelike gebied, kom 11 745 uit die swart townships - Crossroads, Khayalitsha, Guguletu, Nyanga en Langa. Die twee groot bruin dorpe - Athlone en Mitchells Plain - met ver meer as 100 000 inwoners - het slegs 360 en 633 lede onderskeidelik.

Elsiesrivier, met sy 10 000 bruin mense, armoede en geskiedenis van polisie-onderdrukking het slegs 167. Dit is die verhaal in al die bruin gebiede.

In die plattelandse gebiede is daar slegs 3362 lede, waarvan slegs 2 000 bruin mense is.

Kapenaars sê daar is verskeie redes vir die gebrek aan geesdrif by die bruin bevolking. Hulle is meestal baie godsdienstig, redelik konserwatief, anti-kommunisties en Afrikaanssprekend. Die hoofsaaklik "Engelse marixistiese" aanslag, het min inslag onder hulle gevind.

Tweedens is daar geen twyfel nie dat die afwesigheid van Boesak die ANC sterk geknou het. Met sy charisma, politieke vernuf en kerklike agtergrond, is hy waarskynlik die enigste leier wat 'n politiek radikale boodskap aan hulle oordra.

Dit sou egter totaal verkeerd wees om die Wes-Kaapse situasie as 'n etniese konflik tussen swart- en bruin te sien. Daarvan getuig die feit dat daar geweldige sterk ondersteuning vir Boesak in die swart gebiede is. Hy word uitgenooi na ANC-vergaderings en is lidmaatskap van verskeie swart takke aangebied.

VREEMD DOG WAAR: ELEKTRIESE LIG IS GOEDKOPER AS KERSLIG.

AS JY BYVOORBEELD 'N 40W-GLOEILAMP VIR 10 UUR BRAND TEEN GEMIDDELDE ESKOM-ELEKTRISITEITSPRYSE, SAL DIE KOSTE MINDER AS 10 SENT BELOOP.

SELFS AS DIE PRYS VAN DIE GLOEILAMP BYGEREKEN WORD, SAL DIT JOU TOTALE KOSTE MET MINDER AS 1 SENT VERHOOG.

OM DIESELFDE LIG DEUR MIDDEL VAN 'N KERS TE VERKRY, MOET 40 KERSE GEBRUIK WORD, MAAR TEEN 'N GEMIDDELDE PRYS VAN 30 SENT PER KERS, SAL DIE TOTALE KOSTE R12,00 WEES.

DAARBY IS ELEKTRIESE LIG GERIEFLIKER, VEILIGER EN BETROUBAARDER — EN DIT SAL NOOIT OP JOU TAFELDOEK DRUP NIE.

WANNEER JY DUS VOLGENDE KEER 'N GELEENTHEID BY KERSLIG VIER, MOET JY ONTHOU DAT DIE SJAMPANJE EN KAVIAAR NIE DIE ENIGSTE DUUR ARTIKELS OP DIE TAFEL IS NIE.

VERGELEKE MET ELEKTRISITEIT IS KERSE NIE JUIS GOEDKOOP NIE!

ESKOM

MAAK JOU LEWE 'N BIETJIE MAKLIKER.

'N ROMANTIESE ETE BY KERSLIG SOU MINDER KOS INDIEN JY DIE LIG AANSKAKEL.

DIE AGENTSKAP 5852/A/P

## Wêreld

### Europese eenheid?
"Ons is besig om stewig te vorder op pad na ekonomiese en monetêre vereniging," sê kanselier Helmut Kohl met die hereniging van die twee Duitslande oor planne vir Europese eenheid. "Saam met ons vennote wil ons 'n enkele Europese mark in 1992 voltooi," sê hy. Ander Europese leiers spreek egter privaat hul kommer oor die nuwe Duitse mag op hul grense uit.

### Werkloos
Die Oos-Duitse ambassadeur in Namibia se diplomatieke loopbaan eindig na veertien jaar met die hereniging van die twee Duitslande. Hy gaan in die land agterbly en hoop om homself in die private sektor te vestig.

### Staking verby
Na die langste staking in die geskiedenis van Zaïre keer staatsamptenare terug werk toe. Hul terugkeer word gekortwiek deur swaar reën wat die openbare vervoerdiens ontwrig.

### Japanse maatreëls
Die Japanse regering kondig spesiale maatreëls aan om die voortgesette daling in aandeelpryse op die Nikkei-beurs te probeer stuit. Die beurs se indeks het dié week op sy laagste in amper vier jaar gestaan. Tot dusver vanjaar het dit neergekom op 'n vermindering van 48 persent.

### Oekraïne betoog
Sowat 20 000 mense van Sowjet-Unie se tweede grootste republiek, die Oekraïne, betoog buite die parlement in Kiev teen die kommunistiese leierskap. Terwyl die leiers hulle agter vensters dophou, skreeu die betogers: "Vryheid vir Oekraïne!" en "Weg met die Unieverdrag!"

### Gasmaskers
Die Israeliese weermag gaan gasmaskers uitdeel aan Israel se burgerlike bevolking na dreigemente deur Irak om Israel aan te val. Maar dit beteken nie daar word 'n noodtoestand ingestel nie, sê 'n regeringswoordvoerder.

### Wat vier hulle?
Honderde gevangenes word vrygelaat om drie dekades van onafhanklikheid in Nigerië te vier. In 'n hoofartikel op die voorblad, skryf die land se amptelike koerant egter: "Dertig jaar nadat die juk van Britse imperialisme afgegooi is, is daar nie veel om oor fees te vier nie."

### Olieproduksie normaal
Terwyl die skaakspel in die jongste Golfkrisis voortsleep, keer olieproduksie deur Opul-lande terug na dieselfde vlak, 22,4 miljoen vate per dag, as wat dit voor die verlies van Irak en Koeweit se produksie was.

### Britte en kernwapens
Brittanje sal nie met kernwapens terugslaan ingeval van 'n aanval met chemiese wapens deur Irak nie. "Dit is nooit eens aan my gesuggereer nie," sê 'n Britse generaal in Duitsland in reaksie op berigte in die pers dat Brittanje wel so iets beoog.

### Diergaardt trek
Die Baster-leier, Hans Diergaardt, verlaat die Namibiaanse staatshuis in Rehoboth waarin hy woon sedert hy in die vorige staatsbedeling tot voorsitter van die Basters se etniese owerheid verkies is. Hy het aanvanklik geweier om die huis te verlaat, maar nadat die staat 'n hofbevel gekry het om die polisie te beveel om hom te verwyder, kondig Diergaardt aan dat hy die stryd gewonne gee.

### 2 doodgeskiet
Britse soldate skiet twee jong plesiersoekers in Belfast dood wat deur 'n padversperring probeer bars het. Dit is 'n algemene gier in Wes-Belfast en Noord-Ierse politici erken dat dit moeilik is om te besluit wat om daaraan te doen, maar dat dit nie nodig is om oortreders dood te skiet nie.

### Plan uitgestel
Die Russiese Federasie besluit om die instelling van die "500 dae"-plan, waarvolgens sosialisme met kapitalisme in die grootste van die Sowjet-Unie se vyftien republiek vervang gaan word, met 'n maand uit te stel.

### Rushdie-rolprent draai
Die Pakistanse rolprent "International Guerrillas", wat die skrywer Salman Rushdie voorstel as 'n dronkaard wat Moslems martel, word die eerste keer in Brittanje gewys. Dit draai in die Pakistani-oorheersde stad Bradford, waar die grootste betogings teen Rushdie in die verlede plaasgevind het. Min mense woon die vertonings by.

### Patrick White oorlede
Een van die grootste skrywers van die twintigste eeu, Patrick White, sterf op 78 na 'n kort siekte in sy huis in Sydney, Australië.

### 'Boring, boring...'
Lede van die Suiderkruis-organisasie in Australië probeer 'n optog deur Sydney se rooiligdistrik hou. Hoewel hulle megafone het, keer duisende punks, prostitute en transvestiete dat die kruisvaarders gehoor word deur te skree: "Boring, boring, boring!"

### Wortels help
Inwoners van dorpies in die Zambesi-vallei in Zambië eet gekookte cimpana-wortels om die langdurige droogte in die gebied te probeer oorleef. Toe hulle klein was, is hulle in verhale deur hul ouers vertel dat dié soort wortel in tye van hongersnood kan help, sê die inwoners.



Don In South

## Suid-Afrika

### 3 aangehou
Drie mans word in hegtenis geneem in verband met die dood van 26 mense op 'n trein naby die Denver-stasie in Johannesburg.

### Hani-hupstoot
Die vredesproses kry 'n welkome hupstoot met Chris Hani, stafhoof van Umkhonto we Sizwe se herbevestiging van MK se steun vir 'n onderhandelde skikking.

### Winnie verkies
Winnie Mandela word tot 'n streekskomitee van die ANC in Alexandra, Johannesburg verkies.

### Wapens terug
Piet "Skiet" Rudolph doen 'n beroep op ver-regses om hul wapens in te handig. Die eerste reaksie is twee pistole wat in 'n vullisblik in die Pretoriase middestad gelaat word. Teen die einde van die week is die meeste van die wapens wat onlangs deur ver-regses gesteel is, weer teruggegee.

### Kommerwekkend
Dit is kommerwekkend dat niks gedoen word om staatsamptenare voor te berei vir die veranderinge wat sal intree met die instelling van 'n handves van menseregte nie, sê regter Pierre Olivier, onder-voorsitter van die SA Regskommissie.

### Kommerwekkend II
In Augustus is 666 mense beseer in optredes deur die polisie regdeur die land, en 65 mense is dood en 1 409 in hegtenis geneem, volgens 'n verslag van die Menseregtekommissie. Weens vigilante-optredes is 1 642 mense beseer, en het 639 gesterf. Moordbendes was verantwoordelik vir 3 beseerdes en 1 sterfte, en ver-regse groepe vir 24 beseerdes en 4 sterftes.



Macnelly in Chicago Tribune

### Skole leeg
Klasbywoning toon geen verbetering nie nadat die departement van onderwys en opleiding sy skole Dinsdag heropen het. Sommige streekskantore ervaar "sit-ins" deur leerlinge wat eis dat hulle ses studie-hulpmiddels by die departement kry pleks van drie.

### Wette waai
Pres FW de Klerk vergader saam met leiers van die nie-onafhanklike tuislande. Na afloop hiervan word aangekondig dat wette wat swart grondbesit reguleer, afgeskaf gaan word.

### Mchunu skuil
Johnny Mchunu, lid van die ANC, soek skuiling by die Amerikaanse konsulaat in Durban nadat sy gesin weke lank al probeer om 'n hofbevel te kry dat die polisie bekend maak waar hy hom bevind. Die polisie het gesê hulle het hom nie weer gesien nadat hulle hom op 'n verlate rugbyveld ondervra het nie. Die ANC beweer hy is deur "askari's" aangehou.

### Pakketbom
'n Jong rekenaarkundige sterf in Durban nadat 'n pakketbom ontplof terwyl hy daaroor buk. Die firma in wie se diens hy was, het gereeld werk vir linkse organisasies, onder meer die ANC, gedoen.

### Toyi-toyi oor krag
Vyftig werkers van die Poskantoor toyi-toyi en swaai plakkate buite die hoofposkantoor in Johannesburg uit protes teen buitensporig hoë kragrekeninge by die Poskantoor se behuisingskompleks in Soweto. Die Poskantoor trek tot R450 van hul lone af, sonder om meterlesings te doen, sê een van die betogers. Sommige huise het nie eens meters nie, sê hy.

### Geen dwang
Inwoners van Edendale naby Pietermaritzburg wat vroeër vanjaar uit die gebied gevlug het weens geweld, sal nie gedwing word om daarheen terug te keer nie. Hulle sal alternatiewe gebiede kry waar hulle hul sal kan vestig, sê Tertius Delport, onder-minister van provinsiale sake.

### Dwang
"Dis 'n regstreekse dwangmetode om mense te dwing om hul rekeninge te betaal," sê die stadsekretaris van Vosloorus, Dries Vrey, oor die afsnyding van krag saans na huise in die township. As hulle die krag bedags afsny, sê hy, sal mense sê die stadsraad doen niks nie en steeds nie hul rekeninge betaal nie.

### Gatsha wil nie praat
Hoofman Mangosuthu Buthelezi wys 'n uitnodiging van die hand om saam met ander tuislandleiers samesprekinge met die ANC te voer. Die vorm wat die vergadering vandag sal aanneem, sal nie die geweld aan die Rand keer nie, sê hy. Later sê Buthelezi dat 'n ontmoeting tussen hom en Nelson Mandela duidelik nie binnekort sal plaasvind nie.


### Nywerhede bevuil
Suid-Afrikaanse nywerhede stort elke jaar 1 miljoen ton as en 1 miljoen ton swaeldioksied in die lug. Hierbenewens word petrochemiese rookmis vrygestel wat bekend is vir die nadelige uitwerking wat dit op mense se gesondheid het. Tog monitor die staat die rookmis glad nie, sê die Leaf-omgewingsgroep van die Universiteit van Natal.

### Bom by huis
'n Tuisgemaakte bom ontplof in Waterkloof, Pretoria by die huis van die Amerikaanse ambassadeur, William Swing.

### NP 60
Net sestig mense daag op by die Nasionale Party se eerste vergadering in Randburg in sy veldtog in die tussenverkiesing wat ontstaan het na die bedanking van Wynand Malan as LP.

# Word ons kinders geïndoktrineer?

## Goeie burgerskap in 'n nuwe Suid-Afrika, of 'n sinistere poging om wit skoolkinders te indoktrineer - Wat is die doel van die geheimsinnige Burgerskap-opvoedingsprogram wat tans by 55 wit regeringskole in die land op die proef gestel word? CHRISTELLE DE JAGER stel ondersoek in



*"Daar is miskien goeie bedoelings daaragter, maar soos dit nou van 'n eng wit perspektief aangepak word, kan dit dié kinders wat dit veronderstel is om voor te berei vir 'n nuwe Suid-Afrika net 'n onreg aandoen."* - Prof Martin Trümpelman, professor in Didaktiese Wetenskap by die Randse Afrikaanse Universiteit.

*"Selfs PW Botha het gesê almal in Suid-Afrika het nou 'n gemeenskaplike burgerskap. Om dan so 'n program net by wit skole aan te bied, en nie insette van ander rasse se onderwysdepartemente te kry nie, skaar glad nie by FW de Klerk se beeld van 'n nuwe Suid-Afrika nie, en berei niemand vir niks voor nie."* - Franz Auerbach, 'n voormalige onderwyser en bekende opvoedkundige navorser.

Dit is die mening van twee opvoedkundiges oor die omstrede Burgerskap-opvoedingsprogram nadat hulle dié inhoud daarvan bestudeer het.

Dié program, wat vroeër vanjaar in die parlement deur die minister van Onderwys en Kultuur, Piet Clase, aangekondig is, is veronderstel om leerlinge voor te berei om die "onsekere toekoms" in Suid-Afrika weens grondwetlike veranderinge te hanteer. Dit is al wyd gekritiseer en word uit verskeie oorde met agterdog bejeën.

Volgens Clase sal daar minder klem op die tradisionele kadet-programme geplaas word en dié burgerskap-opvoedingsprogram sal vir 'n jaar op die proef gestel word. Hy het geen verdere besonderhede daaroor bekend gemaak nie.

Volgens ingeligte bronne was die oorspronklike doel van die program om wit kinders by regeringskole voor te berei op 'n snel-veranderende Suid-Afrika waarin hulle in die toekoms baie meer met mense van ander rassegroepe sal moet meng én gemengde skole sal moet bywoon.

Daar is gemeen dat wit kinders altyd 'n geïsoleerde lewe gelei het en dus nie op 'n toekoms, waarin hulle kultuur bedreig kan word, voorberei is nie.

'n Finale besluit oor die implementering van die program sal volgende jaar geneem word nadat die proefskole aan die einde van die jaar vergader het om terugvoering daaroor te gee.

Die geheimsinnigheid en die militêre en politieke aanslag van baie van die voorgeskrewe onderwerpe het die agterdog laat ontstaan dat die doel van die program is om die regering se Christelik-Nasionale opvoedingsbeleid te behou.

Die Demokratiese Party, die Konserwatiewe Party en opvoedkundiges het reeds hul kommer uitgespreek oor die politieke motiewe van die program.

Onderwyswoordvoerder van die DP, Roger Burrows, het die departement uitgedaag om te sê of die program deel is van 'n "geheime" agenda" om die belange van witmense te beskerm.

Hy sê as dit nie afgeskaf word nie, fundamentele vrae oor die regering se verbintenis tot 'n nuwe Suid-Afrika gevra moet word.

Raymond Louw, voormalige redakteur van die Rand Daily Mail, vergelyk die voorgestelde vakke in die konsep-program met dié wat voor die Tweede Wêreldoorlog in fascistiese lande in Europa aangebied is.

Die KP het protes aangeteken omdat hulle meen die program gaan deur die regering misbruik word om wit kinders te oorreed om integrasie te aanvaar.

Die onderwysers van proefskole met wie Vrye Weekblad gepraat het, was egter opgewonde oor die moontlikhede van dié program.

Hulle was veral bly oor die geleentheid om onderwerpe soos multikulturele verhoudinge met leerlinge te bespreek, en dink nie dit verteenwoordig 'n geheime politieke agenda nie.

"Die kinders in my klas het in die algemeen positief gereageer op die aanvaarding van gemeenskaplike belange, maar het bitter min geweet van die lewens van ander rassegroepe. Miskien meer van die Indiërs en bruin mense, maar omtrent niks van swartmense nie.

"Die leerlinge was definitief nie voorbereid op iets soos oop skole nie. So 'n program kan baie help, mits dit reg gebruik word," sê een Afrikaanse onderwyser.

Die hoof van nog 'n Afrikaanse skool waar die program getoets word, sê sy skool sou nie aan die eksperiment deelgeneem het as dit politiek bedryf het nie.

"Ons is nie hier om die werk van politieke partye te doen nie, en as 'n geheime politieke agenda die doel is, dan is ek daarteen," sê hy.

Trümpelman sê hoewel dit 'n goedbedoelde poging is, word dit heeltemal vanuit 'n verkeerde "wit" uitgangspunt benader. "Ek het niks teen die basiese idee, of die vakke wat aangebied word nie, en 'n kulturele studies-program is noodsaaklik in die toekomstige skoolleerplan in 'n nuwe Suid-Afrika.

"Maar hoekom moet alles so geheimsinnig gehou word. As jy werklik so iets wil laat werk, moet jy oop wees vir voorstelle van 'n wye spektrum van mense en groepe. In dié geval is selfs erkende wit onderwysersliggame nie geraadpleeg nie.

"Burokrate en onderwysers, wat volgens die ou apartheid-ideologie opgelei is en nog grootliks vasgevang is in dié denkpatrone, ontwerp en voer die program uit.

"Dit is onmoontlik vir hulle om dan in terme van 'n wyer perspektief van burgerskap te dink, en dit aan wit kinders oor te dra."

Trümpelman sê die program, soos dit nou aangebied word, doen wit kinders 'n onreg aan deurdat die eng, wit perspektief daarvan hulle steeds verkeerdelik laat glo dat hulle in die toekoms in beheer gaan wees.

"Om byvoorbeeld Die Stem as 'n nasionale simbool te gebruik, sonder om in ag te neem dat dit miskien oor twee jaar nie meer die nasionale volkslied van die land gaan wees nie, berei hulle glad nie voor op 'n nuwe Suid-Afrika nie."

Auerbach sê ook hy het geen beswaar teen die onderwerpe wat in die program vervat is nie, maar as dit nie reg beplan en aangebied kan word nie, kan die uitslae daarvan net nadelig wees.

"Daar bestaan 'n groot behoefte om jongmense voor te berei op 'n veranderende Suid-Afrika, maar kinders van alle rasse het dit nodig. As ons praat van 'n nuwe Suid-Afrika, dan praat ons sekerlik van 'n gemeenskaplike burgerskap. Om jongmense werklik op verandering voor te berei, móét so 'n program vanuit 'n breër perspektief aangebied word."

Auerbach sê om in te pas by 'n nuwe Suid-Afrika, en een toekomstige onderwysstelsel, moet so 'n program deur Nasionale Opvoeding in oorleg met al die onderwysdepartemente beplan, en in álle skole aangebied word.

As dit nie gebeur nie, sê hy, kan die program net verdag wees.

Woordvoerders van al die onderwyserverenigings waarmee Vrye Weekblad oor dié program gesels het - die South African Teachers' Association, die Natal Teachers' Society en die Transvaal Teachers' Association - het gesê hulle weet min daarvan af. Hulle het nie eens geweet by watter skole dit op die proef getsel, of wat die inhoud daarvan is nie.

Volgens Dave Reiman, die president van die Natal Teachers Society, het hulle terloops van die program gehoor en het glad nie die inhoud daarvan gesien nie.

"Persoonlik dink ek nie dit was veronderstel om 'n sinistere politieke plan te wees nie. Ek dink die mense wat die program ontwikkel het, het geen kontak met die mense aan die spits van verandering nie," sê hy.

## Só lyk die program

VRYE WEEKBLAD het 'n afskrif van die programhandleiding van die Burgerskap-opvoedingsprogram in sy besit.

Die voorgeskrewe vakke is: Veiligheid van 'n Staat; Nasionale Diensplig; Moderne Oorlogvoering; Struktuur en Werking van die Suid-Afrikaanse Weermag; Die Rol van 'n Weermag en Polisie; Verkeersveiligheid; Demografiese Tendense; Burgerlike Gehoorsaamheid en Ongehoorsaamheid; Kerk, Staat, Skool en Gesin; Patriotisme; Verhoudinge in 'n Multikulturele Samelewing; Die Beeld en Bemarking van Suid-Afrika; Staatswerksaamhede; Strukturele Ordening van Staatswerksaamhede; Hervorming en Ontwikkeling, Die Reg.

Die algemene riglyne vir die aanbieding van elke vak word uiteengesit, maar dit word beklemtoon dat dit geensins 'n voorskrif aan die onderwyser is oor hóé en wát hy moet aanbied nie.

Verhoudinge in 'n multi-kulturele samelewing geniet die meeste aandag en verskeie lesse word daaraan afgestaan.

Sterk klem word gelê op die betekenisse van gelykwaardigheid, menswaardigheid, respek en begrip vir mekaar, asook die "kultuurbehoeftes" van verskillende groepe in 'n multikulturele samelewing.

In 'n ander les word gesê dat leerlinge kontak tussen mense uit verskillende kultuurgroepe moet bespreek en moet onderskei tussen kunsmatige en natuurlike kontak tussen mense.

Volgens dié les moet daar besin word oor die "nadelige uitwerking wat gedwonge of onnatuurlike kontak tussen kultuurgroepe kan hê".

"Norme en waardes waarna almal in Suid-Afrika saam kan strewe" en "gemene dinge waarin jongmense belangstel of nie hou nie" word bespreek, asook verskille tussen die kultuurgroepe.

Patriotisme, die vak, sluit in onderwerpe soos "ons eer ons helde" en "nasionale simbole". Die sogenaamde doelstelling van nasionale simbole is: "Om te verseker dat die leerling met die nasionale simbole bekend is en om eerbied en trots daarteenoor te ontwikkel."

Leerlinge "behoort te kan verstaan wat die oorsprong van die landsvlag, die volkslied en die landswapen is" en die "belangrikheid van eerbetoon aan hierdie simbole" begryp.

Die gestelde doelwitte van "Ons eer ons helde" is onder meer "om hulde te bring aan ons helde" en om "deugde soos dapperheid, offervaardigheid en 'n gevoel van eie trots by die leerlinge te beklemtoon".

Onder "Die Beeld van die RSA" word daar gekyk na die positiewe en negatiewe beelde van die RSA met die doelwit "om by die leerling 'n positiewe, gebalanseerde beeld van die RSA te vestig".

Onder die positiewe beeld van die RSA tel "Die RSA se leiersrol in Afrika", "Suid-Afrika se plek en rol in die internasionale state-gemeenskap" en "prestasies op ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese terreine".

Onder die negatiewe beeld van die RSA word daar gekyk na "die na-oorlogse openbare mening teen kolonialisme en rassisme" en "kritiek op die staatkundige ordeningsmodel van Suid-Afrika".

# Ontmoet Jani, die kugel met die designer-swastika



Jani Allan

**Jani Allan, gewese rubriekskryfster van die Sunday Times, het al 'n hofsaak gewen teen 'n koerant wat oor haar verhouding met die AWB-leier, Eugene TerreBlanche, geskryf het. 'n Mens wil haar die voordeel van die twyfel gee dat sy nooit 'n seksuele verhouding met dié bebaarde Boer gehad het nie. Maar dit is nou duidelik dat hulle iets anders in gemeen het: ver-regse paranoïa en 'n erg rassistiese siening van Suid-Afrika. Allan het dié week met 'n nuwe rubriek in die prikkel-tydskrif Scope begin wat sy Fire and Ice noem. MAX DU PREEZ neem ernstig aanstoot**

KYK, ek kan nog 'n plattelandse of 'n voorstedelike Afrikaner hanteer wat bang is vir "swart oorheersing" en weens sy agtergrond en isolasie nog glo 'n demokratiese Suid-Afrika gaan die einde van sy wit vel beteken.

Maar as dieselfde sentimente uit 'n ryk Engelse lipstiffie-mond kom en dit nog een wat in Londen sit, dan roer dit goed binne-in my wat lanklaas geroer is.

Allan se rubriek is die aanstootlikste stuk joernalistiek (joernalistiek?) wat ek in 'n baie lang tyd gelees het. En dit sluit die KP se Die Patriot en die HNP se Die Afrikaner en die Boerestaat-nuusbrief in.

Racist chic. Soos iemand wat met 'n hoëhak Gucci-skoentjie kerplaks! in 'n bol pap mis trap.

Ek het geen beswaar teen 'n robuuste skryfstyl nie, veral nie as dit by die politiek kom nie. Inteendeel. Maar dan word styl, goeie smaak en skerp insigte nog belangriker. Allan kwalifiseer nie op een van dié vereistes nie. Haar gedagtes kom onverdun en ongeraffineer uit die sweterige kakie-en-kamaste-binnekringe van die AWB.

Enigiemand met matriek wat skryf dat die afskaffing van apartheid gaan lei tot 'n "mongrelised" Suid-Afrika, behoort verbied te word om ooit weer agter 'n tikmasjien te sit.

Dit lyk of die mees intelligente leesstof wat Allan ooit onder oë gehad het, Johnny Johnson van die Citizen se onverkwiklike weeklikse rubriek is.

Op dié trant noem sy die staatspresident byvoorbeeld "F .Wossname". Sy verwys na aartsbiskop Desmond Tutu as 'n "myopic bonsai archbishop, spawned by showbiz rather than sanctity". Nelson Mandela is die "Chocolate Redeemer".

Van De Klerk en sy "dithering" kabinet sê sy: "Can it really be gross ignorance that has made them - in half a year - capitulate neatly to the Marxist objective of forcing all mankind down to the lowest common level through racial mixing and the creation of a mongrelised - and more importantly - demoralised country? Or do they know all this, but are mere puppets in a more sinister play?"

Sy gaan ewe kru voort: "It is significant that the words 'racist' or 'racism' do not appear in any dictionaries printed before 1950. They are words created for a specific political purpose. The first sign of idiocy, any psychiatrist will tell you, is the inability to discriminate.

"FW's 57 Varieties South Africa, which he pathetically purported would be free of discrimination, is by definition idiotic."

Allan se wit, bevoorregte onkunde staan soos 'n seer duim uit. Toe die Europese setlaars in 1652 aan die Kaap geland het, was Frans Hals besig om van sy beste werke te skilder, skryf sy. "I would be grateful if any readers would point out what the blacks were painting - apart from each other?"

Wat sy nie weet nie, is dat Boesmans al in die vroeë steentydperke gesofistikeerde skilderye op rotswande gemaak het - toe haar voorsate nog soos barbare in velle rondgehardloop en gemoor en roof het.

Maar sy raak selfs meer onsmaaklik - en dit klink soos iets reg uit Eugene se mond: "To put it in a less subtle way - and risk being called a 'Nazi with a master-mind mentality' - everything that the black man now possesses he owes to the technical knowledge, the initiative and creative talents of the white man."

Oor De Klerk se besluit om Mandela vry te laat, skryf Allan: "Why not release the Baader-Meinhof gang, the IRA terrorists or the Red Army Faction, so that they, too, can exercise their moderating influence?

"F-Wossname has set in motion events that he will have great difficulty in controlling. Far from lauding him, there are some Thinking Brits (as 'n mens na háár kyk, dan lyk dié term na 'n kontradiksie in terme) who are starting to wonder whether he is what Lenin referred to as 'a useful idiot', zealously helping to cut off the very branch he is sitting on."

Miskien is die refleksie eerder op die tydskrif wat sulke onsmaaklikhede publiseer. Aan die ander kant, Scope gaan waarskynlik meer kopieë verkoop omdat sy sulke goed daarin skryf.

En dit is mos al wat tel in die Suid-Afrikaanse publikasiewese: meer lesers en meer geld. Te hel met die inhoud.

Moenie terugkom nie, Jani. Net Eugene mis jou.


*Die hange net onder die bergspits is altyd die steilste, en dreigende donderstorms maak terugdraai maklik. Maar die beloning is die bolug wat na vryheid ruik, en die oneindige, ver uitsig.*

*Moedhou*
*Ons is amper bo!*

**HIRE-A-BUS**
**Posbus 6283**
**Dunswart**
**1508**

**Tel: 845-3353**

*Die busdiens na 'n nuwe toekoms*


# Dit kook oor skrap van grondbesit-wette

GROOT onmin dreig in boerekringe - tradisioneel 'n belangrike deel van die Nasionale Party se magsbasis - oor die regering se beoogde skrapping van die wette op grondbesit van 1913 en 1936.

En die ANC verwerp ook die skrapping van die wette as "te min, te laat", en beskuldig die regering daarvan dat hy dit net doen omdat hy weet die blanke monopolie van die ekonomie sal die huidige blanke grondbesit waarborg.

Vanoggend hou die Transvaalse Landbou-Unie (TLU) 'n massavergadering in die Pretoria stadsaal om die grondbesit-kwessie te bespreek. Die president van die TLU, Dries Bruwer, verwag dat dit by die vergadering gaan kook.

Bruwer, ook parlementslid van die Konserwatiewe Party, sê daar is groot bitterheid onder boere. Hulle voel hulle word "uitverkoop" om aan swart eise te voldoen.

Die Naturellen Grond Wet van 1913 het 7 persent van die land se grond buite die stedelike gebiede in "geskeduleerde gebiede" vir swart besetting opsy gesit. Die 1936 Ontwikkelings Trust en Grond Wet het verdere gebiede vir swart besetting vrygestel en die totale grondgebied vir swartmense tot 13,6 persent opgestoot.

Die Regering en die leiers van ses selfregerende state, wat op hierdie grond ingestel is, het hulle dié week verbind tot die opheffing van alle ras-diskriminerende beperkings op die aanskaf van landbou-en kommunale grond buite die stedelike gebiede.

Die regering het bekend gemaak dat die wette op grondbesit in aanstaande jaar se Parlementsitting herroep sal word. Daar is ooreengekom dat onmiddellike toegang tot finansieringsbronne soos die Landbank en landboukrediet aan alle Suid-Afrikaners op 'n nie-diskriminerende wyse toegestaan sal word ten einde te verhoed dat blanke spekulante grond in die tuislande opkoop.

Tekens van die dreigende konflik in boerekringe oor die grond wette was al in Augustus duidelik nadat die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie se algemene raad die saak bespreek het.

Die SALU het in 'n verklaring standpunt ingeneem teen die herverdeling van landbougrond. Hy het egter ook verklaar dat private besit van landbougrond op die grondslag van "vrywillige kopers en verkopers" moet plaasvind.

SALU het ook gesê dat die finansiering van grondaankope op eenvormige waardes moet geskied, en dat niks gedoen moet word wat die produksievermoë van die landbou sal skaad nie.

In 'n referendum wat onder Transvaalse boere deur die TLU gehou is, het 95% (11 895) gesê hulle is teen die deel van landbougrond met swartmense.

Die Konserwatiewe Party het die regering sterk veroordeel en gewaarsku dat om mense van alle rasse die reg te gee om op enige plek in Suid-Afrika grond te koop, die kiem van ernstige konflik dra.

Bruwer waarsku nou dat die regering die steun van wit boere gaan verloor as boere se behoeftes geïgnoreer word weens druk van swart leiers.

* Die ANC sê dat dit "te min, te laat" is vir die meerderheid Suid-Afrikaners en dat die skrapping van die grondbesit-wette 'n huiwerige stap is wat geneem is in die volle wete dat de facto wit dominasie en monopolie-beheer van die grond gewaarborg is.

**- CHRISTELLE DE JAGER**

# Despoot of sondebok?

**Is brigadier Hertzog Lerm, voormalige kommissaris van polisie in KwaNdebele, die sondebok voor die Parsons-kommissie van ondersoek na die oorsake van die oproer in KwaNdebele in 1986? Lerm sê daar is 'n ander kant van die saak. HANS PIENAAR berig hieroor en ander omstrede sake wat uit die Parsons-kommissie voortspruit**



Brig Hertzog Lerm inspekteer 'n parade van KwaNdebele-kitskonstabels (Foto: Pretoria News)

"DUISEND spykers is in my liggaam ingeslaan," het brig Hertzog Lerm voor die Parsons-kommissie van ondersoek na die oorsake van die onrus in KwaNdebele getuig, wat die afgelope drie weke al spesiaal op Warmbad, Lerm se tuisdorp, sit om sy getuienis aan te hoor.

In die bykans twee jaar dat hy KwaNdebele se kommissaris van polisie was, van Augustus 1986 tot Julie 1988, het die naam Lerm 'n gevreesde naam geword, amper net so gevrees soos dié van die hoofminister, Majozi Mahlangu.

Net voor Lerm se koms het die opposisiegroepe in KwaNdebele onder die leiding van die huidige hoofminister, Prins James Mahlangu, dit reggekry om die berugte Mbokhoto-vigilantes ontbind te kry en die wetgewende vergadering teen onafhanklikheid vir die gebied te laat stem.

Ná Lerm se koms het die KwaNdebele-regering egter met 'n skrikbewind begin waartydens honderde leiers van die opposisie en jeugbewegings in KwaNdebele tot so lank as twee jaar opgesluit is, en die res in "ballingskap" in townships aan die Rand gegaan het.

Joernaliste is die gebied verbied en selfs prokureurs is nie toegelaat om hul kliënte in aanhouding te besoek nie. In een geval is Nick de Villiers van die Regshulpsentrum self vir langer as twee weke toegesluit nadat hy 'n kliënt probeer besoek het.

Heelwat tyd is voor die kommissie afgestaan aan Lerm se bedrywighede.

Die een na die ander amptenaar van die administrasie, lid van die sakeman-elite in KwaNdebele en polisieman het "onthullings" oor hom kom maak.

'n Beeld is van hom geskep as iemand wat nie gehuiwer het nie om sy gesagsposisie te misbruik, staatsmiddele vir sy eie gewin te gebruik en dat hy die eintlike mag agter die skerms was deur sy invloed op Majozi Mahlangu.

Om dié mag te behou - of so kon 'n mens aflei uit hierdie beeld - wou Lerm ten alle koste verhinder dat Majozi se ongewilde bewind val voor die weerstand van die opposisiegroepe, wat volgens die meeste waarnemers minstens 80 persent van die bevolking se steun gehad het.

**'Ná Lerm se koms het die KwaNdebele-regering egter met 'n skrikbewind begin waartydens honderde leiers van die opposisie en jeugbewegings in KwaNdebele tot so lank as twee jaar opgesluit is, en die res in "ballingskap" in townships aan die Rand gegaan het.'**

In sy eie getuienis het Lerm sy saak ook nie versterk nie weens sy neiging om sy voet in sy mond te sit, of om sy getuienis te laat boemerang. Toe hy byvoorbeeld 'n bandopname voorgespeel het van 'n gesprek met Prins James, moes die kommissie en die buitewêreld hoor hoe hy 'n sogenaamde "comrade" beskryf: "Hy is ook 'n man wat sy hare uitkam, 'n T-hemp dra en wat, as jy hom vang, soos 'n waterskilpad loop."

Vroeër is getuig dat Lerm toestemming aan 'n eenheid kitskonstabels gegee het dat hulle mag skiet na enige "comrade" wat 'n klip optel om na die polisie te gooi, en dat hulle moes skiet om dood te skiet.

Lerm was sonder twyfel 'n harde polisiekommissaris, en hy self het voor die kommissie erken dat hulle dalk 'n bietjie sterk opgetree het.

Maar vanuit sy oogpunt moet 'n mens enkele dinge toegee - en vrae stel oor die bedrywighede van ander magsfigure wat nog nie voor die kommissie getuig het nie en dalk ook nie gevra gaan word nie.

Die grootste oorsaak van die oproer is duidelik die onafhanklikwording van KwaNdebele, wat ten alle koste en teen die sin van die meerderheid mense in KwaNdebele deurgevoer moes word. Lerm noem dit heel tereg 'n "onafhanklikheidspsigose".

Een van die grootste voorstanders van onafhanklikheid was prof Simon Gouws, raadgewer van die hoofminister, en vertroueling van dr Gerrit Viljoen, destydse minister van ontwikkelingshulp. Gouws, en Uys Coetzee, voorsitter van die KwaNdebele Nywerheidsontwikkelingskorporasie, was volgens Lerm lid van 'n "driemanskap" in die amptenary wat die eintlike mag agter die skerms was.

Hy wou nie sê wie die derde lid van die driemanskap is nie, behalwe dat dit 'n lid van die Suid-Afrikaanse Kabinet is.

Volgens memorandums van Gouws self aan Kabinetsministers het hy 'n sleutelrol gespeel in die verplasing van amptenare en polisie-offisiere wat teen die Kabinet en die onafhanklikwording van KwaNdebele gekant was.

En uit dokumente wat Vrye Weekblad ter insae gehad het, blyk dit daar voor was Lerm se koms 'n magstryd onder die veiligheidsmagte - wat in die KwaNdebele-veiligheidsraad en later die Gesamentlike Beheersentrum moes saamwerk - wat volgens alle aanduidinge tot minstens een sluipmoord gelei het.

Oor die mag en invloed wat Lerm oor die KwaNdebele-kabinet sou gehad het, sê Lerm dat hy vanuit die staanspoor, toe hy na KwaNdebele gestuur is, aangestel is as voorsitter van die Gesamentlike Beheersentrum vir KwaNdebele, een van die vertakkinge van PW Botha se Nasionale Veiligheidsbeheerstelsel.

Sy taak was om die polisie, weermag en alle administratiewe departemente saam te snoer in 'n veldtog om stabiliteit in KwaNdebele te verseker. Uiteraard het dit aan hom baie mag gegee, maar Lerm het *dié* mag alleen gebruik om sy aanvanklike opdrag uit te voer, sê hy.

Dié opdrag, aan hom gegee deur genl Johann Coetzee, destyds Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, was om die onrustoestand in KwaNdebele tot bedaring te bring en die KwaNdebele-regering in die kussings te hou.

Toe hy in Augustus 1986 per helikopter na Siyabuswa gebring is om met sy nuwe werk as kommissaris te begin, was Gouws saam. Toe, en later by Uys Coetzee se huis in Brooklyn, Pretoria is Lerm "gebrief" oor die toestand in KwaNdebele en dat die wettige KwaNdebele-regering vanuit die amptenary ondermyn word.

# Die doen en late van die driemanskap

VAN koshuisvader en studentedekaan aan die Randse Afrikaanse Universiteit het prof Simon Gouws gevorder tot raadgewer van die hoofmin ster van KwaNdebele, met 'n dubbele salaris, 'n gesubsidieerde motor en die mag om amptenare se afdankings met 'n paar oproepe en memorandums aan lede van PW Botha se Kabinet te bewerkstellig.

Gouws se verbintenis met KwaNdebele het in November 1982 begin toe hy hoofminister SS Skosana ontmoet het. Hierna het hy "sekere professionele dienste, veral wat onderwys en opleiding betref" aan die regering van KwaNdebele gelewer. Dit is alles gratis gedoen.

Op 4 April 1984 is die pos van Raadgewer aan die Hoofminister geskep. Op 1 Junie het Gouws die pos aanvaar, nadat hy toestemming by die RAU gekry het.

Gouws het naderhand soveel werk in KwaNdebele begin doen dat hy sy pos as koshuisvader moes laat vaar, en die R25 000 wat dit hom in die sak gebring het.

Op 10 Junie 1988, na 'n voorlegging deur Uys Coetzee, voorsitter van die KwaNdebele Nywerheidontwikkelingskorporasie (KNOK) en bekend as een van die lede van die "driemanskap", is hy 'n salaris van R40 000 aangebied, plus 'n gesubsidieerde motor, plus sy salaris teruggewerk tot 1 Julie 1987. Op 10 Junie het hy reeds R26 607,05 vir "die verstreke gedeelte van die ooreenkoms" ontvang.

Hierbenewens ontvang hy 'n looptoelaag van 93c per amptelike kilometer afgelê.

Daar is "... aansienlike voordele vir my in die kontraktuele verhouding met die respondent", skryf hy in die aansoek.

Gouws het die voordele ontvang terwyl hy in die volle diens van die RAU was. In 'n voorlegging oor Gouws se vergoeding skryf die voorsitter van die KNOK, IJ Coetzee, dat hy eers vergoeding van R11 000 per jaar gekry het, bereken op een dag per week se werk in KwaNdebele.

"Vir die afgelope 2 jaar spandeer prof Gouws egter veel meer as dit aan sy werk in KwaNdebele."

Gouws was een van die groot voorstanders van die onafhanklikwording van KwaNdebele, selfs nadat die oproer in 1986, waartydens meer as 200 mense dood is, losgebars het nadat die regering van KwaNdebele dit op die bevolking wou afdwing.

Hy self het in sy aansoek krediet geëis vir sy rol in die konsolidasie van KwaNdebele, deur motiverings te verskaf vir die onteiening van blanke boere se grond.

Ook het hy die Departement Burgerskakeling en Inligting op die been help bring. Later sou die departement 'n koerant oorneem in 'n poging om die regering se beeld te bevorder.

Hy het verder 'n eie polisiemag help vestig, en die inlywing van Ekangala by KwaNdebele help bewerkstellig - wat ook teen die sin van sy inwoners was.

Verder het hy "advies oor die stigting van 'n Veiligheidsbestuurstelsel gegee", en aanvoorwerk vir 'n eie volkslied vir KwaNdebele gedoen.

Hy het ook die "verskeie memoranda en positiewe samewerking om die onafhanklikheid van KwaNdebele te bewerkstellig" in die aansoek genoem.

Hy is saamgeneem na vergaderings tussen ministers van KwaNdebele en verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse regering.

Uit 'n memorandum aan Chris Heunis, minister van staatkundige ontwikkeling, blyk dit dat hy 'n sleutelrol gespeel het in die verplasing van teenstanders van onafhanklikheid onder die blanke amptenary in KwaNdebele.

Hy het Prins James, leier van die opposisiegroepe en die huidige hoofminister, teenoor Heunis voorgestel as 'n "hater van die blanke".

Op die vergaderings met die regering het hy verskeie "bewyse" gelewer van steun vir onafhanklikheid onder die meerderheid inwoners van KwaNdebele.

Dit, onder meer, het daartoe gelei dat die regering eers in Desember 1988, twee en 'n half jaar na die volksopstand teen onafhanklikheid waarin honderde mense dood is, toegegee het dat die inwoners van KwaNdebele nie onafhanklikheid wil hê nie. In die verkiesing van 12 Desember in KwaNdebele kon die voorstanders van onafhanklikheid saam nie 5 000 stemme, teenoor die 83 000 vir Prins James se kandidate, kry nie.

# Partisie-gedagte na die onderhandelingstafel



Die wit tuisland-beleid (5): die sienings van die ANC en die regering.

**In die laaste aflewering van die eerste been van ons debat oor grond, spel HENNIE SERFONTEIN die status van die partisiegedagtes in die onderhandelingsproses uit. Hy praat ook met Marinus Wiechers oor die gedagte dat die een of ander kompromie regse vrese kan besweer sodat hulle in die vredesproses kan ingroei**

EEN ding is nou seker, die partisiegedagte met voorstelle vir òf 'n aparte Afrikaner volkstaat, òf 'n Boerestaat òf 'n blanke staat, sal wel voor die komende grondwetlike konferensie ter tafel gelê word.

Dit is tot onlangs nog as ondenkbaar beskou omdat alle swart politieke partye en die meeste blankes dit as "onrealisties, belaglik en kranksinnig" beskou.

Maar dit is betekenisvol dat sedert die ANC se terugkeer, dit juis hulle is wat heel realisties die politieke gevaar van 700 000 verbitterde blanke konserwatiewes besef. Die ANC besef ook dat die partisiegedagte deur regses as die sleutel tot blanke beveiliging beskou word.

Thabo Mbeki, die ANC se direkteur van buitelandse sake, het verlede week weer eens die regses uitgenooi om na die konferensietafel te kom om hul partisie-planne voor te lê.

Die ANC-leierskap is bewus daarvan dat regse vrese 'n werklikheid is, dat dit nie weggewens kan word nie en dat die partisie-eise ernstig opgeneem moet word.

Maar beide die ANC en die NP - die twee hoofspelers in die onderhandelingsproses - verwerp die partisie-gedagte.

Aziz Pahad, lid van die nasionale uitvoerende bestuur van die ANC, sê: "Die verdeling van die land in aparte rassegroepe en -state is 'n resep vir verdeling en konflik. Ek glo Suid-Afrika is 'n moderne groeiende gemeenskap. Die verskillende kulture en godsdienste word erken. Maar om kunsmatig rassestate te skep, veroorsaak net politieke verdelings.



Aziz Pahad



Marinus Wiechers

"Die meeste Suid-Afrikaners verwerp partisie en daar is min mense wat in hul eie aparte ghettos wil woon. Ook die meeste blankes is daarteen."

Maar hy beklemtoon die belangrikheid daarvan dat dié saak by die komende grondwetlike konferensie ernstig bespreek moet word.

Dit is ironies dat die NP-regering die afgelope maande - na 42 jaar - finaal afstand gedoen het van die partisie-gedagte en die tuislandbeleid. Vandag beveg hulle die regse groepe wat die NP-ideaal en -skepping oorgeneem het.

Gerrit Viljoen en Roelf Meyer, onderskeidelik die minister en adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, maak spel duidelik uit in hul onlangse uitsprake.

Suid-Afrika is een onverdeelde, nie-rassige staat. Die tuislandbeleid is dood en die NP propageer nie meer òf 'n blanke staat, òf aparte swart state nie. Dit staan "onafhanklike" tuislande vry om weer by Suid-Afrika aan te sluit. Maar die NP staan streeksregerings voor wat òf provinsies òf federale deelstate insluit en wat geografies, en nie op rasse-grondslag nie, bepaal word.

Daar is nie 'n nie-onderhandelbare bloudruk nie en die finale besluite sal deur die komende konferensie geneem word.

# Kultuurparke of wildtuine vir die Afrikaner

KULTUURPARKE vir die Afrikaner. Dit is volgens prof Marinus Wiechers van Unisa, hoogleraar in die volkereg en grondwetkenner, die enigste haalbare en praktiese voorstel wanneer dit kom by die partisiebenadering tot die probleem van grondbesit in Suid-Afrika.

Die regses behoort te vergeet van 'n eie staat of selfs provinsie. "Wat hulle in gedagte het, kan hoogstens beskryf word as 'n paar verspreide Afrikaner-kultuurparke. Klein gebiede soos wildtuine, miskien die Krugerwildtuin.

"Dit kom neer op 'n paar Afrikaner-groeipunte - soos daar in die Verwoerd-era gepraat is van ekonomiese groeipunte langs die tuislande. Sulke Afrikaner-parke of -groeipunte sal dan daarvoor voorsiening maak dat die Afrikaner-kultuur en tradisies in dié gebiede erken moet word.

"In dié gebiede kan hoë-tegnologie deur Afrikaners van die groeipunte gebruik word. Daar kan kleinboere wees met intensiewe landboumetodes, die stigting van 'n Afrikaner-filmbedryf en ander kultuuraksies.

"Maar daar kan hoogstens gepraat word van twee of drie Afrikaner-kultuurparke, wat in die laaste instansie nog deel van een Suid-Afrika sal wees. Sulke beperkte voorstelle mag op realisme gegrond wees. Maar 'n volkstaat is heeltemal onhaalbaar."

Al hoop wat bevreesde regse blankes het, is om by die komende grondwetlike konferensie vir 'n oorgangsperiode na meerderheidsregering in 'n nie-rassige demokrasie in 'n eenheidstaat te beding.

In daardie beperkte periode mag blankes moontlik daarin slaag om op plaaslike-, streeks- of selfs nasionale grondslag politieke beheer oor hulself tydelik te behou. Maar die kanse selfs daarvoor is gering en nie baie rooskleurig nie.

"So kan daar ooreengekom word dat in bepaalde gebiede soos byvoorbeeld Welkom - 'n gebied van swart en wit konflik - blanke en swart plaaslike owerhede nie onmiddellik in een nie-rassige stadsraad saamsmelt nie.

"Die proses mag miskien trapsgewys oor 'n tydperk van vyf jaar plaasvind.

Op streeksvlak kan miskien ooreengekom word dat 'n streek soos Noord-Transvaal, met verskeie tuislande in die gebied, bestuur sal word vir 'n tussenperiode op die huidige model van die driekamer-parlement. Dus 'n oorkoepelende struktuur en blanke en swart liggame."

Maar Wiechers beklemtoon dat al die moontlikhede slegs oorgangskompromieë is wat by 'n grondwetlike konferensie haalbaar mag wees. Die doel: om regse vrese te besweer sodat hulle kan ingroei in 'n nie-rassige eenheidstaat.

Wat die Volkstaat-gedagte van mense soos Carel Boshoff betref, wys Wiechers daarop dat dit 'n onpraktiese droom is.

"As 'n mens praat van 'n staat, dan dink jy aan 'n reeds bestaande staatstruktuur. Ons praat van 'n staatsdiens, 'n polisiemag, 'n weermag, howe, om maar net 'n paar van die basiese elemente te noem. Maar daar is totaal niks.

"So 'n nuwe sogenaamde onafhanklike apartheidstaat sal de facto totaal afhanklik wees van die groot welvarende nie-rassige Suid-Afrika," sê Wiechers.

En hy waarsku dat die beoogde rasgegronde volkstaat staatkundig 'n "uitsiglose toekoms met 'n onderdrukkende kultuur sal hê". So 'n staat sal sterk optree teen enigiemand wat selfs die bestaansreg van die staat bevraagteken.

"En wat gaan gebeur as blanke ouers 'n baie donker baba het, gaan die kind na die nie-rassige Suid-Afrika gestuur word?"

Ekonomies beskou hy dit ook as 'n onwerklike droom. Daar is geen bestaande infrastuktuur as grondslag vir 'n staat nie en dis feitlik onmoontlik om dit op te bou terwyl die koste astronomies en onbetaalbaar sal wees."

Wiechers beskryf die Boerestaatpartisieplan van Robert van Tonder as "totaal kranksinnig".

"Eerstens sal die swartmense in daardie gebiede van Transvaal, Vrystaat en Noord-Natal 'n meerderheid van minstens ses teen een oor die blankes hê, as dit nie meer is nie.

"Om te sê die Afrikanervolk is die grootste enkele groep en kan dus aanspraak op politieke dominasie maak, is belaglik, onrealisties en 'n onwerklike droom."

Tweedens is dit ekonomies totaal afhanklik van swart arbeid wat politieke regte ontsê word. Derdens wys Wiechers daarop dat die hele konsep van die boerestaat gegrond is op 'n uitgediende 19e eeuse leerstuk wat vandag nie meer in die volkereg erken word nie.

Dit berus op die reg van verowering en vestiging van state deur oorlog.

"Geen land ter wêreld sal volgens die volkereg die boerestaataansprake erken nie," waarsku hy.

"Die grondslag van die nuwe volkereg is in 1919 by die verdrag van Versailles gelê. Woodrow Wilson, die Amerikaanse president, het beswaar gemaak dat lande wat die vorige Duitse kolonies verower het, dit kon inlyf of besit daaroor verkry. Die mandaat-stelsel geskep waarvolgens die Duite kolonies, soos ook Namibia, tot onafhanklikheid gelei is."

Wat die blanke staat van die KP betref, meen Wiechers dat daar belangrike bewegings weg van die suiwer Verwoerd-gedagte na 'n neo-Verwoerdiaanse benadering is.

"Die KP-benadering is meer gesofistikeerd. Hulle praat nie meer van partisie per se nie, maar maak aanspraak oor blanke jurisdiksie oor sekere gebiede.

"Hul eise is glad nie meer op die hele sogenaamde blanke Suid-Afika buite die swart tuislande gegrond nie.

"Ook praat hulle nou van die reg tot selfbeskikking van groepe en volke, wat internasionaal 'n aanvaarbare begrip is, sê Wiechers.

Maar hy dink ook dat dit staatkundig en polities 'n gevaarlike plan is. "Hulle wil blanke politieke gesag afdwing in 'n gebied wat demografies veelrassig is en waar die blankes in die minderheid is. Dit bevat 'n ingeboude bloudruk vir konflik en geweld.

"Ekonomies is dit rampspoedig. Want wie gaan belê in dié sogenaamde blanke gebiede wat broeiplekke vir konflik is?"

*'n Stryd is aan die broei tussen groot blanke grondeienaars op die Noord-Natalse platteland en swart gemeenskappe wat die afgelope paar jaar in groot getalle van die plase afgesit is. AUDREY BROWN het vroeër die maand saam met die Association for Rural Advancement (Afra) deur Noord-Natal gaan toer en lig dié vergete mense se probleme uit*

# Roosboom se mense wil die Boere toets

NOU wil ons die grond terug hê wat julle by ons afgeneem het! Dit is die eis van al meer gemeenskappe wat tussen 1948 en 1982 hul grond as gevolg van gedwonge verskuiwings verloor het.

Een van dié gemeenskappe, wat op Roosboom naby Vryheid gewoon het voor hulle verskuif is, gaan dié grond nou weer beset. Dit gaan as 'n toetsgeval vir die reaksie van die owerhede en die boere gebruik word, waarna tot soveel as 102 gemeenskappe moontlik dieselfde gaan doen.

Tot soveel as 300 000 mense is verskuif ter wille van die konsolidasie van KwaZulu alleen. Verskuiwings word nie meer deur die staat gedoen nie, en is daarom nie meer veel in die openbare oog nie. Maar op plekke soos Khambi, Ezakheni, Winterton, KwaBhekumthetho en Weenen, smag die mense om weer op hul voorvaderlike grond te boer.

Grond is een van die mees emosionele vraagstukke in Suid-Afrika omdat beide die wit- en swart gemeenskappe sterk tradisionele en geskiedkundige bande heg aan die besit daarvan. Die boere van Noord-Natal sê hulle voorvaders het gesterf om dié grond te verower en behou.

Die Zoeloes sê hulle het nooit hul reg op hul voorvaderlike grond prysgegee nie, en nou sit hulle met niks. Albei gemeenskappe is bereid om te veg om die grafte van hul voorouers te beskerm.


Die swartmense word egter die ergste geraak omdat hulle eers van die besit van die grond ontneem is, en nou mag hulle nie eens op dié plase woon en werk nie.

Die slagoffers van verskuiwings is in noodkampe soos Waaihoek, EkuVukeni, Nondweni en eQhudeni in KwaZulu geplaas. Ander is nooit in dié tuisland geïnkorporeer nie, en is op aangrensende grond geplaas. Ander weer is toegelaat om op wit plase te woon en as huurarbeiders te werk.

Dit is veral dié huurarbeiders wat die afgelope paar jaar erg deurloop onder uitsettings deur boere wat hulle nie meer op hul plase wil hê nie. Die Association for Rural Advancement (Afra) het vroeër dié maand 'n perstoer gereël om dié vergete mense se probleme uit te lig nadat 'n nuwe vlaag van uitsettings onlangs begin het.

Die uitsettings is veral die gevolg van die toenemende gebruik van gemeganiseerde boerdery. Die Plakkerswet is in 1988 gewysig, en volgens dié wysiging mag plaaseienaars net vyf families op hul plase laat woon. Meer plase word vir kommersiële doeleindes soos wildplase en bosbou gebruik, en die behoefte aan plaaswerkers is nie meer so groot nie.

Die akkumulatiewe effek hiervan is dat



**Weenen se noodkamp 3** (Foto's: Daily News)

meer en meer swartmense op kleiner stukke grond moet boer.

Maar daar is ook ander redes, sê Sithe Gumbi, 'n werker van Afra. Wit boere is bang om mense met 'n geskiedkundige reg tot die grond op hul plase te hê omdat hulle bang is vir nasionalisering.

"Die huurarbeiders sê die grondeienaars het hulle aangesê om na Mandela toe te gaan. Vir my wil dit voorkom of hulle bang is dat hulle hul grond weens nasionalisering sal verloor. Daarom wil hulle mense wat 'n geskiedkundige aanspraak op die grond het, van hul plase af jaag.

"Maar daar is 'n geweldige sug na grond onder die swartmense in Noord-Natal. Die mense huil vir grond. Die posisie van talle gemeenskappe is in gedrang - die druk op hulle word al hoe groter, en die grond wat hulle nou besit, is net nie genoeg nie. Wat staan hulle te doen?" vra Gumbi.

Daar is verskillende fasette tot die probleem. Die mense van Roosboom besit byvoorbeeld deeltitelregte op hul grond. Hulle is teen hulle wil in 1976 na Ezakheni in KwaZulu verskuif. Dié mense se grond is as weiding verhuur.

Die Roosboom-gemeenskap is van plan om weer van hul grond besit te neem. Richard Clacey van Afra sê: "Die Roosboom-geval is 'n toetssaak. As dié mense hul grond terugkry, moet 102 ander gemeenskappe in dié gebied ook hul grond terugkry." Roosboom se verteenwoordigers sê hulle gaan hul grond vat. Volgens 'n woordvoerder vir die gemeenskap is mense reeds besig om planne te maak om terug te gaan.

"Ons kan nie ons mense keer nie. Hulle het reeds hul voorouers se grafte gaan skoonmaak - en dit beteken hulle gaan binnekort terug."

Dan is daar gemeenskappe wat van hul grond onterf is, en net toegelaat is om as huurarbeiders op die plase - wat nou in die besit van witmense is - te woon. Gannahoek op Colenso en Swart-Mfolozi op Vryheid is twee sulke gemeenskappe. Die mense van Gannahoek het tot 22 September gehad om van die plaas waar hulle tans woon, te loop. Hulle moet plek maak vir wild omdat die vorige eienaars die plaas verkoop het en die nuwe eienaars 'n wildplaas wil stig.

Hoofman Samuel Mvelase sê: "Dit is vir ons baie swaar om te aanvaar dat ons ons vaders se grafte hier moet los om plek te maak vir diere. Ons is bereid om hier te woon en werk - al werk ons vir niks nie - net solank ons by ons voorvaders kan wees. As hulle wil hê ons moet loop, kan hulle ons maar in 'n ry laat staan, met ons kinders en al, en ons doodskiet."

'n Ander Gannahoeker sê: "Die wilde diere kan ons maar opvreet, solank hulle ons hiér opvreet."

Hoewel 22 September aangebreek het sonder dat die gemeenskap verskuif is, hang daar steeds 'n swaard oor hulle koppe.

Op Swart-Mfolozi vertel die mense hoe die grondeienaars hulle mishandel. Hulle word nie toegelaat om vee te besit, vuurmaakhout te versamel of die voetpaaie wat oor die plase loop te gebruik nie. Daar is ook stories van aanranding, en daar is selfs op mense geskiet.

"Ons kan niks hier doen nie, en tog is dit ons voorvaders se grond. Maar ons kan nie aanvaar dat wit boere ons vertel wat om te doen terwyl hulle ons hier gekry het nie. Ons kan nie onthou dat ons hier gekom het en witmense gevra het vir grond nie. Hulle het hier gekom en tussen ons gebly. Maar toe ons ons weer kon kry, werk ons vir hulle. En daarna jaag hulle vir ons weg. Maar hulle vergeet dat hulle vir ons hier gekry het."

Die Amaswazini-mense van Winterton het ook nie grond van hul eie nie. Stamgevegte tussen hulle en die Amangwane-mense breek gereeld uit omdat daar nie genoeg grond vir die twee gemeenskappe is nie.

Die mense van KwaBhekumthetho in Vryheid wag al sestien jaar vir meer grond omdat die grond wat hulle nou het, nie genoeg is om hulle te onderhou nie.

Op Khambi bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat stamgevegte mag uitbreek omdat meer en meer mense van omliggende plase hulle daar gaan vestig nadat hulle van hul eie tuistes af weggejaag word.

Daar is talle gemeenskappe, en talle probleme.

# Lipstiffie in 'n stowwerige Weenen...

OP 'n stowwerige bult sit 'n sangoma en praat met 'n groep joernaliste wat deur die Association for Rural Advancement genooi is om eerstehands te sien hoe mense in Noord-Natal se lewens steeds deur gedwonge verskuiwings geraak word.

Dit is koud en winderig.

Sy en haar mense, minstens 2 500 van hulle, is in Junie verlede jaar uit die Mngwenya-vallei verskuif. Hulle is eenvoudig langs die pad afgelaai nadat 'n boer hulle nie meer op sy plaas wou hê nie.

Nou woon hulle in 'n noodkamp naby Weenen. Maar daar is niks vir hulle daar nie, nie 'n skool of 'n kliniek nie. Die wind waai stof deur die tente wat die Rooikruis aan hulle geskenk het.

Ons sit op dun grasmatjies wat 'n paar vroue vir ons gaan haal het. Dit is reeds die derde kamp wat ons besoek, en die verhale van mense wat genadeloos van hul grond ontneem is, word 'n bietjie te veel.

Oral word ons vertel van gemeenskappe wat nie meer hul



**Mbali... sy wil ook eendag klere dra soos die vroue in Bona**

"amagugu" - die skat van hul voorvaders se grafte op hul voorvaderlike grond - kan skoonmaak en besoek nie. Die enigste verskil is dat dié verhale by die noodkamp op Weenen deur die vroue vertel word.

Op ander plekke soos Roosboom, eMondlo, Khambi en Winterton is ons hoflik in 'n tradisionele umhlangano (vergadering) deur die stamhoof van die gemeenskap toegespreek terwyl die vroue buite die kring sit en luister. Hulle praat eers nadat die "inhlangano ukamkela abavakashi nokuhlapelalana izinkinga nabo" (die vergadering om die kuiergaste te verwelkom en ons probleme met hulle te deel) verby is.

Naderhand word die stof en die onverwagse koue te veel vir dié Transvaler, en ek begin rondstap. Behalwe die klompie grootmense wat buite met die joernaliste sit en gesels, is daar nie 'n siel buite in sig nie.

Ek hoor 'n gegiggel in een van die sinkhuisies, maar eintlik was dit die rokie van 'n mbaola wat my gelok het.

Ek klop aan die sinkmuur - daar is nie 'n deur nie - en 'n paar kinders loer nuuskierig uit. Een van hulle, 'n meisietjie, het van stukkies houtskool grimering gemaak. Haar wenkbroue is dik ingeteken, en haar lippies ook. Ek skat haar so nege jaar oud.


Ek en Mbali is dadelik vriende, want ek het bloedrooi lipstiffie aan. Ek bied aan om vir haar 'n bietjie aan te smeer. Haar ogies blink van opgewondenheid.

Ons gesels oor die mense wat sy in Bona-tydskrif gesien het - die vroue met die mooi klere. Sy sê sy wil ook eendag mooi klere dra. Haar ouer suster, Ncane, vra of daar nie werk in Johannesburg is nie.

'n Rukkie later kom 'n seuntjie in en sê beleefd dat die mense saam met wie ek gekom het by die motor vir my wag. Ek wil my lipstiffie vir Mbali gee, maar tot my verbasing skud sy skaam haar kop en sê nee dankie. Effe verbaas vra ek waarom nie...

Want daar is nie plek in hul pondok om die lipstiffie te bêre nie, sê sy.

# Die aarde gaan **kouer** word, nie **warmer** nie...



**Die huidige jaarlikse stygings in die atmosfeer se temperature het gelei tot die teorie oor die "kweekhuis-effek", dat koolsuurgas van die mens se nywerhede besig is om die atmosfeer só te vul dat dit temperature gaan laat styg in die nabye toekoms - met katastrofiese gevolge. Maar dr NELLA SHPOLYANSKAYA vra waarom styg die temperature in Wes-Siberië, waar daar geen nywerhede is nie, dan veel meer as elders in Rusland? Sy skryf oor ander modelle wat dié stygings kan verklaar**

IS die verhitting van die klimaat onvermydelik in die volgende eeu? Sal dit die vlak van die oseaan verhoog, klimaatsgordels verander en die wêreld se landbouproduksiestelsels algeheel verander?

Nie noodwendig nie, sê dr Nella Shpolyanskaya, 'n Russiese aardrykskundige.

Een van die gewildste modelle vir klimaatsveranderinge is dié van "gerigte verhitting" weens die "kweekhuis-effek". En dit is nie toevallig nie. Kundiges is diep bekommerd oor die snelle en soms weghol-groei in nywerhede, veral in die kragnywerheid, wat gepaard gaan met die verbranding van enorme hoeveelhede natuurlike koolwaterstowwe.

Volgens dié model lei dit tot die akkumulasie van gasse in die atmosfeer, hoofsaaklik koolsuurgas, wat die aarde se termale (infrarooi) uitstralings sterk absorbeer, en 'n uitlaat van hitte in die buitenste ruimte verhinder.

Die konsetrasie van dié gasse in die atmosfeer kan in die toekoms 'n verhitting van die klimaat veroorsaak en die klimaatstruktuur verander. En dit kan grusame gevolge hê - die kontinentale ys kan smelt, die oseaanvlakke kan styg, droë gordels kan toeneem, en heelwat ander dinge.

Maar die besorgdheid oor die "kweekhuis-effek" het 'n ander model oorskadu; 'n model wat gegrond is op natuurlike wisselinge in die klimaat wat beide in die hede en die verlede geregistreer is. 'n Studie van die wisselinge bied genoeg rede om 'n effense verkoeling van die klimaat in die nabye toekoms te voorspel.

Klimaatswisselinge dui klaarblyklik op 'n bepaalde siklus. Tog stry die kenners ewe hard hieroor as oor die kweekhuis-effek. Om mee te begin, kan niemand verduidelik waarom die klimaat wissel nie. Hierbenewens is dit nie duidelik of daar 'n genoegsaam konsekwente periodisiteit in die sikliese veranderinge in die klimaat is nie.

Twee neigings kan hier geïdentifiseer word. Voorstanders van die een negeer enige duidelik periodisiteit in klimaatsveranderinge. Vir hulle lê die oorsaak van die wisselinge in aardgebonde prosesse - die atmosferiese siklusse mag die gevolg wees van self-begonne ossillasies in óf die atmosfeer self, óf in die "atmosfeer-substraat-stelsel", wat die oseane en die poolys insluit.

Dié punte het 'n logika van hul eie, maar ongelukkig laat dié skool in die meteorologie na om baie aspekte van klimaatsverandering te verduidelik, terwyl 'n numeriese modellering van die "atmosfeer-oseaan-stelsel" nog meer werk vereis.

Wat die ander neiging betref, sien eksponente hiervan in klimaatswisselinge duidelik 'n periodisiteit en verklaar dit aan die hand van veranderinge in sonaktiwiteit.

Dié neiging het aan die einde van die vorige eeu reeds sy kop uitgesteek. Hoewel die debatte steeds voortduur, het niemand nog die verband tussen veranderinge in sonaktiwiteit en atmosferiese sirkulasie en die klimaat in twyfel getrek nie.

Terselfdertyd is dit nog nie duidelik hoe die son sy invloed op die aarde se atmosfeer uitoefen nie. Dit het die skeptisisme onder kundiges oor die leidende rol van son-aardeverbande in klimaatsveranderinge aangevuur.

Wetenskaplikes van die Geofisiese Laboratorium in Leningrad sien so 'n meganisme in die oordrag van beroeringe van die son af via hoë-energie protone.

Die logika van hul argument is as volg: net soos atmosferiese winde oppervlaktelae van die oseane "wegblaas", en sodoende massas water herversprei, so kan hoë-energie "protonwinde" massas atmosferiese lug "wegblaas" en herversprei. Die ontwikkeling van siklone en anti-siklone word so gestimuleer.

Daar is 'n bepaalde bevestiging hiervan - 'n genoegsaam duidelik verband tussen die binnekoms van hoë-energie protone in die atmosfeer en die oorsprong en ontwikkeling van siklone in die troposfeer.

Die binnekoms van hoë-energie protone volg ingewikkelde reëlmatighede, meen die navorsers van Leningrad.

Om mee te begin, word die blootstelling van die aarde aan kosmiese partikels bepaal deur die sterkte van die magneetvelde in die ruimte naaste aan die aarde. Protone van 'n relatief lae energie word deur dié velde "afgestoot".

Protone met hoër energieë - en dit is juis hulle wat in oormaat deur die opflikkeringe in die son se chromosfeer opgewek word - dring so ver as die troposfeer deur. Dit is die energie van protone wat dié lae bereik wat meestal op die herverspreiding van massas lug van een gebied na 'n ander spandeer word.

In die tweede plek word die binnedringing van kosmiese partikels in die atmosfeer ook deur die aarde se magnetiese veld beheer. Protone vind dit makliker om die atmosfeer binne te dring waar die sterkte van die horisontale komponent van die aarde se magnetiese veld laer is. Dit gebeur veral om die magnetiese pole.

Groenland is geografies in so 'n gebied geleë - en die gebied naby Groenland is ook die plek met die maksimum veranderinge in die klimaat.

In die derde plek, hoe groter die energie van die protone, hoe verder suidwaarts kan hulle binnedring. Protonstrome vanuit die ruimte kom die aarde se atmosfeer hoofsaaklik vanuit die weste binne, en beweeg ooswaarts teen 'n sekere hoek.

Hulle staan hul energie aan lugpartikels af, en meng enorme massas lug in so 'n mate dat hulle 'n bariese veld kan herstruktureer, ofte wel die lugdruk-kontoere kan hervorm.

Op sekere plekke is daar "vensters" in die magnetiese veld - gebiede met 'n horisontale komponent van 'n lae intensiteit. Deur by dié vensters in te bars, veroorsaak protone atmosferiese turbulensies en produseer hulle pare siklone en antisiklone.

Die begin van die huidige klimaatsiklus strek terug tot die begin van die 20e eeu, en dit word verwag dat sy sluitingsfase teen die begin van die volgende eeu sal aanbreek. Dan verwag die meeste eksponente van dié teorie 'n afkoeling van die atmosfeer, wat vergelykbaar is met 'n soortgelyke afkoeling aan die begin van die huidige eeu.

Die mees opmerklike waarskuwing hiervan het in die jare twintig en dertig in die dekade tussen 1927 en 1936 in Groenland gekom. Hierna het die temperatuur begin daal.

Waarom gebeur die verwarming nie op dieselfde tyd in verskillende gebiede nie? En waarom manifesteer dit in wisselende intensiteite?

Russiese wetenskaplikes meen dat kosmiese partikels dit makliker vind om die atmosfeer by hoër breedtegrade naby die geomagnetiese pool - en die noordelike pool is nou naby Groenland geleë - binne te dring. Dit is hier waar die protone met 'n laer energie aan die begin van 'n sonsiklus die atmosfeer binnedring. Dit verhewig sikloon-aktiwiteit en laat die temperatuur van die lug teen die grond styg.

Soos die sonaktiwiteit toeneem, dring protone met hoër energieë die atmosfeer binne in meer suidelike dele, waar die magnetiese velde digter is. Dit laat sikloonaktiwiteit daar toeneem en laat die lugtemperatuur ook styg, hoewel nie met soveel nie.

Op dié manier beweeg 'n golf van verandering in die lugtemperatuur wat geleidelik afneem van die Arktiese sirkel tot by die subtropiese breedtegrade. Soos die energie van die protone afneem, behoort die golf van verandering terug te rol.

Dié model stel 'n mens in staat om 'n voorspelling te maak: die terugwaartse golf van hoë-energie kosmiese partikels moet, nadat dit nog een verhittingspiek afgesit het, na 'n verkoeling aan die begin van die volgende eeu lei.

Die huidige stygings in die lugtemperatuur steun oënskynlik die proponente van die "kweekhuis-effek". Maar tog... die model van son-aarde wisselwerking skyn meer korrek te wees. Hoe kan 'n mens anders die feit verklaar dat daar in die noordelike dele van Wes-Siberië, waar daar geen nywerhede is om van te praat nie, en die uitsettings van koolwaterstowwe van alle soorte laag is, die temperatuurstygings taamlik hoog is, terwyl in die suidelike en sentrale dele min verander het, indien enigsins.

Klaarblyklik is dit nie die "kweekhuis-effek" nie, maar die son wat die klimaat in die volgende paar dekades sal bepaal. En die son gaan 'n verkoeling veroorsaak - nie 'n ingrypende verkoeling nie, maar tog nog 'n verkoeling. - Novosti

# Koning glo in Jeti's

THIMPHU, Bhutan - "Hier neem ons stories oor Jeti's ernstig op," sê die onderminister van Sosiale Dienste in Bhutan, Dasho Paljor Dorji. Ook die koning van Bhutan, Jygme Singye Wangchuk, hoewel hy dit nie graag erken nie omdat Westerlinge dalk sal dink hy is nie 'n ernstige soort mens nie.

Op 'n tafel in sy kantoor in Bhutan se hoofstad wys Dorji foto's van voetspore in die sneeu van die Himalajas, en grotte waar die "Afskuwelike Sneeumens" veronderstel is om te slaap.

"Ons bosbewaarders is vertroud met al die tekens wat agtergelaat word deur bere, luiperds en ander bergbewoners. Hierdie tekens is dié van 'n ander dier," sê Dorji met groot stelligheid.

Hy maak 'n paar koeverte oop en haal klompies fyn bruin of blonde hare uit wat volgens verslae deur Jeti's agter gelaat is toe hulle hulself teen bome geskuur het.

"Dis te fyn vir beerpels," sê Dorji, en voeg by dat 'n monster van dié hare maande gelede na Amerika gestuur is om te probeer vasstel tot watter diersoort dit behoort. Hy wag nog vir die resultate.

Intussen het 'n bosbewaarder, Pema Nambiyal, die kantoor binnegekom om nog stories te kom aanmeld van Jak-veewagters wat die Jeti teëgekom het.

Hy verduidelik waarom alle pogings tot dusver misluk het om die Jeti van naby waar te neem of af te neem. "Sodra hulle 'n mens ruik, gaan hulle weg," sê hy. "Sedert ons manne die woude in is om hulle te gaan probeer waarneem, het hulle opgehou om hulself te toon."

Afgesien hiervan, sê hy, glo die mense van die berge dat om 'n Jeti te ontmoet of selfs net sy spore te sien, ongeluk bring.

'n Jeti hardloop vinnig, altyd op sy twee agterbene met sy lang hare wat soos 'n maanhaar in die wind waai, vertel die onderminister. Verskeie mense wat Jeti's al glo gesien het, beweer dat hulle plante en wortels eet, veral wilde uie wat in die lente groei.

Veewagters en bosbewaarders beweer daar is twee soorte Jeti's in Bhutan: Een soort wat twee meter en langer word, en een wat kleiner is en soos 'n aap lyk, sê Dorji.

Jeti is oorspronklik 'n Nepalese woord. Nepal is minder afgesonder as Bhutan, en was al die ligging vir verskeie ekspedisies op soek na Jeti's. Sedert die 19e eeu het verskeie buitelandse verkenners al daarop aanspraak gemaak dat hulle voetspore gesien het wat nie aan enige bekende dier toegeskryf kon word nie.

Britse, Amerikaanse en Noorweegse ekspedisies het die Sneeumens probeer vind, maar kon nie daarin slaag om foto's van hom te neem nie.

Nepalese kundiges glo drie verskillende soorte Jeti's woon in Nepal: een die grootte van 'n seun, nog een die grootte van 'n man, en 'n derde wat langer as drie meter word en mense aanval wanneer hy hulle sien. Die laaste loop gevaar om uit te sterf.

Volgens 'n verhaal wat nog in die Nepalese hoofstad Katmandoe vertel word, het 'n reusagtige, ongeïdentifiseerde monster sestig jaar gelede 'n groep mense naby die Tibetaanse grens aangeval. Hy het 33 van hulle doodgemaak, en net een het ontkom om die verskriklike verhaal te vertel. - AFP


## KLAGTES EN NAVRAE

***Enigiemand wat probleme het met die tuis- of posaflewerings van Vrye Weekblad, moet dit asseblief onder ons verspreiders se aandag bring. Die regstreekse klagtelyn van Times Media Beperk, ons verspreiders in die Transvaal en die Vrystaat, is (011) 497-2911. Mev Rossouw van Allied Publishers, wat die Kaapse verspreiding hanteer, se nommer is (021) 511-0003. As jy nog ontevrede is of oor die algemene beskikbaarheid van Vrye Weekblad wil kla, bel gerus vir Cathy Fennessy by (011) 836-2151.***

*Vrye* **Weekblad**

# Zukav haal angel uit die dood

**THE SEAT OF THE SOUL**
*Deur Gary Zukav*
*Rider: Ongeveer R60*
*(hardeband)*

RYK HATTINGH

"ONS is almal op reis. Niemand van ons het die volheid van die menslike ervaring beleef nie. Al wat ons kan doen, is om ons eie gewaarwordinge met ons reisgenote te deel," sê Gary Zukav in sy jongste boek, "The Seat of the Soul".

En Zukav het iets om te deel.

In sy eerste boek, "The Dancing Wu Li Masters" (Hutchinson & Co, 1979), het Zukav die ontoeganklike wêreld van die kwantum-fisika betree, die ooreenkomste tussen dié dissipline en die Oosterse filosofieë aangetoon, en tot die gevolgtrekking gekom dat die tradisionele wetenskap van Newton besig is om sy laaste meganiese stuiptrekkings te gee. Maar dit is nie al nie, ook die ander dissiplines, denkpatrone, wêreldbeskouings - kortliks: dié paradigma wat die Westerse wêreld die afgelope drie eeue van krag tot arrogante krag laat gaan het - is aan 't verbrokkel.

Galileo Galilei het die fisiese wêreld gekwantifiseer deur mates toe te ken aan beweging, frekwensie en snelheid, en deur te meet hoe lank dit neem vir 'n pendulum om te swaai of 'n klip om te val; Descartes het die fundamentele tegnieke van die moderne wiskunde ontwikkel en aan ons die konsep van die wêreld as Groot Masjien voorgehou; Newton het die wette neergelê waarvolgens dié Groot Masjien werk.

En hoewel rekenaars ingespan is om die mens maan toe te neem, was die meganika daaragter dieselfde as dié wat Newton in sy Philosophiae Naturalis Principia Mathematica uiteengesit het. Die wetenskap het die mensdom tot groot hoogtes gevoer, maar kon ongelukkig nie die belofte wat dit ingehou het, nakom nie.

Dié belofte, volgens Zukav, is een van mag. Mag oor die natuur, die toekoms, honger, pyn, armoede, ander lande, die dood... Zukav haal Joseph Weizenbaum aan: "Science promised man power... But, as so often happens when people are seduced by promises of power, the price is servitude and impotence. Power is nothing if it is not the power to choose."

En die mag om te kies is lank nie meer die mensdom beskore nie, of so wil dit voorkom. Die Groot Masjien rammel blindelings voort, die planeet is 'n wasteland, en die mens staan uitsigloos en kyk hoe die geskiedenis soos 'n voorafvervaardigde video voor hom afspeel.

Dis egter hier waar die Oosterse wysgere afgestof, Sjiwa se dans in die Weste raakgesien, en die verband tussen alle dinge minstens erken word. Simbole volg nie langer dieselfde wette as ondervinding nie. Dis hier waar ons ons eie werklikheid begin bepaal en nie meer die illusie kan volhou dat ons kan toekyk sonder om deel te neem nie. Skielik het die mistici en digters en Westerse fisici dieselfde taal begin praat.

In "The Dancing Wu Li Masters" het Zukav die leser op 'n ongelooflike toer deur die ontwikkeling van die kwantum-fisika en die tydlose wysheid van die Ooste geneem. Hy het ons op die drumpel van 'n nuwe era gelaat waarin die Weste, volgens hom, gereed maak om die "hoër dimensies van menslike ondervinding te betree".

Dit was in 1979.

In 1990, in sy tweede boek, "The Seat of The Soul", beweeg Zukav heeltemal buite die raamwerk van die wetenskap (geen voetnotas en bronnelyste nie), stel hy homself voor as 'n agent van die bewussyn en verklaar: "Each of us is now being drawn, in one way or another, to that same great vision. It is more than a vision. It is an emerging force. It is the next step in our evolutionary journey. Humanity, the human species, is longing now to touch that force, to shed that which interferes with clear contact. Much of the difficulty in doing this lies in the fact that the vocabulary with wich to address this new force, which is indeed the eternal force, is not yet born."

**Die Groot Masjien rammel blindelings voort, die planeet is 'n wasteland, en die mens staan uitsigloos en kyk hoe die geskiedenis soos 'n voorafvervaardigde video voor hom afspeel**

Al die heilige der heiligste koeie van die ou wêreld loop deur: predestinasie maak plek vir individuele keuse - hetsy bewustelik of onbewustelik - en die mens word in beheer van sy eie evolusie geplaas; die huweliksinstelling word as uitgedien beskou en 'n geestelike vennootskap word as alternatief voorgehou; moraliteit word as 'n oorbodige menslike skepping beskou...

Dit is veral teen die wanopvatting van mag wat Zukav dit het: "The perception of power as external splinters the psyche, whether it is the psyche of the individual, the community, the nation, or the world. There is no difference between acute schizophrenia and a world at war. There is no difference between the agony of a splintered soul and the agony of a splintered nation."

En na duisende jare van ongekende wreedheid teen mekaar het dit (hopelik) nou duidelik geword dat die onsekerheid onderliggend aan dié opvatting van mag as iets daarbuite nie reggestel kan word deur die ophoping van eksterne mag nie. Volgens Zukav moet ons mag herdefinieer: "... a power that loves life in every form that it appears, a power that does not judge what it encounters, a power that perceives meaningfulness and purpose in the smallest details upon the Earth. This is authentic power."

Zukav skryf oor reïnkarnasie, karma (wat jy saai, sal jy maai), intuïsie en die ontoereikendheid van ons vyf sintuie. Zukav bring hoop in 'n magsbehepte wêreld. Zukav haal die angel uit die dood uit.

Dié ontoereikendheid van taal om die mens se geestelike voorland te beskryf, noop Zukav miskien om woorde en konsepte by die wetenskap, Boeddhisme, Christendom en die esoteriese tradisie te leen, maar dit beteken nie dat sy boek obskuur of ontoeganklik is nie. Inteendeel, "The Seat of The Soul" is revolusionêr in sy toeganklikheid, en in dié tye waar 'n satanismespook deur die land loop en aan al wat fundamentalis is die geleentheid gee om met New Age- en ander wolfpraatjies sy bedreigde troppie skape bymekaar te jaag, kom Gary Zukav met 'n visie van die mensdom se geestelike pad vorentoe wat die benoudheid so 'n bietjie verlig. Voorspoedige reis.

*Ryk Hattingh is die skrywer van die drama "Sing jy van bomme" en die prosatekste "Die tonnel" en "Markus vermoed 'n verhaal". Sy derde boek, "Ignatius Brand", verskyn* binnekort.

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**


**IDASA EN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSGILDE**

**BIED AAN**

Die Suid-Afrikaanse skrywer:

'n Blik van Binne en van Buite

Die beraad word gehou by Klub Mykonos aan die Weskus. Almal welkom. Navrae by Christine Maritz (021) 61-4051

**WOENSDAG 10 OKTOBER**

**Werkswinkeldag:** George Weideman, Alexander Strachan en Patrick Petersen

**DONDERDAG 11 OKTOBER**

**8.00 Registrasie**
**13.00 Middagete en voorstelling**
**15.00 Verwelkoming:** Mark Behr
**OPENINGSREDE deur VERNON FEBRUARY: Die breë Suid-Afrikaanse kultuurstrewe en die individuele skrywer**
**Voorsitter:** Charles Malan
**16.30 Oop bespreking**
**18.00 Aandete**
**20.00 DIE SUID-AFRIKAANSE LITERêRE KRITIEK: 'n Paneelbespreking ingelei deur TIM COUZENS**
**Paneel:** Ernst Lindenberg, Petra Müller en Helize van Vuuren
**Voorsitter:** George Weideman
**21.30 Oop bespreking**

**VRYDAG 12 OKTOBER**

**9.00 "BINNE" EN "BUITE" - Hoe verteenwoordigend is die Suid-Afrikaanse literatuur: 'n Paneelbespreking ingelei deur NJABULO NDEBELE**
**Paneel:** Antjie Krog, Karen Press, Larry Pokpas en Thomas Pakhati
**Voorsitter:** Fanie Olivier
**11.30 Oop bespreking**
**12.30 Middagete**
**14.00 ORATUUR en ander vorme buite die hoofstroom: Paneelbespreking ingelei deur ISABEL HOFMEYR**
**Voordrag:** Sandile Dikeni
**Paneel:** Vernon February, Don Mattera, Alexander Strachan en Jeanne Goosen
**Voorsitter:** Patrick Petersen
**16.30 Oop bespreking**
**17.30 Aandete: Viering van Gilde se 15de bestaansjaar**
**20.00 SKRYF IN 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA: Paneelbespreking ingelei deur ALBIE SACHS**
**Paneel:** Kelwyn Sole, Marlene van Niekerk, Braam de Vries en Rushdie Sears
**Voorsitter:** Junaid Ahmed
**21.30 Oop bespreking**

**SATERDAG 13 OKTOBER**

**9.00 DIE SKRYWER EN SY/HAAR TAAL IN 'N VERANDERENDE SA: Paneelbespreking ingelei deur BARBARA MASEKELA**
**Paneel:** Anna-Hilga Gagiano, Elsa Joubert, Theo de Plessis en Jan Rabie
**Voorsitter:** Jeanette Ferreira
**11.00 Oop bespreking**
**12.00 Voorlesing uit eie werk**
**13.00 Middagete**
**14.30 Gildesake, kultuurbolkot, mosies**
**18.00 Ingrid Jonker-prys, nuutverkose Gilde-voorsitter, boekeveiling**
**20.00 ANTOINETTE BUTLER en DIE SKIETSELS**

**Visbraai en jol**

# G'n wonder niemand wil by die DP in die bed klim nie

## HENNIE SERFONTEIN takel die Demokratiese Party

AS 'n politieke party gehaat, aangeval of veroordeel word, dan weet mens dat dit deur sy opponente as 'n bedreiging gesien word. Of dit nou vanuit 'n oogpunt van magspolitiek of op moreel-etiese gronde is.

Daar is ook selfs 'n stille, miskien teësinnige, onuitgesproke respek vir die teenstander.

As 'n party dus die respek van sy teenstanders verloor, is hy reeds diep in die moeilikheid. Maar die dag as hy ook nie meer ernstig opgeneem word nie, as nie alleen sy politieke teenstanders, maar ook baie van sy eie ondersteuners oor hom begin lag, dan weet 'n mens sy dae in die politiek is getel.

So 'n party is vandag die Demokratiese Party (DP).

Die harde politieke werklikheid is dat die DP na sekere gebeure en uitlatings deur leiersfigure erg aan geloofwaardigheid in die nuwe politieke bedeling ingeboet het, en die respek van beide blanke en swart politieke teenstanders verloor het.

### Eierdansery

Voeg hierby die manewales en eierdansery die afgelope weke rondom omstrede en delikate sake soos samewerking met die NP, en onderhandelinge met die ANC, en die gevolg is dat politiek ervare teenstanders in ongeloof vir die DP lag. Want die DP het die jongste politieke grap in Suid-Afrika geword.

Die NP moet diep in hul mou lag oor die lamheid en kruiperigheid van die DP om ten alle koste 'n ooreenkoms oor die Randburg-tussenverkiesing en toekomstige gebeure aan te gaan.

Eers stel Zach De Beer, die nuwe DP-leier, vir Harry Schwarz aan as sy onderhandelaar met die NP. As een van die mees regse DP-lede in die koukus, vanweë sy anti-ANC propaganda teen Dave Dalling op die onlangse kongres, en as voorste "patriot" en vlieksleper vir jare by die regering oor sake soos die weermag en die ANC, kwalifiseer hy blykbaar vir dié delikate taak.

Oorsee is hy en De Beer so diep betrokke by onderhandelinge dat jy skaars hakskene sien. Die pers word daagliks gevoer met berigte. 'n Ooreenkoms is op hande, die DP en NP gaan mekaar nie meer in die tussenverkiesings beveg nie, en selfs later word voorspel dat dit die NP is wat in Randburg gaan onttrek.

Maar FW De Klerk, die NP-leier, is 'n gedugte politikus, geskool in die meedoënlose politieke tradisie van 'n party wat in 'n stadium beskou is as die doeltreffendste politieke masjien ter wêreld.

Hy verwerp die DP-versoek tot die skok en verbasing van die party se leiers. Om te red wat te redde is, kondig De Beer eensydiglik aan dat die DP hom aan sy setel onttrek. Dit word 'n politieke klug en 'n politieke fiasko.

De Klerk se houding was duidelik: nee dankie vir niks. Die DP het niks om aan niemand te bied nie. Sy verdeelde beleid, leierskap en strategie is 'n spieëlbeeld van die ou verdwene Verenigde Party.

Gewone DP-kiesers loop in elk geval in hul tienduisende oor na die NP.

Daar is nie kans vir subtiele politieke verleiding deur die NP nie, want sommige DP-leiers is reeds polities naak in die politieke wittebroodsbed.

### Onrealisties

Ironies, dit is die sogenaamde linkervleuel wat die deelname aan die Randburg-verkiesing teengestaan het as teenstrydig met die dramatiese politieke gebeure. En dit was die De Beer-groep wat met onrealistiese planne dit ten alle koste wou bevestig.

Die DP-leiding vergeet dat selfs in die nuwe era die politiek gegrond is op krag en ondersteuning. Want wie stel belang in 'n alliansie met 'n verbrokkelende, verdwynende politieke klug wat deur die vernaamste politieke groepe in sy gesig uitgelag word?

Vir die beoogde hervatting van die gesprek met die ANC, wat deur laasgenoemde gekanselleer is, stel De Beer die junior, bitterbek en anti-ANC Tony Leon as sy onderhandelaar aan. Almal wat die nuus die eerste maal hoor, insluitende myself, het hardop uitgebars van die lag.

Dis tog onmoontlik... Dit is seker die nuutste politieke Van Der Merwe-grap, was mense se eerste reaksie.

De Beer is 'n man met 'n vlymskerp verstand en lang politieke ervaring. Maar sy verduideliking van die Leon-aanstelling is 'n belediging vir 'n mens se politieke intelligensie en werp onnodiglik 'n refleksie op sy politieke geloofwaardigheid.

De Beer sê Leon is slegs gevra om 'n eenvoudige, eenmalige taak te verrig om 'n ANC-amptenaar te nader. Leon ontken dit en sê hy staan De Beer by in alles wat nodig is om die eerste gesprek met die ANC geloods te kry.

Die vraag op almal se lippe is: Hoekom vra De Beer dan vir Leon, 'n man wie se geloofwaardigheid onder swartmense nul is? Wat van mense soos Peter Gastrow of Jan Van Eck, wat al jare betrokke is by gesprekke op die hoogste vlak met die ANC namens die ou PFP en nou die DP.

De Beer is nie dom nie, en niemand glo dat so 'n ervare man maar toevallig vir Leon gevra het nie. Dan noem De Beer dat hy sekere mense soos Sisulu al sedert 1960 ken. Johannesburg is maar 'n klein stad en die ANC-kantore slegs 'n telefoonoproep of 'n paar blokke weg.

Of is dit deel van die venynige "ANC-bashing" die afgelope tyd deur die here De Beer, Schwarz en Leon? Hulle oortref selfs die regering se anti-ANC-verkiesingsveldtogte van 1987 en 1989. Dit geskied ondanks hul sogenaamde liberale beginsels.

Komende juis van die DP is dit onwaardig, onvanpas en in stryd met die feite. Dit is ironies dat dit juis die NP met sy "hairyback" Afrikaner-leierskap is wat die DP ligjare voor is in die waardigste en besliste hantering van die ANC.

### Sakemanne

Niemand sê die ANC moet nie aangeval en skerp gekritiseer word nie. Maar dan nie met wanvoorstellings, 'n McCarthy-agtige benadering uit die jare vyftig en 'n wilde histerie, veral oor ekonomiese sake nie. Vergelyk die meestal bedaarde manier waarop die NP die ANC kritiseer, die kalme manier waarop Pik Botha sakemanne, wat bang is vir die ANC se nasionalisaringplanne, aanraai om rustig met Nelson Mandela daaroor te praat.

As politieke realiste kan die NP politieke retoriek en die lang geskiedkundige agtergrond wat daartoe aanleiding gee, heel goed begryp. Veral as jy altyd die underdog was.

Die DP se skrikmaak-veldtog teen die ANC bewys dat dit die party van gister is. Geen wonder die NP wil nie saam met hom in die bed klim nie.




**STREEKS-JEUGKONFERENSIE**

TEMA: Jeugonderhandelings en Vrede
PLEK: Skiereiland Technikon se sportsaal
DATUM: Saterdag 13 Oktober 1990
TYD: 9vm - 5nm

Alle jeuggroepe wat belang stel om aan dié konferensie deel te neem, skakel:
Neville (021) 952-6691
Richard (021) 471313/931-2833

Finale datum vir aansoeke: Donderdag 11 Oktober 1990


# Suid-Afrika se leiers (33): Allan Boesak

**IN Agustus 1982, by die Ottawa-vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke - 'n organisaie wat 150 Kerke van Calvinistiese tradisie in 76 lande verteenwoordig - het Allan Boesak 'n mosie ingedien dat apartheid as kettery verklaar moet word en strydig is met die Evangelie. Hierop is die blanke NG Kerk en die NHK se lidmaatskap by die Wêreldbond opgeskort met sekere voorwaardes vir heraansluiting. Dit is net een van die rolle wat Boesak as kerkleier gespeel het.**

**Reeds as hoërskoolleerling het Boesak die Suid-Afrikaanse politieke situasie begin bevraagteken - die regstreekse gevolg van die feit dat sy familie slagoffers van die Wet op Groepsgebiede was.**

**Boesak is in 1945 op Kakamas in die Kaapprovinsie gebore. Hy is die seun van Sarah en Willem Boesak, 'n onderwyser. Hy het vroeg in die Kerk begin belang stel en in 1967 het hy by die Bellville Teologiese Seminarie gegradeer. Hierna het hy die Sendinggemeenskap in die Paarl drie jaar bedien. In 1970 is hy na die Kampen Teologiese Instituut in Nederland waar hy sy**



**doktersgraad in die teologie verwerf het. (Hy is Nederland toe omdat hy toelating tot die Universiteit van Stellenbosch geweier is.)**

**Boesak het 'n leidende rol in die stigting van die United Democratic Front gespeel en dien as beskermheer van dié organisasie. In 1984 was hy aan die voorpunt van die Miljoen Handtekeninge-veldtog.**

**In Agustus 1985 is hy in hegtenis geneem op die aanklag dat hy 'n township sonder 'n permit wou binnegaan. Dié aanklag is later laat vaar. Gedurende dieselfde jaar is hy onder artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid in hegtenis geneem omdat hy 'n optog na Pollsmoor beplan het om die vrylating van Nelson Mandela te eis. Hy is op R20 000 borgtog vrygelaat. Die streng voorwaardes is later deur die hof versag.**

**Boesak was tot onlangs nog die president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke.**

**Daar is egter heelwat omstredenheid rondom dié kerkleier. Boesak het onlangs uit al sy kerklike ampte bedank na 'n verhouding wat hy met die joernalis Elna Botha gehad het, bekend geword het.**

**Dié omstredenheid het egter nie sy gewildheid laat afneem nie.**

**Boesak se belanstellings sluit in musiek, kook en draf. Hy het reeds vier boeke gepubliseer: "Farewell to Innocence", "The Finger of God", "Walking on Thorns" en "Black and Reformed".**

**Hy is getroud met Dorothy. Hulle het vier kinders, Lieneke, Belen, Pulane en Allan.**

\- IRENE LOUW

**Op die vooraand van die groot troue tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika het die swart kerk nog geworstel met die huweliksvoorwaardes. INA VAN DER LINDE vertel**



Russel Botman en Nic Apollis van die Sendingkerk

# So amper stort die troukar toe oor die afgrond...

BRUILOFSGASTE wat gister hier by Belhar opgedaag het vir die troue van die dekade, dié tussen die NG Sendingkerk (NGSK) en die NG Kerk in Afrika (NGKA), het 'n rowwe rit in die troukar gehad wat vir oomblikke gelyk het asof hy oor die afgrond gaan stort.

Op die laaste minuut is 'n breekspul in die eenwordingsproses afgeweer. Nadat die NG Kerk in Afrika se sinode reeds verdaag het en huis toe is, het die NG Sendingkerk 'n vroeëre besluit dat eenwording nie onmiddellik kan geskied nie, herroep.

Teen die druktyd moes daar nog net besluit word wanneer die troue gaan plaasvind, dieselfde dag nog of eers vandag.

Dit was 'n dag van skommelinge waarin dit dikwels gelyk het of eenwording 'n droom sou bly. Dit het uitgeloop op 'n voorstel van die moderatuur van die NGKA voor sy sinode om alleen, sonder die Sendingkerk, voort te gaan onder die naam wat vir die egpaar bestem was, die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika.

Totale mismoedigheid het geheers na dié besluit, en die bruilofsgaste is teleurgesteld huis toe.

Die aanloop hiertoe was 'n besluit van die Sendingkerk gisteroggend om nie met onmiddellike eenwording voort te gaan nie omdat die NGKA Woensdagaand sekere besluite geneem het wat vir hulle neerkom op ernstige kerkregtelike oortredings.

Die Sendingkerk was wel bereid om voort te gaan met 'n konvent van voorneme vir kerkeenheid, maar die NGKA het weer op hul beurt geweier.

Teen alle verwagting in het die moderatuur van die NGKA gistermiddag laat 'n verklaring aan die sinode voorgelê waarin met "onsteltenis" kennis geneem word van die besluit van die Sendingkerk.

In die voorstel het die NGKA hom bereid verklaar om steeds met die Sendingkerk te verenig "sowel as met alle ander gereformeerde kerke" in die land.

Hulle het steeds op hul standpunt van onmiddellike eenwording met die Sendingkerk gestaan en besluit "ten einde alle hindernisse uit die weg te ruim,... die naam van die NGKA te verander tot die Verenigende Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika".

Toe het die rowwe rit van die bruidskar reeds sy eerste slagoffer geëis.

Die vorige aand het 'n verskrikte ds Sarel J Corrie van die gemeente Benede-Oranje in Noord-Kaapland die eerste geword om te dreig met 'n hofsaak teen die "onkerkregtelike pad" wat die NGKA se sinode gevolg het met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar - tot dusver die groot strydpunt in die eenwordingsproses.

Die agtergrond waarteen dié drama hom afgespeel is drie jaar van voorbereiding deur 'n "gesprekskommissie" van die twee kerke vir kerkvereniging.

Die feit dat die Sendingkerk vier jaar gelede 'n vierde belydenisskrif aanvaar het, naamlik die Belydenis van Belhar, was een van die groot sake op die agenda.

Vir die Sendingkerk het die Belydenis van Belhar 'n rigsnoer geword waaraan bykans elke optrede van die kerk gemeet word.

Om daarvan af te sien ter wille van kerkeenheid, was vir hulle ondenkbaar.

Een van die opsies was dat die NGKA Belhar as belydenisskrif aanvaar. Volgens 'n bepaling in die Kerkorde (grondwet) van die NGKA kon die belydenisgrondslag van die Kerk net gewysig word nadat elkeen van sy sewe streeksinodes dit met 'n twee derde meerderheid aanvaar het, waarna dit met 'n twee derde meerderheid in die algemene sinode aanvaar moet word.

Teen die tyd dat die buitengewone algemene sinode van die NGKA Woensdagaand besluit het om dit as 'n belydenis te aanvaar, het nie een van die streeksinodes nog oor Belhar besluit nie.

Bygesê, met meer as die vereiste twee derde meerderheid stemme en nadat verskeie kerkmanne wanhopig probeer walgooi het.

Woensdagaand het die sinode voortgegaan en summier die lastige kerkorde-reëling met 'n twee derde meerderheid geskrap, ondanks nog 'n bepaling dat drie maande vooraf kennis gegee moet word van enige wysiging aan die kerkorde.

Na die besluit het totale wanorde onder sinodegangers geheers. Terwyl die voorstanders van kerkregtelike prosedures moedeloos rondgestaan het, het 'n gees van oorwinning onder die res geheers.

Later het 'n bebaarde toeskouer langs my die klein ds Weepener van Limpopo se hand gepomp: "Ja boertjie, wat gaan jy vir jou gemeente sê? Sê vir hulle ons het die kerk terug gevat!"

En die man wat by uitstek verantwoordelik gehou is vir die katastrofe, is die aktuarius van die NGKA, dr Nico (Mamelodi) Smith.

Hy was van meet af oortuig dat die kerkregtelike probleme net 'n fiksasie van die brein van "verkrampte wit predikante" in die NGKA is wat kerkeenheid wil terughou.

Oor dié punt was daar so laat as Woensdag oor die middaguur nog 'n ernstige uitval tussen die Sendingkerk-lede van die gesprekskommissie en Smith, wat steeds volgehou het dat daar geen kerkregtelike probleme in die pad van onmiddellike kerkvereniging staan nie.

Die boodskap van Smith aan die Sendingkerkmanne was: "Wat ons met die kerkorde doen, is ons probleem."

Hierteenoor het die Sendingkerk se woordvoerders gemeen dat 'n konvent van voorneme tot eenwording moet plaasvind, wat oor ses maande in werking tree nadat die streeksinodes van die NGKA eers byeengekom het om oor die Belydenis van Belhar te besluit.

Kenners van die kerkreg in die Sendingkerk en ook in die NGKA was dit eens dat eenwording nie kan plaasvind as die NGKA nie die kerkregtelike pad loop nie.

Een rede hiervoor is verskaf deur ds Sakkie Mentor, vorige assessor van die Sendingkerk.

Mentor, wat die regse vleuel in die Sendingkerk verteenwoordig, het gewaarsku dat die eenwording tussen die twee kerke deur 'n geregshof nietig verklaar kan word indien 'n kerkraad of persoon van enige van die twee kerke kan bewys dat daar nie volgens kerkwet opgetree is nie.

Boonop kan enige kerkraad wat so 'n saak wen, verklaar dat hy die werklike NGSK of NGKA is en op grond daarvan op die eiendom van die kerke aanspraak maak.

Smith het mense daarvan beskuldig dat hulle van die kerkorde 'n "papierpous" maak. "Daar is tye wat ons ons eie regulasies en wette moet breek ten einde om mense na die Here te lei", was sy houding.

Hierin was hy nie alleen nie. Stewig langs hom het 'n klomp ander gestaan. Soos dr Takatso Mofokeng van Unisa, wat verklaar het dat die kerkorde nie uit die swart geledere gegroei het nie, maar 'n produk van wit sendelinge in die kerk was.

Raak ontslae van die kerkorde, én van diegene wat nie op die pad van eenwording wil gaan nie, is deur verskeie mense gesê.

Intussen het dit duidelik geword dat die NGSK juis met die kerkorde op die pad van eenheid wil gaan. In 'n spoedvergadering Woensdagnag het die Sendingkerk se moderatuur besluit om die konvent vir eenwording, wat Donderdag en Vrydag in Belhar, naby Bellville sou plaasvind, vir 'n jaar uit te stel.

Hoogstens kan gepraat word oor 'n konvent van voorneme om een te word, maar ook dit was gister teen die ter perse gaan nog in die weegskaal.

Prof Jaap Durand, een van die adviseurs op die Gesprekskommissie, het gisteroggend verklaar dat die weg wat die NGKA gekies het om hul kerkorde te verander, "sonder enige twyfel nie kerkregtelik was nie".

Die konvent moet liefs uitgestel word en die NGKA moet versoek word om intussen hul "prosedure te heroorweeg".

Hierfoor was die NGKA woedend. Beskuldigings van "onderdrukking" is teen die Sendingkerk gehoor, en dat hulle paternalisties optree deur vir die NGKA te besluit oor moontlike onkerkregtelike optrede.


**Onafhanklike joernalistiek op sy beste - teen 'n kwart van die prys**


**Dié spesiale aanbod is nie te versmaai nie: R57 vir 'n jaar se Vrye Weekblad by jou huis of kantoor afgelewer of per pos aangestuur (die gewone prys is R75), en R30 vir ses maande (gewone prys: R40). AVB is ingesluit.**

Is jy onseker of Vrye Weekblad jou soort koerant is?
Teken dan net vir drie maande in - vir net R17,50 (AVB ingesluit). Dié aanbod geld net vir drie maande. Vul dus dadelik dié vorm in en stuur aan:
**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.**

**Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:**
**Twaalf maande** ☐ **ses maande** ☐
**drie maande** ☐
**en sluit 'n tjek/poswissel vir R_____ in.**
**Naam** __________
**Adres** __________

# Alle lewe is heilig, sê die Hindoes

**Die tweede aflewering in ons gespreksreeks tussen mense van verskillende geloofsfilosofieë en hul siening oor die menseregte word deur dr A SOOKLAL van die Departement Hindoe-studies aan die Universiteit van Durban-Westville behartig**



By die uitset is dit nodig om te erken dat alle groot godsdienstige tradisies met dié sentrale paradoks sit: deur die geskiedenis is almal in 'n stadium gebruik (of misbruik) om gedragspatrone en sosiale stelsels te steun wat die waardigheid en gelykheid van mense misken het.

Voordat enige religieuse tradisie uitsprake kan maak oor 'n onderwerp soos menseregte en menslike onreg, is dit gepas om hand in eie boesem te steek en te bely dat godsdienste al te dikwels 'n bydrae gemaak het en steeds maak tot die regverdiging van menslike uitbuiting en lyding.

Die Hindoe-tradisie erken byvoorbeeld dat daar in sy eie geskiedenis omstandighede en instellings geskep is - en daar is steeds baie gevalle hiervan - wat verdrukkend was en wat die geleenthede, vryhede en moontlikhede van sommige mense vernietig het.

Terselfdertyd het van die sterkste protes teen onreg en diskriminasie in die Hindoe-wêreld van binne die Hindoeïsme self ontwikkel. Dink maar aan groot Hindoe-denkers soos Mahatma Gandhi, Swami Vivekananda, dr Radhakrishnan, Sri Auyrobindo en vele andere wat onvermoeid gepoog het om die Hindoe-samelewing te suiwer van die onregverdige en onmenslike praktyke wat oor die jare dié samelewing binnegesypel het.

Die begrip van menseregte was al sedert die Vediese tydperk van groot belang vir die mens. 'n Nuwe klem op menseregte het egter in Indië tydens die Britse besetting van die land én die Indiese vryheidstryd wat daarop gevolg het, ingetree.

Die leidende denkers van dié tyd en leiers van 'n herontwaakte Hindoeïsme het besondere aandag gegee aan die kwessie van die regte en voorregte van die individu.

Die mens beklee 'n hoë posisie in die Hindoe-filosofie. Die leer van die inwoning van God in die mens impliseer dat die mens eintlik goddelik is. Alle mense is in der waarheid een, omdat dieselfde gees in almal woon.

Alle mense het egter nie dieselfde eienskappe en temperament nie. Volgens die Hindoeïsme manifesteer die alomteenwoordige Oppersiel homself op verskeie maniere. Dié verskille in temperament en eienskappe is 'n aanduiding van die rykheid van die goddelike ontsluiting of uitdrukking.

Uit die leerstelling van die goddelikheid van die mens kan afgelei word dat alle mense uiteindelik goed is en dat niemand, hoe verwronge ook al, van verlossing uitgesluit is nie.

Die Hindoeïsme beskou die gemeenskap as 'n eenheid waarin die verskillende aspekte van die lewe ten nouste saamgebind is. Die menslike lewe is 'n onverdeelde geheel en daarom kan die lewe nie in verskillende kompartemente ingedeel word - byvoorbeeld etiek en politiek, of geloof en ekonomie - nie.

Bipin Chandra Pal verklaar dié verskynsel as volg: "A grand purpose runs through this universe, and a mysterious link connects every atom - every smallest bit of thought and action with another and with that grand purpose, and everything is useful - everything is sacred, for everything is from God and is by Him ordained to further that universal end."

Vanuit dié oogpunt gesien word elke afdeling van die lewe as heilig en edel beskou. Die onderskeid tussen die tydige en die ewige, of tussen die religieuse en die profane, verdwyn soos mis voor die son.

Godsdiens word een met die politiek en politiek met etiek. Chandra Pal sê dat politieke gelykheid nie binne 'n situasie van sosiale ongelykheid tot stand kan kom nie. Eweneens meen hy dat ons religieuse houdings in die politieke en ekonomiese stelsels weerspieël sal word.

Volgens Gandhi openbaar die Hindoeïsme die waarheid van die inherente gelykheid van die mensdom. Hy formuleer dit so: "Na my mening is daar nie so iets as inherente of verworwe superioriteit nie ... alle mense word as gelykes gebore. Almal - of hulle in Indië of in Engeland of in Amerika of onder watter omstandighede ookal gebore is - het dieselfde siel as die ander."

Hindoeïsme sê dat mense, ondanks die verskille in voorkeure en talente, gelyk is. Elke individu het 'n eiewaarde, die reg tot lewe, vryheid en die soeke na geluk. Elke individu het die reg om sy natuurlike vermoëns maksimaal te ontwikkel. Die sosiale en ekonomiese maatreëls van die gemeenskap moet nòg die natuurlike vermoëns van individue beperk, nòg dié van ander bevoordeel.

Almal moet dieselfde voorregte geniet om gelyke moontlikhede 'n wesentlike feit en nie 'n blote hersenskim te maak nie. Dit is nie moontlik in 'n samelewing waarin groot sosiale, ekonomiese en politieke ongelykhede bestaan en waarin beter geriewe, groter regte en moontlikhede aan 'n spesifieke ras, gemeenskap of groep toegeken word nie.

Swami Vivekananda maak die stelling dat as ons mense as gelykes behandel, dit ons plig is om weg te doen met daardie instellinges wat verskille in die hand werk. Hy meen ons moet ontslae raak van al die ongelykhede wat nie deur God self verorden is nie.

Dit impliseer dat onregverdige sosio-politieke toestande verander sal moet word indien 'n mens gelyke moontlikhede vir almal wil bewerkstellig.

Ek moet my haas om te sê dat die debat rondom menseregte 'n hele aantal dimensies het en dat dié net 'n paar gedagtes oor die onderwerp weergee soos dit binne die Hindoe-wêreldbeskouing gesien word. Die allesoorheersende klem op vryheid in die moderne politiek en filosofie het grootliks ontstaan as 'n reaksie teen die instellings van 'n uitbuitende en outoritêre samelewing.


Daar is 'n groeiende teenkanting teen die instrumente van beperking wat die mens sy grondliggende en natuurlike regte om liggaamlik en geestelike te groei en te ontwikkel, ontneem.

Die Hindoeïsme voorsien die koms van 'n geestelike samelewing ter wille van die verwesenliking van 'n alomvattende vryheid. In terme van dié ideaal mik die Hindoe-etiek na die skepping van 'n samelewing waarin die waardigheid en waarde van die mens gevestig en in stand gehou sal word as deel van die grondliggende eenheid van alle lewe.

Die waarde van die Hindoeïstiese menseregte-etiek lê daarin dat dit trag om gelyke moontlikhede en voorregte aan alle lede van die samelewing te verseker, sodat hulle sowel die uiterlike as die innerlike self ten volle kan ontwikkel.

# Die Kerk en konstitusionele onderhandelinge

Geloofspraatjies



**TAKATSO MOFOKENG**

DIT is geen geheim meer nie dat die sogenaamde senior spelers in die aankomende konstitutionele onderhandelinge, naamlik die regering en die ANC, druk besig is om saam - maar ook afsonderlik - voorbereidings vir die eintlike onderhandelinge te tref.

As deel van dié voorbereidings wat in diepe geheimhouding plaasvind, word onder meer voorstelle gemaak en oorweeg oor welke organisasies en persone uitgenooi moet word. Af en toe verskyn daar in die pers allerlei berigte hieroor en soms kan dit afgelei word uit toesprake van lede van albei gesprekspanne. Baie moedige politieke kommentators en spekulante gaan baie keer sover as om ook name van die organisasies en persone te noem. In hulle lyste wat van dag tot dag verander, sluit hulle kerke as besondere belangegroepe in.

Af en toe gaan daar veral van regeringskant stemme op oor hóé die proses sal verloop en wat gedoen sal word. Daar sal beding word en kompromisse sal deur albei kante gemaak moet word om die bereiking van 'n bevredigende skikking te bespoedig. Daarby voeg die betrokke ministers aan die een kant en die ANC aan die ander kant punte waaroor daar nie onderhandel kan word nie omdat onder hulle geledere oor die bepaalde sake so sterk gevoel word. Dié eerste "kaarte op die tafel sit" is 'n eerlike begin van die spel. Dit moet niemand verbaas of ontmoedig nie.

Die onderneming om kerke by die konstitusionele onderhandelinge te betrek roep onvermydelik baie lastige vrae op. In dié rubriek sal dit nie gaan om hulle geskiktheid of bekwaamheid, gesien die opleiding van hulle leiers, nie. Dit gaan eerder om die kerk se spesifieke bydrae tot die konstitusie en die sake wat daarmee verband hou, soos byvoorbeeld die handves van menseregte. En hiervoor hoef die kerk nie in die vergadersaal te wees of vir die bepaalde vergaderdatum te wag nie. Eintlik moet die kerke nou al hulle posisies oor die beginsels van bedinging en kompromisse duidelik en openbaar maak. Hulle moet ook sê waar grense getrek behoort te word. Maar juis hiér kan probleme opduik.

Die eerste probleem is die verdeeldheid in beide die teologiese beoordeeling asook die maatskaplike bestryding van die apartheidsbeleid en praktyke wat tydens die hele duurte van die Nasionale Party se apartheidsbewind tussen verskeie kerke en kerkorganisasies geheers het. Sommige kerke, veral die Afrikaanssprekende kerke, met die NG Kerk in die leiding, het tot onlangs nie net dié beleid teologies regverdig en verdedig nie, maar ook die implementering daarvan deur middel van allerlei sendingprojekte daadwerklik bevorder. Aan die anderkant het baie Engelssprekende kerke aanhoudend krities daarteen gestaan. Daarlangs het baie swart en blanke teoloë uit veral die laasgenoemde kerke 'n teologie ontwikkel wat as 'n formidabele wapen gedien het in die kerklike stryd teen die sonde van apartheid.

Ons weet almal watter velle teologiese en etiese stryd daar tussen die kerke en teoloë in die afgelope twintig jaar gewoed het. Hoe langer dit geduur het, hoe veller het dit geword en hoe harder het die teologiese stellingname geword. Sommige van die strydende predikante en teoloë is as gevolg van die stryd uit die kerk gewerp (Is dit nie wat sensuur in dié bepaalde gevalle as gevolg gehad het nie?) terwyl ander hoër en hoër in die kerklike besture gestyg het.

Tot ons verbasing begin die twee kante van die kerk nou op die vooraand van onderhandelinge vinnig nader aan mekaar beweeg sonder om vooraf te sê wat van die groot teologiese verskille rondom apartheid geword het. Wat het nou gebeur?

Aangesien ons hier met die kerk te doen het, hoop ons dat dié toenadering van kerke tot mekaar nie die resultaat van teologiese puntebedinging en van teologiese kompromisse is nie - iets wat volgens my moreel ontoelaatbaar sou wees.

In die afwesigheid van dokumentele bewyse van bogenoemde kan ons net raai dat dit te wyte is aan die politieke kragte wat betrokke is. Dié politieke kragte het 'n optimistiese sfeer geskep en 'n beweging op tou gesit wat besig is om allerlei beweginge en die kerke - veral diegene wat berugtheid verwerf het deur hulle regverdiging van apartheid - mee te sleur.


As deur die kerk ook beding moet word, is daar een beginsel wat ons by die Swart Teologie en die Teologie van die bevryding geleer het wat as handleiding moet dien, naamlik dat die kerk die kant van die armes, die swakkes en die onderdruktes moet kies en hulle saak bepleit.

As God, en so betoog bevrydingsteoloë, die kant van die slawe gekies het om hulle te bevry (Eksodus 3:7 en 8) en ook in Jesus van Nasaret 'n vernederde mens, eintlik slaaf geword het (Filippense 2:7) om so die mensdom van selfvernietiging te bevry, is die weg vir die Christelike Kerk aangewese. Só kan oor implementering van geregtigheid vir die onderdruktes en oor die dringendheid daarvan in finansiële, ekonomiese, politieke en sosiale terreine nie kompromisse gemaak word nie.

Soos dr Martin Luther een keer gese het: "Justice delayed is justice denied." As die kerk nie nou en hier vas staan nie, sal dit moeilik wees vir haar om in die toekoms profeties te wees en die saak van die swakkes en die armes in die toekoms te bepleit want, soos ek glo, geregtigheid is onverdeelbaar.

*(Dr Takatso Mofokeng is 'n sistematiese teoloog aan Unisa)*

# Laat ons die wortel van die bitterheid nie vergeet nie




ONTHOU u, as u ouer as dertig as, die land van melk en heuning, toegeplak met sy bordjies wat almal se reg van toegang bepaal het? Nie net waar hulle mag woon nie, maar wat op 'n tydstip elke mens se daaglikse doen en late bepaal het?

Soos onkruid het dit orals opgeslaan en voortgewoeker: die sigbaarste van die talle gedaantes van die vertroetelde rassisme in die hart van die wit Suid-Afrikaner.

En die trots van elke besoeker se kamera-oog: "Slegs blankes".

"Kleurling-toonbank", "Nie-blanke toilette", "Non-white eating house", "This beach reserved for members of the white population group."

Later kon jy darem saam eet, solank daar nie alkohol bedien is nie. Later eet en drink, maar nie dans nie. Later nog dit. Later nog dat.

En nou is dit verby: formeel het afsonderlike geriewe Dinsdag gesterf en ter helle neergedaal. Maar sodat ons nie vergeet nie, nooit kan vergeet nie, staan dit opgeteken in die Afrikaanse letterkunde op vreemde en verrassende plekke. As die geskiedenis nie meer daarvan vertel nie, sal ons nog daarvan weet.

Een van die hartseerste van al dié vertellinge is die gedig "Vryheid" van Adam Small, waarmee sy bundel "Kitaar my kruis" amper dertig jaar gelede begin het.

As ons wil weet waar die wortels van die bitterheid lê, kan ons maar net na gedeeltes van dié lang gedig luister waarin vertel word van 'n terugkeer na 'n goddelike middaguitstappie van 'n man en sy swanger vrou.



Adam Small

*die leuen kry gestalte*
*toe ons die bus na Wynberg haal terug*
*die middag by die 15de bushalte*

*ons klim die trap, die bus is agter vol oorvol*
*agter waar ons bruines sit, mág sit*
*kol-kol kom deur die ruite*
*die sonskyn oor die akkerbome buite -*
*deel van die droewe hel van hierdie rit*

*agt sitplekke is oop voor in die bus*
*vir blankes net*
*en 'n swanger vrou moet staan, sy's bruin, nie wit*
*en deur die ruite*
*kom die sonskyn oor die akkerbome buite -*
*deel van die droewe hel van hierdie rit*

*ek vra die kondukteur mag sy maar sit...*
*my God, mag sy maar sit*
*mag sy maar sit!*
*maar watter voorreg is dit tog is jy nie wit*
*om te mag sit*
*God ja*
*net dit*
*net dit*
*om te mag sit...*
*dit maal*
*maal*
*maal*
*mal in my kop*
*sodat ek siek en mislik voel en naar*
*ek kyk na haar, my vrou, ek kyk na haar*
*en God, daar in haar oë is weer die verhaal*
*waarvan die moontlikheid hier onverklaar*
*steeds bly:*

*dit pyn, sê sy, maar ons moet liefhê, ons hét lief, bedaar!*
*ek antwoord haar*
*ek antwoord met my oë, dit is waar*
*ek antwoord: ons moet liefhê, ons hét lief, maar dit is swaar...*

*ek vra die kondukteur mag sy maar sit*
*hy skud die kop*
*en wys die vinger na die bord, die welbekende bord:*
*vir blankes net -*
*vir nie-blankes word vreugde opgeskort*
*steeds deur die bord -*
*en 'n vrou ses maande swanger mag nie sit*
*en deur die ruite*
*kom die sonskyn oor die akkerbome buite -*
*deel van die droewe hel van hierdie rit*

*ons ry*
*duisel ek dan?*
*sien ek nou weer die die vrye bloue ruim*
*sien ek nou weer die meeue hoe hulle vlieg*
*so dromend dralend*
*ruik ek die soutreuk van die wind*
*sien ek die vissersbootjies kleurryk see-in wieg*
*hoor ek die see breek teen die rotse*
*en bruis tot skuim*
*sien ek nou regtig weer die see, hoor ek die see*
*proe ek, ruik ek, voel ek nou regtig weer die see*
*die see?*
*nee!*
*nee!*
*ek sien*
*ek hoor*
*ek proe*
*ek ruik*
*ek voel -*
*en moet dit doen, doen as my hele doel -*
*my eie skreeu om vryheid!*
*vryheid!*
*vryheid!*
*dié van my vrou en ongebore kind*
*van álle vroue*
*álle kinders*
*álle mense wat nie wit is nie...*
*die bus ruk*
*en 'n vrou ses maande swanger staan,*
*die hele lewe ruk -*
*is dit vir ons nie-blanke mense dan net waan*
*geluk?*

*die bus ruk*
*en 'n vrou ses maande swanger staan*
*die hele lewe ruk en ons almal wat nie wit is nie ons staan*
*sy staan vir ses, vir sewe myl, sy staan*
*ons almal staan, staan meer as ses*
*en meer as sewe myl,*
*staan vir 'n hele lewe*
*en agt sitplekke oop, maar sy moet staan*

*o God, U hoogste proef is nie die vuur maar die vernedering!*
*hoor ek die see sing, sing*
*hoor ek die meeue sing?*
*nee!*
*nee!*
*ek hoor die vryheid*
*ja die vryheid sing!*
*want ek sien weer in jou oë die verhaal*
*en ek soos jy verstaan mos hierdie taal:*
*dit pyn, sê jy, maar ons moet liefhê, ons hét lief*
*en dit behoort aan óns*
*aan óns*
*op elke rit soos dié*
*met elke ruk van bus of lewe*
*die geluk!*

*o God, U hoogste proef is nie die vuur maar die vernedering!*
*hoor al ons mense hoor*
*en hoor jyself o hart*
*Gods hoogste proef is nie die vuur*
*maar die vernedering!*
*hoor alle vroue, alle kinders, hoor*
*my kind, hoor goed*
*hoor goed*
*Gods hoogste proef is nie die vuur*
*maar die vernedering!*

# 'Dit was 'n eer om deel van die stryd te wees'

**Op 19 September het DR WENDY ORR die Burgerregteverenigíng se toekenning vir haar waagmoedige handhawing van hoë standaarde in die mediese etiek ontvang. Dié toekenning is gedoen omdat sy as distriksgeneesheer "die sistematiese aanranding van aangehoudenes deur die polisie tydens die noodtoestand van 1985 aan die kaak gestel het". Hier is haar toespraak wat namens haar by die ontvangs van dié toekenning voorgelees is**



DIT was vyf jaar gelede toe ek, saam met 44 ander, aansoek by die Hooggeregshof in Port Elizabeth gedoen het waarin ons gevra het dat die polisie verhoed moet word om aangehoudenes onder die noodtoestand aan te rand.

My optrede en bewysstukke het Suid-Afrika geskud en wêreldnuus geword. Geen ander distriksgeneesheer het ooit só 'n stap geneem nie, en geen distriksgeneesheer het dit sedertdien weer gedoen nie.

My besluit om na vore te kom was nie polities geïnspireerd nie - om uit my verklaring aan te haal: "It ultimately became clear to me that, unless I made a stand and did something about the plight of the detainees, I would be compromising my moral beliefs and my perception of my professional responsibility. My conscience told me that I could no longer stand by and do nothing."

Geen dokter, wat sy of haar politieke oortuiging ook mag wees, behoort enige vorm van marteling te oorweeg nie, en ek wil dit graag beklemtoon dat eensame aanhouding 'n vorm van marteling is.

Dit is algemeen bekend dat aangehoudenes steeds mishandel word; en dit is onrusbarend dat dié dokters wat hulle behandel, steeds stil bly.

Die sage wat in 1985 begin het, is in Julie vanjaar afgehandel toe dié aangehoudenes wat individuele siviele aanklagte teen die minister van Wet en Orde gebring het, bedrae wat wissel van R200 tot R8 000 uitbetaal is.

'n Joernalis het ten tyde van die hofuitsprake aan my gevra of ek dink dat geregtigheid geseëvier het. My antwoord was, en is steeds: geld sal nooit kan vergoed vir vernedering, onwaardigheid, verlies aan selfrespek en pyn nie; solank aanhouding sonder verhoor bestaan, kan geregtigheid nie geskied nie; solank die noodtoestand voortduur, kan geregtigheid nie geskied nie; solank apartheid voortbestaan, kan geregtigheid nie geskied nie.

Die toekenning bevestig dat dié stryd om geregtigheid nog nie vergete of verby is nie. Dit is my voorreg om deel van daardie stryd te wees, en 'n eer om dié toekenning te ontvang uit erkenning vir daardie deelname. Die stryd duur voort.

*Vrye* **Weekblad**

## Vrye Weekblad en sy hofsake

Hier by Vrye Weekblad ervaar ons nog nie eintlik die "nuwe Suid-Afrika" nie.

Die koerant is tans gewikkel in 'n hele reeks hofsake, krimineel en siviel. Dit is geweldig tydrowend en die regskoste is astronomies. En tronkstraf vir die redakteur lyk nou na 'n groot waarskynlikheid.

Boonop het dit die maatskappy wat die koerant elke week druk, baie senuagtig gemaak. Dit lei weer op sy beurt tot groot ontwrigting.

Miskien is dit juis wat baie vyande van Vrye Weekblad graag wil hê.

Iemand wat skerp krities staan teenoor die koerant het dié week gesê die vloedgolf hofsake is te wyte aan Vrye Weekblad se "cowboy-joernalistiek" en geïmpliseer dat ons onverantwoordelik is.

Dit is jammer as daar mense is wat dié indruk het. Niks kan verder van die waarheid wees nie.

Miskien is dit 'n weerspieëling van ons gebrek aan demokratiese kultuur en 'n refleksie op ons perswese oor die jare dat 'n koerant wat vreesloos en reguit sonder aansiens des persoons skryf, as onverantwoordelik beskou word.

Ons het van ons eerste uitgawe al gesê ons gaan reguit praat en niks ontsien om die publiek volledig in te lig oor alle sake waaroor hulle ingelig behoort te word nie.

Ons het ook gesê een van ons riglyne is "verantwoordelike, effektiewe en skoon regering op alle vlakke", en 'n ander dat ons glo in 'n "oop, nie-rassige demokrasie en basiese menseregte soos vryheid van spraak en assosiasie".

Dit doen ons al twee jaar lank. Aan die begin was ons miskien selfs oor-entoesiasties hieroor. Maar dit was gedurende die donker dae van die PW Botha-era en ons het gevoel konfrontasie en 'n oopskop van die bedompige establishment was soms nodig.

Nou het ons gekry waarvoor ons gevra het: dapper stappe wat kan lei tot 'n oopmaak van die gemeenskap en die eerste treë tot onderhandeling en demokratisering.

Daarom weet elke gereelde leser van Vrye Weekblad dat die koerant sedert 2 Februarie 'n heelwat rustiger, meer volwasse aanslag het en dat ons nou ons klem verskuif het na agtergrond tot die nuus en eerder tyd en energie aan die rekonstruksie van ons land wil bestee as aan die ontstel van openbare figure.

Maar ons sal nooit ons onverbiddelike onafhanklikheid prysgee nie, en anders as reguit praat kan ons nie.

Wie ook al die land regeer, ons sal aktiviste bly vir demokrasie, vrye spraak en basiese menseregte. Ons glo alle joernaliste wat glo in die fundamentele waardestelsel van ons beroep behoort so te voel.

Daarom glo ons ons het die reg om staatsamptenare te kritiseer - en skerp te kritiseer - as hulle na ons oordeel verkeerd optree. Sonder dié reg kan daar geen demokrasie wees nie. Dié mense is immers werknemers van die publiek wat met ons belastinggeld betaal word en namens ons handel.

Die praktyk wat nou ontstaan het dat staatsamptenare wat gekritiseer word, na die Staatsprokureur kan gaan en dan word duur lastergedinge - meestal met geen hoop op sukses nie - met die belastingbetaler se geld teen koerante aangegaan, is 'n onding.

Intussen kos dit 'n koerant wat aan sy joernaliste behoort en wat op 'n miniskule begroting (en 'n groot skoot idealisme) opereer, bloedgeld.

Maar miskien het dié elemente in die burokrasie vir wie Vrye Weekblad 'n doring in die vlees is, vergeet dat almal in Suid-Afrika nie sulke slap rûe het soos wat hulle ná dekades van Afrikaner-arrogansie en NP-hegemonie ontwikkel het nie.

Ons glo in ons saak. Ons glo ons doen ons werk behoorlik, al het ons nie al die wysheid in pag nie en al maak ons soms foute.


Ons sal nie ophou nie. Ons gaan nie swig voor druk nie - nie nou nie, en ook nie wanneer daar eendag 'n regering aan bewind gaan wees waarvan die meerderheid gesigte swart is nie.

Dieselfde redakteur wat reeds 'n opgeskorte tronkvonnis het wat oor sy kop hang omdat hy 'n ANC-leier aangehaal het en wat waarskynlik op 26 Oktober tronk toe gestuur gaan word, het vanjaar die Suid-Afrikaanse Unie van Joernaliste se Pringle-toekenning vir sy bydrae tot die vryheid van die pers gekry, en is onlangs deur die nasionale Junior Chamber of Commerce as een van vier Uitstaande Jong Suid-Afrikaners vereer.

Dié toekennings sien ons as erkenning van die positiewe rol van die koerant as 'n spanpoging om te help bou aan 'n oop, vry en demokratiese Suid-Afrika.

Vir ons ondersteuners wil ons sê: Dankie. Bly by ons en bou saam met ons, ons word net beter.

En aan ons teenstanders wil ons sê: Dit gaan meer as julle vat om ons onder te kry.




**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Vrye Weekblad, Mellet en laster

**Die Staatsprokureur, KWL Roeleveld, van Johannesburg skryf:**

Hierdie skrywe word aan u gerig in opdrag van brig Leon Mellet, perssekretaris van die Departement van Wet en Orde, na aanleiding van lasterlike bewerings wat ten opsigte van hom gemaak is in die uitgawes van Vrye Weekblad van 29 Junie 1990 en 13 Julie 1990.

Vrye Weekblad is ingevolge artikel 4(1) van Wet 63 van 1971 by die Departement van Binnelandse Sake as 'n nuusblad geregistreer en u was ten tye van die publikasie van die bovermelde uitgawes die eienaar en uitgewer daarvan.

Vrye Weekblad word wyd in die Republiek van Suid-Afrika versprei en word wyd deur lede van die publiek gelees.

In die artikels word, onder andere, beweer dat brig Mellet hom skuldig maak aan die verspreiding van valse inligting en daardeur die media mislei. In die artikel van 29 Junie 1990 word verskeie stellinge gemaak wat na bewering leuens is en dan word die sogenaamde waarheid daaronder gemeld. Die opskrif van die artikel is "Mellet mislei die media" en impliseer dat brig Mellet leuens aan die media verskaf het met betrekking tot 'n insident wat sogenaamde "ver-regse elemente" sou raak.

In die artikel van 13 Julie 1990 word die bewering dat brig Mellet die media mislei herhaal en word onder andere geïmpliseer dat brig Mellet ongeskik is om die posisie van perssekretaris te beklee.

My instruksies is dat die bewerings in die artikels onwaar, onregmatig en lasterlik is aangesien dit die indruk by die lesers van Vrye Weekblad skep, wat dit as sodanig verstaan, dat brig Mellet ongeskik en onbevoeg is vir die verrigting van sy ampspligte deurdat hy die media sou mislei het.

As gevolg van die lasterlike bewerings is die goeie naam en aansien van brig Mellet aangetas en het hy skade gely in die bedrag van R200 000. U word gesamentlik met die drukker en redakteur van Vrye Weekblad vir betaling van bogenoemde bedrag aanspreeklik gehou, betaling deur een sal die ander vrystel.

Tensy die bedrag van R200 000 binne 21 dae vanaf datum hiervan by hierdie kantoor inbetaal word, sal ek geen ander keuse hê as om 'n dagvaardiging teen u uit te reik nie.

## Breyten-skildery ontstel

**DCA Venter van Northmead, Benoni skryf:**

Hoewel ek dikwels wou, kon ek nooit een van u koerante koop nie omdat ek net nie een kon raakloop nie.

'n Paar weke gelede het ek toevallig een van die uitgawes gekoop en met groot afwagting. My uitgangspunt en lewenshouding berus op die Bybel en ek is 'n Christen. Soos wat die Bybel en Heilige Gees my lei, so pas ek my norme toe.

Ek is ontvanklik vir enige standpunt, maar sou dit met die Bybel bots, dan moet ek daarvan afstap of dit vermy. Die onverbonde gesprek van u blad sou ek kon geniet het. Ongelukkig moet ek u blad vermy op grond van die ingeslote illustrasie wat daarin verskyn het. (Breyten Breytenbach se skildery op die voorblad van die Winter/Lente-uitgawe van Vrye Weekblad Boeke/Books).

Wat u daarmee doen, is om die wil van God teen te gaan en u, tesame met diegene wat daarvoor verantwoordelik is, sal eendag aan Hom moet verantwoording doen tensy u Jesus Christus aanneem as Verlosser en dan onskuldig verklaar word.

*(Brief verkort - Redakteur)*

## Candid camera

**Piet Bateleur van Stellenbosch skryf:**

*Noodlottige teater van geweld:*
'n man buk in 'n blakende bos vuur
word openlik deurboor deur skerp detail
in 'n Sondagkoerant, dis feitlik hipnoties
fantasties fassinerend
berigte en foto's raak intiemer
candid camera
grusaam alledaags
iets vir die banale uur
'n bietjie lokale kleur
in die afgryse
'n kans om met kamera en woord
die kalklig van die dag te steel by die hoof-
spelers
Jy kan ook 'n deelnemende voyeur
wees!
lewe is steeds goedkoop en die neem
daarvan
makliker om mee te leef

## Gay-aktivis ontstel

**Gerhard Kemp van Uniondale skryf:**

Ek vind dit heeltemal onaanvaarbaar dat 'n koerant met 'n oorwegend Christelike leserspubliek in 'n oorwegend Christelike land 'n gay-aktivis se standpunte publiseer (Vrye Weekblad, 14 Augustus 1990).

Die Bybel verwerp homoseksualiteit onder andere in Levitikus 20:13 en ook in Romeine 1:27. In beide verse verseker God dié mense wat hulle skuldig maak aan homoseksuele bedrywe dat hulle gestraf sal word vir hulle dade.

*(Brief verkort - Redakteur)*

## Wie betaal?

**David Kessler van Bellville skryf:**

Ek lees in Vrye Weekblad (Briewe, 21 September 1990) die onbeskofte skrywe van B Loggenberg van Alberton. Dit is die grootste snert ter wêreld!

Na aanleiding van sy laaste paragraaf - "'n Laaste ding, waar kry Vrye Weekblad sy geld? Deur verkope? Of deur een of ander organisasie?" - die volgende: Vrye Weekblad kry sy geld van beskaafde mense soos ek en talle ander Christene wat geregtigheid en menslikheid waardeer. Ek is 'n Suid-Afrikaner van die Joodse geloof. Jesus en sy dissipels was ook Jode. En Loggie, as ek mag vra, waar het die Citizen, daardie Engelse Nat-koerantjie, sy geld vandaan gekry? Lees "Die Inligtingskandaal" deur Eschel Rhoodie. Dit was ons belastingbetalers se swaarverdiende geld.

*(Brief verkort - Redakteur)*

# How Louw can you gouw, Gene?

BROLLOKS hou van wat minister Kobie Coetsee dié week vir die Instituut vir Publieke Administrasie gesê het. Hy sê 'n "best man government", waar die mees geskikte mense eerder as party-politieke leiers in die kabinet opgeneem word, sal die beste wees vir die nuwe Suid-Afrika.

Piet Clase sou byvoorbeeld in sy element gewees het as onder-hoof van die laerskool op Koppies; en Adriaan Vlok sou Allan Hendrickse se private sekretaris kon gewees het.

* Die enigste "best man" wat Magnus Malan nog was, was toe hy in sy jongdae as strooijonker vir sy kleinneef opgetree het.



BROLLOKS EN BITTERGAL

## En nog een

'n Ander man wat beslis nie op meriete sou gekom het waar hy nou is nie, is Gene Louw, minister van Binnelandse Sake.

In dieselfde week wat FW de Klerk verstandige woorde jeens die pers in 'n boodskap aan die Nuusblad-Persunie gerig het, land 'n onderhoud met Louw oor dieselfde onderwerp op Brolloks se tafel.

De Klerk het gesê: "Daar moet altyd 'n graad van kreatiewe spanning wees. As u te gelukkig is, is dit moontlik dat ons nie ons werk behoorlik doen nie, en as ons te ingenome met u is, dan is dit heel moontlik dat u nie u werk behoorlik doen nie." (As Brolloks nie so sinies was nie, sou hy laasgenoemde stelling as 'n subtiele stekie na die Afrikaanse dagblaaie gesien het...)

In teenstelling daarmee sit die Bull-met-die-ingeboude-chinashop-Louw sy voet tot by sy knie in sy mond met kru, dom uitlatings oor die media in 'n onderhoud met die Buro van Inligting se publikasie RSA Beleidsoorsig.

"'n Onderskeid (kan) getref word tussen die konvensionele, kommersiële pers en die onkonvensionele, opruiende média wat hul fondse uit verskeie bedenklike plaaslike en buitelandse bronne, of selfs by wyse van bedelbriewe, verkry of verkry het," seg hy.

Nou weet ons dat Louw die onderskeid maak tussen die koerante van die groot monopolieë soos Nasionale Pers en Times Media aan die een en onafhanklike koerante soos Vrye Weekblad en die Weekly Mail aan die ander kant.

En watter bronne is bedenklik? Is plaaslike groot maatskappye byvoorbeeld bedenklik? Of die Internasionale Federasie van Joernaliste? Of kerkgroepe? Daar is Afrikaanse koerante wat befonds word deur die inkomste uit die druk van telefoongidse vir die staat. Is dit nie ewe bedenklik nie?

Op 'n ander vraag, oor die R40 000 deposito wat die staat kan hef voor die registrasie van 'n koerant, sê Louw: "Dié vereiste kan dus slegs as beperkend beskou word op daardie nuusblaaie wat die veiligheid van die publiek of die reg en orde bedreig."

En Vrye Weekblad het R30 000 betaal. En van wanneer af het Vrye Weekblad "die veiligheid van die publiek of die reg en orde bedreig"? Inteendeel, Vrye Weekblad het die laaste twee jaar 'n uitstekende rekord van waghond speel oor "die veiligheid van die publiek" en die bedreiging van "reg en orde".

Maar hier kom die uitspraak wat die eerste prys wen vir die Stommiteit van die Jaar: "Die bydrae van die pers wat betref die ontwikkeling van 'n nuwe, hervormde Suid-Afrika, kan onder meer die volgende wees: Om te help om vertroue in 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika onder die publiek te vestig; die daadwerklike joernalistieke teenwerking van die alternatiewe media - wat steeds aktief en skaamteloos geweld en sanksies verkondig as die korrekte metodes om 'n nuwe bedeling in die land tot stand te bring..."

In watter gekkeparadys leef dié minister? Brolloks sal graag wil hoor of die Afrikaanse en Engelse establishment-redakteurs met die minister saamstem oor wat hul rol is.

* As Brolloks 'n staatsamptenaar was, het hy Louw vir laster gedagvaar. (Staatsamptenare drawwe mos deesdae net na die staatsprokureur toe as iemand sê hulle doen nie hul werk goed genoeg nie, en dan word daar met reusagtige bedrae belastingbetalersgeld hofsake aangegaan.)

## Vat hom Dawie

Bittergal woon in Johannesburg, en kry net so nou en dan 'n uitgawe van Die Burger onder oë. En elke keer dat Brolloks een sien, verstom dit hom dat 'n ou, gevestigde en eens gerespekteerde koerant so onaangeraak kan wees met wat om hom in Suid-Afrika aangaan.

Daar was twee brokkies in die laaste week wat dié punt onderstreep.

Die een is in die politieke rubriek deur Dawie. Met verwysing na DP-elemente wat na die ANC oorhel, skryf hy: "Samewerking met sulke elemente sou vir die NP net so 'n verloorspel wees as die idee wat in sommige kringe gehoor word, dat iemand soos dr Van Zyl Slabbert een van die 'wyse manne' in die onderhandelingsproses moet wees.

"Min dinge sal vertroue in onderhandeling so 'n groot knou gee as om enige betekenisvolle rol toe te ken aan 'n mislukte politikus wat die Parlement in die rug gesteek het, en wat nie eens deur mev Helen Suzman raakgesien word nie."


Hoe is dit dan dat jou leier, FW de Klerk, so heeltemal anders oor dié mislukte politikus voel as jy, Dawie?

Die tweede brokkie is kommentaar wat op 'n brief van die DP-LP vir Simonstad, Jannie Momberg, gelewer word. Hy het dit dié week juis oor Dawie wat DP-ondersteuners in "realistiese vaderlanders" en "die radikale faksie, bestaande veral uit ANC-gesindes" verdeel. Momberg skryf dat dié soort aanmatigenheid iets is wat hy nie "met die segsmanne van pres FW de Klerk se NP vereenselwig nie. Dit hoort tot 'n tydvak in die wit politiek van minstens 30 jaar gelede".

Só antwoord die redakteur van Die Burger daarop: "Skelbriewe van hierdie aard beland gewoonlik in die snippermandjie. Ons het tog besluit om die DP-LP se brief te publiseer omdat dit toon hoe die kop werk van 'n verbitterde en gefrustreerde oud-Nasionalis wat in die NP nie vordering kon maak nie, en hom nou in 'n party bevind wat vir sy lewe veg.

"Sommige snedighede is geskrap omdat ons lesers nie erger wil ontstig nie."

* En Die Burger noem Momberg se brief 'n "skelbrief"!




**Dié prettigheidjie verskyn laasweek op die Tukkie-kampus op 'n pamflet van die Afrikaanse Studentefront wat beswaar maak teen die ANC se Thabo Mbeki wat daar kom praat het.**

## Groetnis vir eers

Brolloks gaan dié naweek Londen toe om die eerste deel van genl Lothar Neethling se lastersaak teen Vrye Weekblad by te woon. Bittergal gaan saam om die tasse te dra. Daar sal dus vir twee weke geen Brolloks en Bittergal wees nie. Gegroet tot dan!

# Defections before elections, en sommer power to the people ook

IS dit nie wonderlik nie, vrinde, dat daar nooit weer 'n all-white election sal wees nie, behalwe soms? Dis die vreemdste gedoente: Oswald hardloop draaie deur die tuin soos 'n Duitser in 'n worswinkel en sing "Frühlings heiteres Gesicht schenkt der Welt sich wieder" uit volle bors. Dis erger as die vredesliedere van 'n Inkatha-impi, een van daardie soort waarvan sy Hoogdrawendheid Aartsadmiraal B niks weet nie.

Iedergeval, geliefdes, dit lyk vir Egbertus asof stomme siele soos Oswald nou soveel hoendertjies begin tel voordat hulle gehatch het, dat 'n mens nie meer kan tred hou nie.

Soveel meer prysenswaardig dus as jy die hereniging van Deutschland en die afskaffing van rassistiese verkiesings met een swoop in die grond kan sing. Probleem is net die tussenverkiesings wat so neuk: sekerlik moet sulke ondinge tog begrawe word saam met die groter beginsel dat ons verkiesings nou gaan oop wees? Staak alle tussenverkiesings! seg Moeder op twee punte van orde: Inkatha ken nie vredesliedere nie; en tweedens, nou weet ons waarom die DP, foeitog, election deals wou smee: die arme party gaan soveel defections tegemoet dat hulle weldra al hul verteenwoordiging kwyt sal wees. Defections before elections, en sommer power to the people ook.

## Nimble dansies

Admiraal Buthelezi is 'n survivalist as daar ooit een was, en die danspassies raak nou so nimble soos Magnum PI op sy vloeiende beste. By laaste telling het die Admiraalfiskaal 57 keer probeer om met Com Mandela te praat. En dit kla bitterlik dat Com nie wil nie. Toe word sy bluff gecall deur die ANC, en daar sit die admiraal hoog en droog, soos onse eie Zuid-Afrikaanse Vloot wat sy hoofkwartier in Pretoria het, I ask you.

Nou wil Sy Hoogdrawendheid nie met Com Mandela praat nie omdat hy glo in sy verkeerde hoedanigheid uitgenooi is. Ag pleeze save me, nie eens Miesies Klaagvoort redeneer op daardie vlak nie. Hulle het die siel uitgenooi as leier van Inkatha, het hy sweerlik gekerm dat hy nie as staatshoof erken word nie. Can't win them all.

## Ham-acting

Intussen word die agbare siel skoon misties wanneer hy uitgevra word oor die geweld in die townships. Ons het natuurlik almal al gehoor van die Third Force, daar's heelwat aanduidings dat die ding inderdaad bestaan, en selfs Madam de Klerk se man het die moontlikheid nie verwerp nie. Maar vra Buthelezi daaroor en jy kry nie 'n reguit antwoord nie. Eerder ham-acting soos "ek is die leier van all Inkatha en ek weet niks daarvan nie, ek weet niks daarvan nie, ek weet niks daarvan nie, I mean to say do you have any proof?" Vrinde, dis 'n dubbelsinnige antwoord, vra maar vir Moeder.

## Mens nie man

Dierbares, is Madam de Klerk se man besig om out of steam te raak? Nie dat daar nie genoeg warm lug die agbare presidensiële lyf verlaat nie, soos met al die welsprekendheid in die buiteland. Dis goed en mooi so, en veral Oswald is dankbaar dat die hoge siel sy mond verby gepraat het en one man one vote aangegryp het. For small mercies eternal gratitude, natuurlik. Maar het die man hom nie verspreek nie? Seg Miesies Klaagvoort alte ja, hy moes gesê het one person one vote, veral na die debakel met die aanspreekvorm van die chairperson.

Madam Chairlady lyk vir Egbertus baie courteous maar minder kosher. Kan ons sommer wegbreek van seksdiskriminasie ook? Seg Moeder wat 'n goeie idee, hoe lyk dit met 'n redistribution?

## Bely

Maar na die gevleuelde woord van 2 Februarie het weinig nog gebeur. Kommerwekkend is die moontlikheid dat die regering nie te eerlik te werk gaan met party van die probleme wat hulle in die gesig staar nie. Seg Miesies K ons is al die jare gewoond aan oneerlikheid én incompetence, maar nou is daar net plek vir incompetence. Is die oorheerser eerlik met die kwessie van die Third Force en die redes agter Ystervuis? Of word die donker magte van die regime steeds oogluikend toegelaat om verwoesting te saai terwyl die ystervuis eintlik moet toesien dat swartmense beheer word en verhinder word om behoorlik te organiseer? Die treurigheid is dat die NP graag met 'n verdeelde en dus verswakte ANC sal wil onderhandel. You get my drift?

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

Nog 'n stukkie boereverneukery is die terugtrede uit die ooreenkoms oor die exiles. Nou wil die departement van justisie, soms ook ironies genoem justice, glo hê dat elke exile wat 'n vrywaring wil hê, eers sy betrokke sonde moet bely. 'n Algemene vrywaring is nou nie meer genoeg nie. Nou kom ons maak 'n deal: ons bely onse sondes, synde die antichris, en die regering bely hulle s'n. Begin met die vergroting van die Senaat, en moenie forced removals vergeet nie, en roep my oor 'n jaar of wat wanneer julle amper klaar is. Sies.

# Mitchell móét Lopez pak... en dan uittree

"DIS Tony Lopez of niks," het Brian Mitchell vroeër vandeesweek vol bravade aangekondig, en 'n mens vir 'n oomblik laat wonder of die tweede opsie - niks - nie dalk nou 'n wyse keuse sou wees nie.

Hy het verlede Saterdagaand hopeloos te veel straf verduur op pad na sy elfde oorwinning as junior liggewig-kampioen van die Wêreld-Boksvereniging (WBA). En die man wat hom byna ná willekeur raakgeslaan het, Frankie Mitchell, is glad nie in dieselfde klas as Lopez nie.

As boksers net in die kryt geklim het as hulle seker was van 'n oorwinning, sou 'n mens kon sê dat Brian nou vinnig aan uittrede moet begin dink.

Dit werk egter nie so nie. Jack Dempsey het gesê boksers klim hoofsaaklik om één rede deur die toue: geld. Vir Brian is 'n geveg teen Lopez die boerpot waarvan hy jare lank al droom; die kans om met 'n enkele geveg genoeg te verdien om vir altyd van geldprobleme te vergeet.

Dalk verloor hy. Wat maak dit saak? Vroeër in sy loopbaan was dit belangrik dat hy aanhou wen. Nou dat hy in elk geval nie meer baie tyd in die kryt oor het nie, kan hy mos maar waag.

Boks is mos maar altyd 'n alles-of-niks-affêre. As hy wen kan hy in glorie as onbetwiste wêreldkampioen uittree.

'n Mens kry egter die gevoel dat Brian nie die soort bokser is wat dit sal kan doen nie; dat hy, soos so baie ander voor hom, te lank gaan aanhou en uiteindelik onnodige straf gaan verduur.

Brian dreig nou al die afgelope twee jaar dat hy die kryt gaan los en heeltyds sakeman word, en daar was sterk sprake dat hy volgende maand op sy verjaardag sy uittrede sou aankondig.

Nou het hy weer ander planne en die kanse is goed dat dié patroon hom nog 'n hele paar keer gaan herhaal.

Waarom hou boksers aan selfs wanneer dit duidelik word dat hul beste jare verby is?

Dit is nie werklik so moeilik om te verstaan nie. Dink maar net aan Brian se situasie. Hy moet die roem en rykdom van kampioen wees verruil vir 'n alledaagse bestaan.

Hoewel hy altyd benadruk dat hy eintlik maar net 'n boytjie van Jeppe is en van die eenvoudige dinge in die lewe hou, is dit duidelik dat hy die heldeverering geniet.

Wanneer hy die dag uittree, is dit vir goed verby.

Niemand word so gou vergeet soos 'n sportheld nie. Terwyl Gerrie Coetzee swaargewig-wêreldkampioen was, was hy baie gewilder as wat Mitchell nou is. Deesdae onthou 'n mens hom net wanneer jy in die koerant van sy jongste geveg teen die Boksburgse stadsraad lees.

In wêreldboks is die kollig nou op Thomas Hearns, wat met elke geveg stadiger word en lankal nie meer die uitklopkoning van ouds is nie.

Die "Detroit Hit Man" is nie meer dié naam waardig nie.

In 'n artikel onder die opskrif "Healthy, wealthy but not wise" skryf die Amerikaanse bokstydskryf *Ring* dat Hearns enigiemand wat 'n mens selfs net effens aan 'n jong Tommy Hearns herinner, soos die pes moet vermy.

Net so sou die Brian Mitchell wat Alfredo Layne vier jaar gelede as kampioen onttroon het, korte mette gemaak het met die Brian Mitchell wat verlede Saterdag in Italië so amper-amper slae gekry het.

**Laaste sê**



**TINUS HORN**



Brian Mitchell... wanneer hy Tony Lopez vroeg volgende jaar pak, sal sy hand dalk nie as oorwinnaar gelig word nie

## Hou nóú ons jong rugbyspelers dop

Noord-Transvaal het twee weke gelede teen Natal gewys Suid-Afrikaners weet nog hoe om rugby te speel.

Maar nuwe jong helde is maar skaars. Henry Honiball (wat nou wil gaan boer), Andrew Paterson, Joel Stransky, Pieter Hendriks en 'n paar ander lyk baie belowend, maar daar is niemand wat die verbeelding aangryp soos wat Naas Botha, Carel du Plessis en Danie Derber dit in die vroeë jare tagtig gedoen het nie.

Maar hou hulle dop. As daar oor 'n jaar of wat weer Springbokkleure op die spel is, sal Honiball van sy pa se plaas vergeet (en James Small van sy dyspierbeserings).

Los maar vir Roemenië. Bring vir ons die All Blacks.

# Waar Sakkie en Sugarboy saam is, spat die vonke

**Phineus Tshukudu**

DIE drie vorige gevegte tussen Thulani "Sugarboy" Malinga en Sakkie Horn het drie dinge gemeen gehad: hope aksie, omstredenheid en bloed.

Wanneer hulle mekaar volgende Donderdag (11 Oktober) in die Nasrec-Arena pak, sal al dié bestanddele stellig weer verseker dat die skare meer as net waarde vir hul geld kry.

Horn se SA ligswaargewig-titel sal op die spel wees, hoewel Malinga deesdae in die super-middelgewigafdeling boks.

Albei boksers is op die Internasionale Boksfederasie (IBF) se ranglyste, en albei wil nou verlore aansien herwin ná nederlae in interkontinentale titelgevegte van dié beheerliggaam.

Dié aggressiewe tweetal het vier jaar gelede vir die eerste keer kragte gemeet. Boksgeesdriftiges onthou die geveg asof hy gister plaasgevind het.

Malinga, toe die SA middelgewigkampioen, het Horn elf rondes lank 'n boksles gegee. Toe, in die twaalfde en laaste ronde, loop hy hom in 'n allemintige regter van Horn vas en beland op die krytvloer.

Hy het opgestaan, is weer platgeslaan en het wéér opgestaan. Die beoordelaars het hulle nie teen die laaste ronde blindgestaar nie, en die geveg aan Malinga toegeken.

'n Jaar later het hulle mekaar weer gepak, dié keer in die Pietersburgse stadsaal.

Die beoordelaars se beslissing was een van die vrotstes wat nóg in 'n Suid-Afrikaanse kryt gesien is. Horn het 'n groot pak slae op die lyf geloop, maar is tot groot verbasing van die skare - en van Horn self - as wenner aangewys.

In hul derde geveg, in November 1987 in Springs, het Malinga 'n gerieflike voorsprong opgebou. Dit het gelyk asof hy maklik sou wen, maar in die laaste ronde is hy onverwags gediskwalifiseer vir 'n lae hou.

Sedertdien het Horn baie verbeter. Hy slaan veral baie harder as vroeër. Dit wil egter lyk asof hy hom nou nog minder aan verdediging steur as ooit tevore. Hy behoort 'n maklike teiken vir die uitgeslape Malinga te wees. Boonop sny sy oogbanke maklik.

Horn het Malinga vandeesweek gewaarsku dat hy eens en vir altyd wil bewys hy is die beste.

"Malinga kan maar kla as hy wil. Die feit bly staan, ek het twee van ons vorige drie gevegte gewen. Dié keer moet daar geen twyfel oor die uitslag wees nie," het hy gesê.

Malinga het self in die laaste jaar of wat dramaties verbeter. Sy jongste wapen is 'n verwoestende regter opstopper waarmee hy Vincent Boulware en Nicky Walker harpuis laat ruik het.

Die vegknoper Reuben Rosodi het vandeesweek gesê dié wraakgeveg kan die bokshoogtepunt van die jaar in Suid-Afrika wees.

Ander gevegte op dié program, wat regstreeks deur M-NET uitgesaai word, is dié tussen Danny Myburgh en Coleman Molefe, en tussen Wally Myburgh en die onoorwonne Hendry Johnson.

## Die week se TV-Sport

**Die eindstryd van Santambank se Curriebeker-rugbyreeks is die groot hoogtepunt van die week se sport op die kassie. Noord-Transvaal speel môre teen Natal op Loftus Versfeld, en TV1 skakel om en by 15h20 regstreeks oor. Die wedstryd skop om 15h30 af.**

**M-NET wys die sokkerwedstryd tussen Crystal Palace en Leeds United (16h00).**

**Die week se volledige sport-programrooster is:**

**SAUK:**

**Vrydag, 5 Oktober:**
TV1, 18h00: Rugbyforum, Gillette se World Sport Special.
TV4, 17h00 en TSS 21h00: Soccer Scene.

**Saterdag, 6 Oktober:**
TV1 12h00-1756: Motorsport: byeenkoms by Killarney; rugby: Curriebeker-eindstryd tussen Noord-Transvaal en Natal op Loftus Versfeld; Perdewedrenne: OK Gold Bowl.; Gholfforum.
TSS, 12h00: Motorwedrenne van Killarney; rugby: eindstryd om Midasbeker (WP teen OVS)

**Maandag, 8 Oktober:**
TV1, 21h00 Rugby: Zandberg Jansen gee sy indrukke van die Curriebeker-eindstryd; Boks: geveg tussen Charles Oosthuizen en Donald Ngomane om SA middelgewig-titel.

**Dinsdag, 9 Oktober:**
TSS 21h00,: Muurbal: hoogtepunte van verlede week se Gillette-SA toernooi. Amerikaanse voetbal; Gholfforum.

**Woensdag, 10 Oktober**
TV1 09h45-13h00 en TSS, 13h00-18h00 : Krieket: Proteaskild-wedstryd tussen Transvaal en WP op Nuweland.

**Donderdag, 11 Oktober:**
TV1 09h45-13h00 en TSS, 13h00-18h00 : Krieket: Toetsuniedag in Durban.

**M-NET:**

**Vrydag, 5 Oktober:**
18h30: World of National Panasonic.
19h00: Rugby: Derde toets tussen Springbokke en Nieu-Seeland in Auckland, 1981.

**Saterdag, 6 Oktober:**
14h30-18h00: World of National Panasonic; motorsportnuus; Nashua se Engelse sokker: Crystal Palace teen Leeds United; Boks: vorige kragmetings tussen Sakkie Horn en Sugarboy Malinga.

**Sondag, 7 Oktober:**
17h15: Perdewedren: Arc de Triomphe van Longchamps. Rugby: Wallis teen Barbarians
23h00: ATP-tennis.

**Maandag, 8 Oktober:**
20h40: Rugby: Mud and Glory: Keith Murdoch.

**Dinsdag, 9 Oktober:**
22h00: Britse sokker-hoogtepunte.

**Donderdag, 11 Oktober:**
19h50: Boks: Sakkie Horn teen Sugarboy Malinga.

# Die Curriebeker: SA sport se grootste prys

**TINUS HORN**




DANIE Gerber is Suid-Afrika se voorste toetsdriedrukker en 'n speler wat in sy lang provinsiale loopbaan byna alles bereik het waarop hy kon hoop. Hy is egter oor één ding spyt: dat hy nooit in 'n Curriebeker-eindstryd kon speel nie.

Wat maak dié wedstryd so spesiaal? Dis eenvoudig: In die lang jare van Suid-Afrika se rugby-isolasie was dit ons voorste spelers se vernaamste aansporing; 'n plaasvervanger vir die toetsrugby wat ons moes ontbeer.

Dit is ook waarom daar nie enkele kaartjie vir dié wedstryd aan die algemene publiek beskikbaar gestel is nie: Soos vir toetse, is die vraag só groot dat alles deur Noord-Transvaalse klubs en ander unies opgeraap is.

Om te verstaan hoe belangrik die eindstryd vir ons spelers is, hoef 'n mens niks verder as die Oostelike Provinsie se vertoningslys vanjaar te kyk nie. Hy het uitstekende rugby gespeel terwyl hy nog 'n kans gestaan het om die eindstryd te haal. Toe hy eers uit die prentjie was, was hy maar weer die ou OP, vir wie wen nie juis baie belangrik was nie. Hy het van die derde na die vyfde plek op die puntelys teruggesak.

Die Curriebeker-reeks word as die sterkste rugbykompetisie van sy soort in die wêreld beskou. Net Nieu-Seeland se reeks om die Ranfurly-Skild is in dieselfde klas.

Omdat daar so baie op die spel is, het ons deur die jare gewoond geraak aan harde, bra droë eindstryde waar skoppe gewoonlik die deurslag gee. Daar is 'n goeie kans dat môre se kragmeting tussen Noord-Transvaal en Natal op Loftus Versfeld meer van 'n skouspel sal oplewer.

Die soort veilige benadering wat die meeste spanne in eindstryde verkies, sal Natal niks in die sak bring nie. Die Piesangboere moet waag - en op gróót skaal - as hulle wil wen.

Hulle het een van die opwindendste agterlyne in die land; die Natalse driekwarte het meer slaankrag as Noord-Transvaal. Of hulle die moed gaan hê om dit te gebruik, is 'n ander vraag.

Vir die Natallers is eindstryde 'n vreemde ervaring; in hul honderdjarige bestaan het dié unie net twee eindstryde gehaal: in 1956, toe hulle met 9-8 teen Noord-Transvaal verloor het, en in 1984, toe die WP hulle met 19-9 verslaan het.

Noord-Transvaal het die afgelope 10 jaar net twee eindstryde misgeloop. Naas-hulle weet dus presies hoe groot die druk môremiddag op Loftus gaan wees, terwyl Natal maar moet wag en sien.

Die oormaat selfvertroue in die Noord-Transvaal-kamp kan Naas-hulle dalk ook net aanspoor om 'n bietjie meer avontuurlustig te wees as byvoorbeeld teen die WP in verlede jaar se eindstryd, maar nie voordat hulle seker is die beker is in die sakkie nie.

Hulle gaan nie Loftus toe om die skare te vermaak nie. Hulle gaan om te wen.

Dít is die oomblik waarvoor hulle die hele jaar gewerk het.

Nadat Transvaal in 1987 die Lionbeker vir die tweede agtereenvolgende jaar gewen het, het sy kaptein, Jannie Breedt, op die onthaal gesê dié trofee beteken net so veel soos die Curriebeker. Hy het dit dalk op daardie tydstip geglo, maar toe sy span 'n paar maande later die Curriebeker-eindstryd verloor, was "die ander beker" vergete.

Die onderskeie kleedkamers vertel ná 'n eindstryd uiteenlope verhale. In die wenkamp drink hulle sjampanje uit die Curriebeker, terwyl die verloorders se lang gesigte 'n mens laat dink dat hulle nooit weer die wêreld in die oë sal kan kyk nie.

Dit sal dalk 'n goeie ding wees as Natal Noord-Transvaal se houvas op ons rugby kan verbreek. Maar 'n mens kan nie anders nie as om te vermoed dat Naas se asem môremiddag hier teen halfses se kant na sjampanje sal ruik, en dat Craig Jamieson kop omlaag sal sit en wonder wat sy span se kanse volgende jaar gaan wees.


## Die Spanne:

| Noord-Transvaal | Natal |
|---|---|
| Gerbrand Grobler | Hugh Reece-Edwards |
| Theo van Rensburg | Christy Noble |
| Jannie Claassens | Dick Muir |
| Pieter Nel | Jeremy Thomson |
| Deon Oosthuysen | Tony Watson |
| Naas Botha | Joel Stransky |
| Robert du Preez | Craig Jamieson |
| Heinrich Rodgers | Guy Kebble |
| Uli Schmidt | Tom Lawton |
| Jan Lock | Gerhard Harding |
| Pote Fourie | Wahl Bartmann |
| Adolf Malan | Rudie Visagie |
| Andre Skinner | Steve Atherton |
| Johan Lamprecht | John Plumtree |
| Rudolf Straeuli | Andrew Aitken |

# Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

*Die aksent by die Mark bly op bly én snaaks én vermaaklik ... Pieter-Dirk Uys se "A Kiss on Your Koeksister" is van Donderdagaand in die Mark-Teater te sien*



*En satiries ... 'Laughing Wild' is al in die Mark se Laager op die planke. 'n Amerikaanse tydskrif het die skrywer, Christopher Durang, een van die snaakste mans in die wêreld genoem. 'Laughing Wild' word beskryf as 'n unieke universele satire, 'n uitdagende studie van die gevare van die moderne lewe in stedelike Amerika. Durang staan bekend as die Enfant Terrible van Amerikaanse teater. Hy het stukke geskryf soos 'Titanic', 'The Idiots Karamazov', 'Sister Mary Ignatius Explains it All for You', 'Baby with the Bathwater' en 'The Actor's Nightmare'. Hy het ook 'Beyond Therapy' geskryf wat hier as 'n prent deur Robert Altman gesien is. Die stuk se regie is deur Fiona Ramsay en die spelers is Robert Whitehead, wat pas 'n AA Vita-prys vir Beste Regisseur gewen het, en Vanessa Cooke met oranje hare. Dit is genoeg rede om die stuk te sien.*

*Truk doen ook mee om die lighartigheid te behou met Jeanne Goosen se 'Kombuis-Blues', 'n profetiese komedie oor Maria Callas en die revolusie met apokaliptiese ondertone. Sien dit tot 20 Oktober in die Momentum, Staatsteater in Pretoria en van 6 November by die Windybrow in Hillbrow*



*As inleiding tot die terugkeer van die exiles herleef die Fifties: met 'Baby Come Duze', 'n musiekblyspel - met die aksent op bly - in die Mark se Warehouse, Barney Simon se "Starbrites" in die Mark se Upstairs en dié naweek, 'n paar vertonings van 'Have You seen Drum Recently?' by die Mini Cine in Hillbrow. Bo is 'n foto uit Jim Bailey se foto-argiewe van die Drum-tydperk: links is Can Themba - dié legendariese joernalis word in 'Baby Come Duze' gespeel deur Patrick Shai - langs hom is Dottie Tiyo en Drum-skrywer Arthur Maimane - hy werk nou vir die Weekly Mail - en die skoonheidskoningin Selina Kolae. 'Baby Come Duze' speel in 'n sjebeen in die hemel af.*

## Armatrading and a birthday bash

JOAN ARMATRADING is the star attraction at tomorrow's King's Trust Concert at the Somhlolo Stadium in Swaziland.

This will be Armatrading's second appearance in the kingdom. She featured at the first King's Trust Concert last year.

This year she is scheduled to give a full concert - last year, she sang only a few songs, disappointing hundreds of her fans.

She will be joined by Cape Town-born Jonathan Butler, who will give his first concert in ten years in Southern Africa. Sharing the bill is British reggae band Aswad. The concert is designed as a fund-raising drive for unemployed youth in Swaziland.

Tickets cost R30.

* The Bigger Birthday concert takes place a week later on Saturday 13 October. It will be hosted by Radio 5, Radio Metro, Top 40 magazine and Jive magazine.

The concert kicks off at 10am. The line-up includes a Who's Who' of local talent: Mango Groove, Lucky Dube, Yvonne Chaka Chaka, Mahlathini & The Mahotella Queens, Mzwakhe Mbuli, Sipho Hotstix Mabuse, MarcAlex, Chicco, Brenda Fassie, Sankomota Rebecca Malope and many more.

Comperes for the day include Alex Jay, Barney Simon of Radio 702, and Radio Metro's Lawrence Dube and Treasure Tshabalala.

Johan Griesel, who was responsible for mixing the 1989 Franchement Zoulou tour and Mango Groove's recent American tour, is the chief sound engineer.

- *PHINEUS TSHUKUDU*

# Barney praat

*Barney Simon is Johannesburg se Mark-Teater se artistieke direkteur en groot kokkedoor by die Laboratory-projek. ANDRÉ VAN NIEKERK gesels met Simon oor dinge wat hom na aan die hart lê - soos sy opvoering van 'Starbrites' wat nou in die Mark se Upstairs te sien is - en nuwe rigtings vir die teater wat bekend staan vir progressiewe werk*





Foto: Lise Joubert

BARNEY SIMON se loopbaan in die teater het in die hospitale begin, destyds toe hy nog in 'n advertensie-agentskap moes wroeg. Maar sedert 1970 het hy hom heeltyds aan die teater gewy.

Dit was by die hospitale dat hy bewus geword het van die noodsaaklikheid van gesondheidsopleiding. "Ek het teruggegaan om saam met die verpleegsters te werk aan die verbetering van kommunikasie met die pasiënte. Kommunikasie is vir my net so belangrik soos toneel en kommunikasie is afhanklik van vertroue. Dis ook daar waar ek aan teater begin dink het as iets wat ons wêreld weerspieël. Ek het die verpleegsters aangemoedig om onder mekaar te skinder, sodat hulle mekaar as swart vrouens uit dieselfde gemeenskap as hul pasiënte kon ervaar.

"Ek het hulle toe teruggestuur na hul gemeenskappe om uit te vind wat die mense voel en waaroor hulle alledaags gesels. Daarna het ek met moeders en hul babas begin werk. Uiteindelik het verpleegsters en die moeders met hul kinders op hul rûe saam gedans en gesing het gesondheids-aangeleenthede. Die baba se lewe was miskien afhanklik van daardie gedansery en gesingery. Dit het toe Brechtiaanse toneel geword.

## Workshops

"Baie van hierdie minimalistiese (Brechtiaanse) styl word in 'Woza Albert' uitgedruk. Ek het die akteurs die strate ingestuur om 'n ander soort gesondheidsopleiding te kry. Sodoende word workshops in tye van verwarring ook 'n manier om raakpunte te skep met die gemeenskap.

"Ek is nog altyd gefassineer deur die werk wat in 'n workshop gedoen word, want elke mens het 'n biografie wat so uniek is soos hul vingerafdrukke. Ek probeer nooit dinge afdwing nie - ek wag en wag dat dinge self moet gebeur. Ek hou van die ruwe aard van workshops, en ek hou van die gevaar. Wanneer ek met 'n nuwe toneelstuk begin, begin ek met 'n leë stuk papier - ek weet glad nie wat gaan gebeur nie. Dis 'n groot risiko. Ek kies dus tussen sekere gevare; en ek probeer 'n nuwe woordeskat vir die toekoms skep.

"As ek 'n West End of Broadway toneelstuk wil opvoer kan ek enige tyd vir Mannie (Mannim) sê en ek sal dit kan doen, maar dit was nooit vir my 'n uitdaging gewees nie: ek word nie deur baie hedendaagse toneelstukke uitgelok nie.

"Dit is nie maklik om in Suid-Afrika vir 'n nie-rassige samelewing te skryf nie. Athol (Fugard) skryf vir swart mense, maar ek kan dit nie doen nie. Ek is bereid om saam met 'n swart man te skryf, net soos ek saam met wit akteurs skryf, en workshops is 'n manier om rolle vir swartmense in toneelstukke te skep. Sover ek kon het ek nooit toegelaat dat 'n akteur 'n enkele geluid uiter wat hy nie kon aanvaar as eie aan homself nie.

"Barry Ronge het my die 'Godfather van workshop-teater' genoem." Simon hou nie daarvan dat sekere teater so genoem word nie, want sulke brandmerking ontneem dit sy lewenskragtigheid - "maar daar is redes waarom ek dit doen, soos ek reeds genoem het; ek doen dit nie omdat ek hardkoppig is nie. Daar is geen verskil tussen wat ek met die twee 'soorte' teater probeer bereik nie. En in elk geval word ek baie beter betaal as ek iets in die groot teater doen, en kry ek heel moontlik meer toejuiging daarvoor. As meer groot Suid-Afrikaanse toneelstukke geskryf sou word, sou hierdie soort werk moontlik onnodig word; miskien sou daar nie plek wees daarvoor nie.

"Ek het nie tyd om te skryf nie. Ek voel al hoe meer die drang om myself af te sonder om te skryf, maar dit is onmoontlik in die Markteater konteks. Maar intussen geniet ek die avontuur.

## 'Fuck off, I'm working for Barney'

"Die Britse skrywer Elizabeth Bowen het gesê 'dialoog is wat mense aan mekaar doen'. Mense kan deur 'n teks geboei word, maar die sleutel is om die lewenskrag te vind: woorde moet die lewe dien, nie andersom nie. As 'n regisseur die lewe goed versorg, sal hy die woorde nooit kwaad kan aandoen nie. Hy moet met die lewe begin. Ek probeer om die taal van die strate te vind, die taal van konfrontasie, om iets van die ware lewens van mense weer te gee. 'n Lieflike storie hieroor word van Marius Weyers vertel. Toe ons 'Outers' geworkshop het, het hy saam met die boemelaars van Joubert Park rondgehang: hy was vuil, met stoppelbaard, pikswart vingernaels, 'n horingraambril met elastoplast aanmekaar gehou, en sy arm in 'n vuil verband. Eendag terwyl hy in 'n vullis-drom krap, herken iemand hom en kom vra wat op aarde hy nou aanvang. Marius het glo geantwoord 'Fuck off, I'm working for Barney.' Ek weet nie of dit waar is of nie.

"Sulke workshops is 'n groot avontuur, g'n twyfel nie, en die meeste akteurs wat saam met my gewerk het, sou saamstem. Dis altyd iets waarop jy trots kan wees, en jy kry darem ook royalties. Dis lekker.

## Kritici

"Ek het op skool 'n Engelsonderwyser gehad wat al my opstelle uit 50% gemerk het omdat ek, volgens hom, van die punt af geskryf het. Maar ek het altyd 45% uit 50% gekry. Eendag moes ons 9 dinge uit 'n lys van 20 kies, en hulle dan inkorporeer in 'n opstel oor 'n droom. Ek was reeds besig om skrywers soos Kafka te lees, en het oor 'n man se soeke na God geskryf. Die opstel was omtrent ses bladsye lank, wat baie langer was as die gewone. Die onderwyser het dit sonder 'n punt aan my teruggegee met die opmerking 'a strange, bold essay, but too long.'

"Ek het hom gevra om 'n punt toe te ken, maar hy het nie geweet hoe om dit te doen nie, en het dit na die skoolhoof toe gestuur vir sy opinie. Díe het die opstel ook aan my teruggestuur sonder enige punt. Maar daarna is al my opstelle uit 100 gemerk, en het ek 85 of 90% begin kry. Ek dink dit is dikwels hoe die kritici optree. Hulle verstaan nie waarmee ek besig is nie.

"Die kritici wil so dikwels praat oor my bedoelings. Barry Ronge is altyd so krities oor die feit dat ek so 'polities' is, maar dan sê hy van 'Starbrites' dat dit 'maar net' 'n komedie is - dit juis wanneer ons van die begin af bedoel het om 'n komedie te skep. En tog is dit 'n komedie waarvan Joe Slovo gesê het dat dit 'n storie van regenerasie is.

"Daar was een resensie wat negatief was oor 'Starbrites', deur Nushin Elahi van The Citizen. Sy het gesê die stel is 'klaarblyklik' deur die poppemeesters ontwerp, en dat hulle dus geen plek vir die akteurs gelaat het nie. Maar die stel is in samewerking met my ontwerp - ons moes natuurlik in ag neem dat dit 'n klein teater is, wat 'n probleem is. Sy het die lirieke gekritiseer as oorvereenvoudig, maar dis mos die lirieke van 'n jong plaasseun. Ek kan maklik ingewikkelde lirieke skryf. Dis mos een van die dinge wat ek goed doen: ek het lirieke vir Jennifer Ferguson geskryf, en in 'Eden and Other Places' was daar lang verhalende liedjies. As ek sulke eenvoudige lirieke gebruik het, was dit 'n besluit om dit so te doen. Dit is mos die lirieke wat Zenzele sou skryf. Net so met die dialoog: as Bongani met Betty praat - sy het hom verlaat - sal daai man natuurlik iets sê soos 'You broke my heart'. Ek is mos 'n skrywer, en daardie is woorde van die lewe, Soweto-stories vir gewone mense. Ek ding nie met Noel Coward of Arthur Miller mee nie: hulle moenie die goed kritiseer soos hulle 'n swak Noel Coward sou kritiseer nie, maar eerder uitwys hoe min voorbereidingstyd daar was om die stuk te ontwikkel, en sê dat meer tyd nodig is om dit te doen.

"Hulle praat oor hierdie dinge, maar dis alles skinderstories buite enige realiteit, dis 'n klomp speletjies. Hulle moet skryf oor wat 'n stuk vir hulle sê of nie sê nie. Hulle moenie bespiegel oor wat ek bedoel het sonder dat hulle met my gesels het nie.

"Soms probeer kritici maar net slim wees. Frank Rich van die New York Times het 'My Children, My Africa' doodgemaak. 'Born in the RSA' het hy die hemele in geprys, maar van 'Woza Albert' het hy nie juis gehou nie. Dan weer het hy baie van 'Asinamali' gehou. Die Here alleen weet hoe hy hierdie dinge uitwerk.

"Ek wens kritici wil meer in die teater belang stel - in wat 'n mens doen, wat 'n mens se bedoelings is, en die verskil insien tussen 'n stuk wat geworkshop is en 'n toneelstuk wat ingevoer is. Ek wens hulle wou soms verstaan hoeveel kak ons deurmaak terwyl ons 'n stuk skep.

"Van hulle kant is daar 'attitude' eerder as 'n eerlike ondersoek. Hoekom sê hulle nie soms 'gee die mense meer geld dat hulle die stuk behoorlik kan klaarmaak voordat hulle dit op die verhoog sit, dat hulle nie moet wag totdat hulle in Edinburgh is voordat die stuk 'n klimaks bereik nie?

## Laboratory

"Oor die nuwe Laboratory is ek baie opgewonde. Uiteindelik het ons 'n plek, deur die Rockefeller Foundation befonds, wat 'n soort teater-gimnasium is, waar akteurs, regisseurs, dansers en skrywers voortdurende opleiding en oefening kan kry, en daardeur 'fiks' kan bly. Ek het onlangs 'Born in the RSA' in Amerika met Amerikaanse akteurs opgevoer, en hulle was so volkome professioneel gewees. Mense daar oefen gedurig, maar hier in Suid-Afrika stel hulle nie belang nie, wat tragies is. Toe ek jonk was, het ek gedurig aan toneel gewerk want ek was hartstogtelik daaroor en ek is verbaas baie meer jong mense doen dit nie nou nie. Dis baie jammer. Jy weet, ek het nooit dramaskool toe gegaan nie, alles wat ek geleer het, het ek geleer deur daaraan te werk.

"As jy 'n jong regisseur was het jy by gister se werksessie by die Laboratory iets geleer. Jy sou ook ander mense se werk gesien het en sê 'man, ek het hierdie stuk wat ek wil probeer, laat ons bymekaar kom en dit doen.' Dis hoe dit gebeur - jy werk, en daardeur word jy sigbaar.

"Jy ontwikkel spiere, jy ontwikkel siel deur te werk. Scott Fitzgerald het geskryf: 'Work is the only dignity'."

Die werksessie waarna Barney verwys, het ek die vorige dag saam met hom bygewoon. 'n Jong regisseur en twee jong akteurs het aan 'n uittreksel van Strindberg se "Miss Julie" gewerk.

"Ek het probeer om die lewe agter die woorde te dien, eerder as net die woorde. Ek wou hê dat hulle die dialoog 'aan mekaar moes doen.' Sodat hulle kon verstaan wat mense dwing om dinge te sê. Ek wou hulle nie lei nie: ek wou hê die regisseur moes verstaan hoe om daarna verder te gaan. Ek wou aan hulle uitwys watter moontlikhede bestaan as 'n mens net oor die lewe dink. Mense kyk dikwels nie na die woordeskat van karakters nie. Hulle kyk net na die woorde, en dis 'n fout. Dis hoekom regisseurs dikwels nie goeie regissseurs van hul eie werk is nie.

"Nog 'n faset van die Laboratory is die werk wat ons as deel van ons skool-program doen. Ons bied klasse en opvoerings in die townships en binne-stedelike skole. Jy sou moes saamkom om dit te verstaan. Dit gaan dieper as enige kritikus se begrip om in 'n oorlogssone te verdwaal en by 'n half uitgebrande skool uit te kom waar 'Romeo en Juliet' in 'n klein kamer met jong swart akteurs opgevoer word. Daar was g'n groot Shakespearean finesse nie. Niks soos Janet Suzman se 'Othello' nie, maar dit was in aksente wat die kinders kon verstaan. Die akteurs kon die stuk in hul eie taal met die leerlinge bespreek.

"Die kinders het regtig betrokke geraak, en 'n interressante bespreking het naderhand gevolg oor wie se skuld dit was dat die jong minnaars gesterf het. Sommiges het gemeen dit was Romeo se skuld omdat hy te haastig was, ander dat dit die monnik s'n was omdat hy 'n donkie in plaas van 'n perd gebruik het, maar op die ou end het almal besluit dat die twee dood is as gevolg van die haat van hul ouers teenoor mekaar. En dit het so 'n verskriklik groot betekenis onder die omstandighede gehad: in daardie oorlog in die township, wie se skuld was dit? Inkatha s'n? Of die ANC? Of die polisie s'n? Dit was verskriklik relevant.

"'Starbrites' is die Laboratory se eerste projek en tot dusver is dit 'n groot sukses. Dis die eerste keer dat ons 'n redelike tyd gehad het om 'n stuk aanmekaar te sit. Ons het agt weke aan die begin van die jaar dit aanmekaar geslaan en daarna 'n konvensionele repetisie periode gehad.

## Die Mark se toekoms

"Die ding waarteen ek al jare lank stry, soos Koning Canute teen die see, is ooruitbreiding. Wat my pla, is dat daar nie genoeg toneelstukke in die wêreld is nie, laat staan hierdie land, om vyf ruimtes aan die gang te hou nie, om nie te praat van kompeterende ruimtes dwarsoor die stad nie. Wat ons nou beplan - en Mannie sou deel daarvan gewees het as hy aangebly het - is om die getal ruimtes te verminder, sodat ons soos tevore met drie ruimtes werk. Die ander kan ons verhuur aan maatskappye soos Michael Hunt of Nicholas Ellenbogen of die Baxter, sodat ons weet ons verhuur die plekke aan kwaliteit-opvoerings. Soms het ons in die verlede desperaat geraak en moes ons aan swakker maatskappye verhuur.

"Met Mannie se vertrek sal my rol nie veel verander nie. Ek sal die Laboratory natuurlik wil uitbou en ek sal probeer sorg dat ons 'n uitvoerende maatskappy stig. Ek hoop die Laboratory gaan baie nuwe werk stimuleer. Dis die belangrike ding .... om mense deur opgewondenheid te stimuleer tot meer werk.

"Soos die Mark groot geword het, het dit onpersoonlik geraak. Ek wil dit weer maak wat dit oorspronklik was. Ons bespreek nou hoe om die plek met groter gemak en doeltreffendheid te bestuur, want ons was die laaste paar jaar in 'n krisis gewees.

"Wanneer ons praat van die teater wat sterf, is dit omdat ons nie die regte gehoor het nie. Ons verstaan nie wat die lewe van die teater is nie."

Wat betref kritiek teen die soort opvoerings wat die Mark die laaste paar jaar aangebied het, meen Barney dat die kritiek uit 'n onkunde gebore is, miskien as gevolg van swak publisiteit, want daar word nie soveel politieke stukke op die planke gebring as wat kritici sê nie. "Die Mark het gekies om die wêreld om hom te weerspieël, en miskien ly wit gehore as hulle 'n sin van swart werklikheid begin aanvoel. Miskien voel hulle skuldig. Selfs van ons Trustees kom kla daaroor en dan gaan ek saam met hulle 'n lys van die Mark se opvoerings deur en wys vir hulle dat sogenaame protesteater 'n klein persentasie van die opvoerings uitmaak. Ons het onlangs 'The Heidi Chronicles' en 'Double Thick Dreams' opgevoer en daar was niks waaroor dié mense kon kla nie en tog het albei opvoerings swak gedoen. Miskien is dit swak publisiteit. 'Double Thick Dreams' was net dit: 'n baie soet melkskommel. Dit was vir mense van Bapsfontein bedoel.

"Baie mense werk by die Mark, en hulle verskaf 'n wye verskeidenheid werk. Janice Honeyman is nie hard-core polities nie, en Paul Slabolepszy, wat nie polities skryf nie, is gewild omdat hy die volksidioom gebruik. Verlede jaar het ons 'n stuk oor die Amerikaanse digter Emily Dickinson opgevoer. Ek kan jou die lys wys. Ons voer 'n wye verskeidenheid goed op.

"Wat my werk betref, is dit ook nie alles protesteater nie. 'Score me the Ages' het gehandel oor verhoudings tussen mense en onder meer homoseksualiteit. Eintlik het dit gehandel oor toevallige teerheid en toevallige pyn. Die akteurs was almal wit en dit het baie goed gedoen. 'Outers' het oor boemelaars gehandel en swartes was maar net 'sounds off.' Die laaste sogenaamde protesstuk wat ek gedoen het, was 'Born in the RSA' en dit was 'n groot sukses. Ek het nie 'n baie politieke kop nie. Ek was nooit universiteit toe nie en het nie 'n groot politieke opleiding gehad nie. Maar ek reageer op die tye, soos met 'Starbrites' wat deels 'n reaksie was op die uitbundigheid wat 'n mens gevoel het met Mandela se vrylating en dit het tot dusver goeie reaksies uitgelok.

"Of workshopteater goed is of nie hang af van wie dit doen, want net soos klugte goed of swak opgevoer kan word, net so met workshop teater. In 'n sin is workshops moeiliker, want jy moet reken met ydelheid en egos en allerhande ander goed. Dit is die soort goed wat gedurende die verloop reggemaak word.

"My sogenaamde protesstukke is stukke wat gepoog het om gestalte te gee aan die gebeure van die dag. Dit was my bedoeling. Die Mark se gehoor is al die mense van Suid-Afrika, swart en wit, en as ek iets opvoer wat wittes ongemaklik maak, is ek net besig om 'n swart realiteit te beskryf. Teater is gekoppel aan die pols van dié land en mense wat buitelands op my werk reageer praat van die vasgewortelde passie daarvan. Dit het rigting en dis wat hulle so opgewonde maak. En swart gehore hier wil sulke teater hê. Ons word natuurlik ook van die ander kant aangeval: swartbewussyns aanhangers wat sê dat ons te sag en wit is.

"Ons kompeteer natuurlik met video's. Maar vir my bly teater 'n heilige ding: 'n groep mense kom bymekaar in 'n gemeenskap om 'n storie te vertel en worstel met hulself, met mekaar, met hul biografieë om van hul verwaandheid ontslae te raak.

"Ek het onlangs in Parys saam met Peter Brook aan sy produksie van 'Woza Albert' - wat in Frans vertaal is - gewerk. Dit was saam met akteurs wat in sy groot werk 'Mahabarata' gespeel het. Hy het dit gekies uit agting vir die kwaliteit van die teks, omdat hy van die struktuur daarvan gehou het en nie vir die politieke inhoud daarvan nie. Marty Feldman het 'Woza Albert' drie keer in Los Angeles en twee keer in Londen gesien en toe vir my gevra om iets saam met hom te skep, want hy is deur die struktuur betower. Hierdie mense praat van die gehalte van die werk, nie van die politieke inhoud daarvan nie.

## Filmwerk

"Ruth First was 'n baie liewe vriendin van my en ek was beslis 'n teenwoordigheid in haar lewe in die periode waaroor die film 'A World Apart' handel. Ek het haar familie in Londen besoek nadat sy in 1982 vermoor is en haar dogter Shawn, die skrywer van 'A World Apart' is, is ook 'n vriendin. Ek het haar raad gegee oor die draaiboek. Toe hulle in Zimbabwe met die verfilming besig was, het ek weer gaan help met die draaiboek en bietjie met die regie van die akteurs ook gehelp. Want, al het die regisseur, Chris Menges, reeds twee Oscars gewen vir sy kamera-werk, was dit sy eerste vollengte-prent.

"Ek het ook met Euzhan Palcy op 'A Dry White Season' gewerk en ons het goeie vriende geword. Ek het in Zimbabwe, Parys en Los Angeles met die oorskryf van gedeeltes van die draaiboek gehelp.

Hoewel ek lekker saam met Euzhan gewerk het, was my ondervinding van Hollywood nie baie gelukkig nie. Die mense daar wou die storie in die Amerikaanse idioom vertel. Die prent weerspieël nie die enormiteit van die stap wat die hoofkarakter moet neem nie. Hulle het aangebied om my naam in die filmtitels te noem, maar ek het dit geweier. Iemand het gesê as jy in Hollywood wil werk, moet jy uitwerk wat hulle wil hê en dit dan vir hulle gee.

"'n Aantal jare gelede het ek 'n draaiboek geskryf getiteld 'Rozza and the Eagle' wat ek in Mozambiek vir iemand in die departement van inligting daar geskryf het. Dit het gehandel oor 'n jong swart boervrou in die jare van 1962, toe Frelimo gestig is, tot 1975, die jaar van bevryding. Ongelukkig kon ons die film nooit maak nie weens Renamo se aktiwiteite.

"Daar was egter 'n gevolg daarvan. Een van Portugal se vooraanstaande regisseurs, Jose Fransecca Costa, het op een of ander wyse die teks in die hande gekry en baie daarvan gehou. Hy het my gevra om 'n draaiboek te skryf, gebaseer op die kort roman 'Senor-Ventura' deur Miguel Torga, seker die voorste lewende skrywer van Portugees in die wêreld vandag.

"Ek het ook 'n aanhaling teëgekom wat vir my 'n belangrike leidraad gegee het: 'God het die Portugese 'n klein land as krip gegee en die res van die wêreld as hul graf.' Dit lyk of die geld nou amper reg is om met die verfilming daarvan te begin. Geld kom van Spaanse, Portugese en (Macauan) bronne en ook van Engeland se Central Television. Dit sal in Engels verfilm word, wat nogal jammer is, want ek skryf op 'n baie eenvoudige manier wat maklik vertaalbaar is in enige idioom.

"Costa, die Portugese regisseur, het al met Antonioni en Truffaut gewerk, en vergeleke met Hollywood is dit heeltemal 'n ander gevoeligheid. Hy het net subtiliteit en nog meer subtiliteit aangemoedig. Ek sou veel eerder by Europese film betrokke wees.

## Peter Brook

"Dit was wonderlik om saam met Brook te werk, baie interresant. Brook is 'n baie saggeaarde man, baie intuïtief. Hy's 'n Sufi - wel in elk geval, hy lees graag daaroor, en het vir my boeke daaroor gegee. Jean Claude Carriere, wat al langer as twintig jaar saam met Brook werk, het 'Woza Albert' in Frans vertaal en Brook het dit baie suksesvol in Parys en daarna dwarsdeur Europa opgevoer. Brook se 'Woza Albert' was meer soos 'Waiting for Godot', want daar was baie min dans en sang gewees: die Senegalese akteurs het dinge natuurlik anders as die oorspronklike Zoeloe-akteurs gedoen."

Barney vertel met openingsaand het 'n vuil man met 'n stoppelbaard, bleek met brandende oë, wild langs hom opgespring - "Hy't gelyk sooos ek verbeel Artaud gelyk het." - en geskree 'Je suis Danton' ('Ek is Danton'), 'Ma theatre' (Dit is my teater) en 'Ma spectacle' (Dit is my opvoering).

"Na die opvoering het ek met Carriere gesêls. Hy het die draaiboeke vir 'The Return of Martin Guerre' en 'The Unbearable Lightness of Being' geskryf. Hy het ook aan baie van Bunuel se draaiboeke gewerk en was die persoon aan wie Bunuel sy autobiografie, "My Last Breath" vertel het. Ek het hom vertel dat ek na die aand se gebeure soos 'n wrak gevoel het en toe lees hy vir my die volgende Sanskrit-aanhgaling uit die 3de eeu voor Christus: '1. 'n Goeie vertoning moet antwoorde verskaf aan 'n man wat vrae vra oor sy familielewe en besigheidsprobleme. 2. 'n Goeie vertoning moet antwoorde verskaf aan iemand wat vrae vra oor die onverganklikheid van sy siel en die orde van die heelal. 3. 'n Goeie vertoning moet vertroosting bied aan die dronkgat wat per ongeluk ingestap het.'

"Terloops, jy sou kon sê dis wat ek in 'Starbrites' gedoen het."

